

2 KRONIEKE

Inleiding (Sien 1 Kronieke)

1

Salomo se wysheid en rykdom

¹ Salomo, die seun van Dawid, het sy mag versterk oor sy koninkryk.* Die HERE sy God was met hom, en Hy het hom buitengewone aansien gegee.^{a*} ²* Toe het Salomo met die hele Israel gepraat, met die aanvoerders van duisend en van honderd, met die regters en met elke hoofman van die hele Israel, al die familiehoofde. ³* Salomo en die hele geloofsgemeenskap saam met hom het na die offerhoogte^b in Gibeon* gegaan, want dit is waar God se Tent van Ontmoeting was, die tent wat Moses, die dienskneg van die HERE, in die woestyn^c gemaak het.* ⁴* Die ark van God het Dawid egter al vroeër uit Kirjat-Jearim opgeneem na die plek wat Dawid daarvoor gereed gemaak het, want hy het 'n tent daarvoor opgeslaan in Jerusalem.

* **1:1 Salomo ... koninkryk:** 1 Kon 1:30; 2:12,46

^a**1:1 aansien gegee:** Die •bronteks lui “groot gemaak”.

* **1:1 Die HERE ... gegee:** 1 Kron 29:25

* **1:2** 1 Kron 27:1; 28:1

* **1:3** 1 Kon 3:4

^b**1:3 offerhoogte:** 'n Heiligdom op 'n heuwel waar daar geboue kon wees, maar soms net 'n altaar.

* **1:3 offerhoogte in Gibeon:** 1 Kron 16:39; 21:29

^c**1:3 woestyn:** Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

* **1:3 Tent ... gemaak het:** Eks 25:9; 31:7; 36:8-38

* **1:4** 1 Sam 6:21 — 7:1; 2 Sam 6:2-17; 1 Kon 15:1; 1 Kron 13:1-14; 15:25 — 16:1

⁵ Die bronsaltaar* wat Besaleël,* seun van Uri, seun van Gur, gemaak het, was daar^d voor die •tabernakel van die HERE. Salomo en die geloofsgemeenskap het Hom gaan raadpleeg. ⁶ Salomo het daar, op die bronsaltaar wat by die Tent van Ontmoeting was, voor die HERE brandoffers gebring. Hy het 'n duisend brandoffers daarop gebring.

⁷ *In daardie nag het God aan Salomo verskyn. Hy het vir hom gesê: “Vra wat Ek vir jou moet gee!” ⁸ Salomo het vir God gesê: “U is die Een wat aan my vader Dawid groot trou bewys het, en U het my koning gemaak in sy plek. ⁹ HERE God, laat nou u belofte aan my vader Dawid bewaarheid word, want dit is U wat my koning gemaak het oor 'n volk so talryk soos die stof van die aarde.* ¹⁰ Wysheid en oordeelsvermoë, gee dit dan nou vir my, sodat ek voor hierdie volk kan uittrek en terugkeer.^e Want wie kan hierdie groot volk van U regeer?”

¹¹ God het Salomo geantwoord: “Omdat juis dit jou hartsbegeerte is, en jy nie gevra het vir rykdom, besittings en eer, of die lewe van hulle wat jou haat nie, ook nie vir 'n lang lewe nie, maar vir jouself wysheid en oordeelsvermoë gevra het, sodat jy my volk oor wie Ek jou koning

* **1:5 bronsaltaar:** Eks 27:1-8; 38:1-7

* **1:5 Besaleël:** Eks 31:2; 35:30; 36:1-2

^d**1:5 was daar:** Verskillende Hebreeuse mss, die •Septuagint en •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks, verskeie Hebreeuse mss, die •Peshitta en •Targum lui “hy het geplaas”.

* **1:7-13** 1 Kon 3:5-15

* **1:9 talryk ... aarde:** Vgl Gen 13:16

^e**1:10 uittrek en terugkeer:** Dit verwys na militêre veldtogte.

gemaak het, kan regeer, ¹² sal die wysheid en oordeelsvermoë aan jou gegee word.* Maar ook rykdom en besittings en eer sal Ek vir jou gee, soveel as wat konings wat voor jou was, nie gehad het nie, en dié wat ná jou kom, nie sal hê nie.*” ¹³ Salomo het toe van die offerhoogte in Gibeon, van die Tent van Ontmoeting af, na Jerusalem gegaan, en hy het oor Israel regeer.

¹⁴ *Salomo het strydwaens en spanne perde^f bymekaargemaak. Hy het eenduisend vierhonderd strydwaens en twaalfduisend perde gehad. Hy het hulle in die strydwastede en by hom, die koning, in Jerusalem gehou. ¹⁵ *Die koning het silwer en goud in Jerusalem so volop soos klippe maak, en sederhout het hy so volop soos wildevyebome in die Sjefela^g maak. ¹⁶ Die perde wat aan Salomo behoort het, is ingevoer uit Egipte en Kewé.^h Handelaars van die koning het hulle van Kewé teen 'n vasgestelde prys gekry. ¹⁷ 'n Strydwa, ingevoer uit Egipte, het seshonderd sikkelⁱ silwer gekos, en 'n perd honderd-en-vyftig sikkel.^j So is deur hulle toedoen strydwaens en perde^k uitgevoer na al die konings

* **1:12 wysheid ... word:** 1 Kon 4:29-31; 2 Kron 9:22; Pred 1:16

* **1:12 rykdom ... hê nie:** 1 Kon 4:21-24; 10:23; vgl Matt 6:33

* **1:14-17** 1 Kon 10:26-29

^f**1:14 spanne perde:** Word ook vertaal “strydwabemannings”.

* **1:15-16** 1 Kon 10:27-28; 2 Kron 9:27-28

^g**1:15 Sjefela:** Die laer liggende heuwellandskap wes van die sentrale bergland in Palestina.

^h**1:16 Egipte en Kewé:** Kewé was 'n gebied in Silisië. Daar bestaan twyfel oor die verwysing na Egipte. Met vokaalwysiging kan dit vertaal word as “Musri”, 'n plek in Kappadosië, waar perde geteel is. Silisië en Kappadosië was geleë in die gebied wat vandag bekend staan as Turkye.

ⁱ**1:17 600 sikkel:** Ongeveer 7 kg; •Geldeenhede.

^j**1:17 150 sikkel:** Ongeveer 1,7 kg.

^k**1:17 strydwaens en perde:** Die bronteks lui “hulle”.

van die Hetiete en die konings van Aram.

2

Vorbereidings vir die bou van die tempel

¹Salomo het opdrag gegee dat 'n huis vir die Naam van die HERE* en ook sy eie koninklike paleis gebou moet word. ²*Salomo het sewentigduisend man as draers aangewys,^m tagtigduisend as klipkappers in die berge, en drieduisend seshonderd as toesighouers oor hulle.

³Salomo laat weet toe vir Hiram,ⁿ die koning van Tirus: “Soos wat u vir my vader Dawid gedoen het toe u vir hom sederhout gestuur het om 'n paleis te bou om in te woon, moet u ook vir my doen.^o ⁴Kyk, ek gaan 'n tempel bou vir die Naam van die HERE my God, om dit aan Hom te wy deur voor Hom geurige reukwerk te verbrand, sodat daar gereeld vertoonbrode^p en soggens en saans brandoffers kan wees op die Sabbatte, die nuwemaansfeeste en die vasgestelde feestye van die HERE ons God, as 'n verpligting wat altyd op Israel rus. ⁵Die tempel wat ek gaan bou, sal groot wees, want ons God is groter as al die gode. ⁶*Maar wie is werklik in staat om vir Hom 'n huis te bou? Ja, die hemelruim,

¹**2:1-18** Die •bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as 2 Kron 1:18 — 2:17.

***2:1 Salomo ... HERE:** 2 Sam 6:12-13

***2:2** 1 Kon 5:15-16; 9:20-22

^m**2:2 aangewys:** Letterlik ‘afgetel’.

ⁿ**2:3 Hiram:** In 2 Sam en 1 Kon is die naam Hiram; vgl 1 Kon 9:11; 1 Kron 14:1.

^o**2:3 moet ... doen:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel; vgl 2 Kron 2:7.

^p**2:4 vertoonbrode:** Brode wat op 'n tafel in die heilige deel van die tempel uitgestal is (Heb 9:2). Slegs ritueel gereinigde priesters is toegelaat om daarvan te eet (Eks 25:23-30; Lev 24:5-8).

***2:6** 1 Kon 8:27; 2 Kron 6:18; Hand 7:48; 17:24

die hoogste hemele,⁹ kan Hom nie omvat nie. Wie is ek dan dat ek vir Hom 'n huis wil bou, behalwe as 'n plek om daar voor Hom offers te verbrand? ⁷ Stuur dan nou vir my iemand wat vaardig is om met goud, silwer, brons en yster te werk, en ook met purperrooi, karmosynrooi en pers materiaal, en wat weet hoe om graveerwerk te doen saam met die vakmanne hier by my in Juda en in Jerusalem wat deur my vader Dawid voorsien is. ⁸ Stuur ook vir my seder-, sipres- en jeneverhout uit die Libanon, want ek weet dat u dienaars weet hoe om bome in die Libanon te kap. Kyk, my dienaars sal u dienaars bystaan ⁹ om my van groot hoeveelhede hout te voorsien, want die huis wat ek gaan bou, moet groot en indrukwekkend wees. ¹⁰ Kyk, vir u dienaars, vir die houtkappers wat die bome kap, sal ek twintigduisend kor^r koring as voedselvoorraad,^s twintigduisend kor gars, twintigduisend bat^t wyn en twintigduisend bat olyfolie gee.”

¹¹ Huram, die koning van Tirus, het 'n skriftelike antwoord vir Salomo gestuur: “Omdat die HERE sy volk liefhet, het Hy u as koning oor hulle aangestel.”^{*} ¹² Huram het ook gesê: “Die HERE, die God van Israel, moet geprys word, Hy wat die hemel en die aarde gemaak en vir koning Dawid 'n wyse seun gegee het, met intelligensie en insig, wat vir die HERE 'n huis sal bou en 'n paleis vir sy eie koninkryk. ¹³ ^{*} Ek stuur dan

⁹**2:6 hemele:** Volgens die antieke wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterrehemel en die derde hemel waar God woon.

^{*}**2:7 vakmanne ... voorsien is:** 1 Kron 22:15

^r**2:10 20 000 kor:** Ongeveer 4 400 000 ℓ; •Inhoudsmate.

^s**2:10 as voedselvoorraad:** Die vroeë vertalings, met die uitsondering van die •Septuagint, word hier gevolg; vgl 1 Kon 5:11. Die bronteks lui “houe” of “nederlae”.

^t**2:10 20 000 bat** Ongeveer 440 000 ℓ; •Inhoudsmate.

^{*}**2:11 Omdat ... aangestel:** 1 Kon 10:9; 2 Kron 9:8

^{*}**2:13-14** 1 Kon 7:13-14; 2 Kron 4:16

nou vir u 'n wyse man met insig, Hiram-Abi. ¹⁴ Hy is die seun van 'n vrou uit die dogters van Dan, en sy pa is 'n man uit Tirus. Hy weet hoe om met goud en silwer, brons, yster, klip en hout, purperrooi en pers materiaal, fyn linne en karmosynrooi stof te werk, en hoe om enige graveerwerk te doen. Hy weet hoe om enige plan wat aan hom voorgelê word, vindingryk uit te voer saam met u vakmanne en die vakmanne van my heer, u vader Dawid. ^{15 **} Die koring en gars, die olyfolie en wyn waarvan my heer gepraat het, kan hy dan nou vir sy dienaars stuur.^u ¹⁶ Aan ons kant sal ons die bome kap uit die Libanonbos, soveel as wat u nodig het, en dit vir u met vlotte seelangs na Jafo^v bring. U kan dit dan self na Jerusalem laat vervoer.”

^{17 *} Salomo het toe al die manne wat vreemdelinge^w in die land Israel was, getel. Dit was ná die sensus wat sy pa Dawid van hulle gehou het. Daar is honderd drie-en-vyftigduisend seshonderd van hulle gevind.

¹⁸ Uit hulle het hy sewentigduisend draers gemaak, tagtigduisend klipkappers in die berge en drieduisend seshonderd was toesighouers om die mense te laat werk.

***2:15-16** 1 Kon 5:8-9

***2:15** 2 Kron 2:10

^u**2:15 kan ... stuur:** Die gebruik van die derde persoon is 'n tipiese beleefdheidsvorm in Hebreeus.

^v**2:16 Jafo:** In die •Septuagint en die NT is die naam •Joppe.

***2:17-18** 1 Kon 5:15-16; 1 Kron 22:2

^w**2:17 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

3

Bou van die tempel

¹ *Salomo het toe begin om die huis van die HERE in Jerusalem te bou,* op die berg Moria, waar die HERE aan sy pa Dawid verskyn het, op die plek van Dawid wat hy gereedgemaak het op die dorsvloer van Ornan,^x die Jebusiet. ² Hy het begin bou op die tweede dag van die tweede maand in die vierde jaar van sy regering. ³ Dit was Salomo se grondplan vir die bou van die huis van God: Gemeet in el volgens die ou mate,^y was die lengte sestig el, en die breedte twintig el.^z ⁴ Die portaal wat aan die voorkant^a oor die volle breedte van die tempel gestrek het, was twintig el breed en twintig el^b hoog. Salomo het dit aan die binnekant met suiwer goud oorgetrek.

⁵ Die groot vertrek het hy binne met sipreshout bedek, en dit toe met goud van hoë gehalte oorgetrek. Hy het palmette en kettingversierings daarop aangebring. ⁶ Hy het in die vertrek edelstene ingelê as versiering. Die goud was goud van Parwajim. ⁷ Hy het die vertrek — dit is die balke, die drumpels, sy mure en deure — met goud oorgetrek en

*3:1-17 1 Kon 6:1-38

*3:1 Salomo ... bou: 2 Sam 7:12-13; Hand 7:47

^x3:1 Ornan: In 2 Sam 24 is die naam Arauna.

^y3:3 el ... mate: Volgens die ou mate was 'n el ongeveer 8 cm per el langer as die maat wat later gegeld het; vgl Eseg 40:5; 43:13.

^z3:3 60 ... 20 el: Ongeveer 31,5 x 10,5 m; •Lengtemate.

^a3:4 aan die voorkant: Letterlik 'voor die lang kant'.

^b3:4 20 el: Sommige mss van die •Septuagint en die •Peshitta word hier gevolg. Die •bronteks lui "honderd-en-twintig el".

gerubs^c teen die mure gegraveer.

⁸ Hy het ook die allerheiligste vertrek ingerig. Die lengte daarvan, oor die breedte van die tempel, was twintig el en sy breedte twintig el. Hy het dit binne met seshonderd kikar^d goud van hoë gehalte bedek. ⁹ Die gewig van die spykers was vyftig sikkel^e goud. Die bovertrekke het hy ook binne met goud bedek. ¹⁰ Vir die allerheiligste vertrek het hy twee gerubs van gietwerk gemaak en hulle met goud oorgetrek. ¹¹ Wat die vlerke van die gerubs betref: Die lengte daarvan was altesaam twintig el. Die een gerub se vlerk was vyf el^f lank, en dit het aan die een muur van die vertrek geraak. Die ander vlerk was vyf el lank, en dit het aan die vlerk van die ander gerub geraak. ¹² Die ander gerub se vlerk was ook vyf el lank, en het aan die ander muur van die vertrek geraak. Die ander vlerk was ook vyf el lank, en dit het gestrek tot teen die vlerk van die ander gerub. ¹³ Oopgesprei, was die vlerke van hierdie gerubs twintig el lank. Hulle het op hulle voete gestaan met hulle gesigte na die groot vertrek.

¹⁴ Salomo het die Voorhangsel^g gemaak van pers, karmosynrooi en purperrooi materiaal en fyn linne. Hy het gerubs daarop aangebring.

¹⁵ *Hy het voor die tempel twee pilare gemaak, vyf-en-dertig el^h hoog,

^c3:7 gerubs: Hemelse wesens met vlerke. In voorstellings van gerubs wat tydens opgrawings gevind is, word hulle uitgebeeld met die lyf van 'n dier, die gesig van 'n mens en uitgespreide vlerke. Op die •verbondsark was daar twee gerubs wat die basis van God se troon vorm.

^d3:8 600 kikar: Ongeveer 21 ton; •Geldeenhede.

^e3:9 50 sikkel: Ongeveer 0,6 kg.

^f3:11 5 el: Ongeveer 2,6 m.

^g3:14 Voorhangsel: Die gordyn wat die heilige voorste deel van die •tempel geskei het van die •Allerheiligste.

***3:15-17** 1 Kon 7:15-21

^h3:15 35 el: Ongeveer 18,4 m.

elk met 'n kapiteel van vyf el op die bopunt daarvan. ¹⁶ Hy het kettings gemaak soos 'n halssnoerⁱ en dit om die bopunt van die pilare gesit. Hy het honderd granate gemaak en dit aan die kettings vasgeheg. ¹⁷ *Hy het die pilare aan die voorkant van die tempel opgerig, een aan die regterkant en een aan die linkerkant. Die een aan die regterkant het hy Jakin^j genoem, en die een aan die linkerkant Boas.^k

4

¹ *Hy het 'n altaar van brons gemaak, twintig el lank, twintig el breed en tien el^l hoog. ² *Toe het hy die See^m gemaak, 'n gietstuk tien el van rand tot rand, sirkelvormig en vyf el hoog. 'n Maatlyn van dertig elⁿ kon dit omspan. ³ Aan die onderkant, reg rondom, is 'n beeld van beeste geplaas, tien per el. Hulle was rondom die See gerangskik in twee rye. Die beeste is in een gietstuk saam met die See gegiet. ⁴ Dit het op twaalf beeste gestaan — drie wat noord kyk, drie wat wes kyk, drie wat suid kyk en drie wat oos kyk. Die See het bo-op hulle gerus, en al hulle agterlywe was na binne gekeer. ⁵ Die dikte van die wand was 'n handbreedte, en die rand was soos dié van 'n beker, soos die kelk van 'n

ⁱ**3:16 soos 'n halssnoer:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks wat lui “in die heiligdom”, waar “heiligdom” dan verwys na die Allerheiligste. Verskillende vertalings veronderstel dat dit 'n skryffout is vir ‘soos 'n halsband’.

***3:17** 1 Kon 7:21

^j**3:17 Jakin:** Dit beteken ‘hy vestig’.

^k**3:17 Boas:** Die naam beteken waarskynlik ‘in hom is krag’.

***4:1** 1 Kon 8:64; 2 Kron 7:7

^l**4:1 20 ... 10 el:** Ongeveer 10,5 x 10,5 x 5,25 m; •Lengtemate.

***4:2-5** 1 Kon 7:23-26; vgl 2 Kon 16:17; 25:13; Jer 52:17

^m**4:2 See:** Die naam van die bronswaskom; vgl Eks 30:17-21.

ⁿ**4:2 10 ... 30 el:** Ongeveer 'n deursnee van 5,25 m en 2,6 m hoog met 'n omtrek van 15,8 m.

narsing.^o Dit kon drieduisend bat^p hou. ⁶ *Hy het ook tien waskomme gemaak, en vyf aan die regterkant en vyf aan die linkerkant geplaas om daarin af te spoel — alles wat gebruik is vir die brandoffer is daarin skoon gespoel. Die See was egter net vir die priesters om hulle in af te spoel.

⁷ Hy het tien goue menoras^q gemaak ooreenkomstig die voorskrif daarvoor. Hy het in die hoofvertrek vyf aan die regterkant en vyf aan die linkerkant geplaas. ⁸ Hy het ook tien tafels gemaak. Hy het in die hoofvertrek vyf aan die regterkant en vyf aan die linkerkant geplaas. Daarna het hy honderd goue offerbakke^r gemaak.

⁹ Toe het hy die binnehof van die priesters gemaak, asook die groot buitehof^s en die deure vir die ruimte. Hierdie deure het hy met brons oorgetrek. ¹⁰ Die See het hy aan die regterkant geplaas, in die suidoostelike hoek. ¹¹ *Toe het Huram^t die houers, die skoppies^u en die offerbakke^v gemaak.

So het Huram die werk afgehandel wat hy vir koning Salomo in die huis van God moes doen. Dit was:

^o4:5 narsing: 'n Veldblom wat algemeen in die lente in die Mediterreense gebied voorkom.

^p4:5 3 000 bat: Ongeveer 66 000 ℓ; •Inhoudsmate.

* 4:6-22 1 Kon 7:38-50

^q4:7 menoras: Goue kandelaars met sewe arms wat in die heilige deel van die •tabernakel en later ook die tempel gestaan het.

^r4:8 offerbakke: Dit verwys na houers wat in die •tempel gebruik is vir •drankoffers.

^s4:9 groot buitehof: Die ruimte by die tempel vir die volk.

* 4:11 — 5:10 1 Kon 7:40 — 8:9

^t4:11 Huram: Dit verwys hier na Huram-Abi; vgl 2 Kron 2:13.

^u4:11 skoppies: Dit is gebruik om die altaar mee skoon te maak.

^v4:11 offerbakke: Houers wat in die tempel gebruik is vir •drankoffers.

¹² twee pilare;

die twee bolvormige kapitele aan die bopunt van die twee pilare;

die twee stelle vlegwerk waarmee die twee bolvormige kapitele aan die bopunt van die pilare bedek is;

¹³ die vierhonderd granate vir die twee stelle vlegwerk, om die twee bolvormige kapitele wat aan die bopunte van die pilare was, te bedek — twee rye granate vir elke stel vlegwerk;

¹⁴ die verskuifbare staanders wat hy gemaak het en die waskomme op die staanders;

¹⁵ die een See;

die twaalf beeste daaronder;

¹⁶ die houers, skoppies, drietandvurke en al die bypassende gereedskap.

Huram-Abi het dit vir koning Salomo, vir die huis van die HERE, gemaak van gepoleerde brons. ¹⁷ In die omgewing van die Jordaan, tussen Sukkot en Seredata, het die koning dit in swaar grond^w gegiet. ¹⁸ Salomo het al hierdie voorwerpe in sulke groot hoeveelhede gemaak dat die gewig van die brons nie bepaal kon word nie. ¹⁹ Salomo het al die voorwerpe wat in die huis van God was, gemaak:

die goue altaar;

die tafels waarop die vertoonbrode^x was;

²⁰ die menoras en hulle lampe van fyngoud, om volgens voorskrif voor

^w**4:17 swaar grond:** Letterlik ‘in dikheid van grond’. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Sommige vertalings volg 1 Kon 7:46, waar 'n verwante Hebreeuse woord gebruik word, en dit vertaal word “in kleivorms”.

^x**4:19 vertoonbrode:** Brode wat op 'n tafel in die heilige deel van die tempel uitgestal is (Heb 9:2). Slegs ritueel gereinigde priesters is toegelaat om daarvan te eet (Eks 25:23-30; Lev 24:5-8).

die heiligdom^y te brand;

²¹ die goue blomknoppe, lampe en snuiters — dit was van die suiwerste goud;

²² die messe,^z offerbakke, skottels, die vuurpanne van fyngoud, die toegang na die tempel, dit is sy binnedeure na die •Allerheiligste, en die deure van die tempel na die hoofvertrek — dit alles was van goud.

5

¹ Toe al die werk wat koning Salomo aan die huis van die HERE gedoen het, afgehandel was, het Salomo die •heilige gawes van sy pa Dawid, die silwer en goud en al die ander voorwerpe, na binne geneem en dit in die skatkamers van die huis van God geplaas.

Inwyding van die tempel

² Daarna het Salomo die oudstes^a van Israel, al die stamhoofde, die leiers^b van die families van die Israeliete, in Jerusalem laat byeenkom om die •verbondsark van die HERE uit die Stad van Dawid, dit is Sion, op te dra. ³ Al die manne van Israel het toe by koning Salomo byeengekom in die feestyd, dit was die sewende maand.^c ⁴ Toe al die

^y**4:20 die heiligdom:** Die agterste vertrek van die tempel, waar die verbondsark gestaan het, en wat ook die •Allerheiligste genoem word.

^z**4:22 messe:** Gebruik om die lamppitte mee terug te sny.

^a**5:2 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

^b**5:2 leiers:** In Hebreeus •*nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

^c**5:3 feestyd ... maand:** Dit verwys na die •Huttefees, ook genoem die Fees van die Insameling. 'n Sewedaagse oesfees wat op 15-22 •Tisri, die sewende maand, ook genoem •Etanim, gevier is; vgl Lev 23:34-36; Deut 16:13-15; •Feeste.

oudstes van Israel aangekom het, het die priesters die ark* opgetel.

⁵ Hulle het die ark, die Tent van Ontmoeting en al die heilige voorwerpe wat in die tent was, na bo gedra — die Levitiese priesters het dit gedra.*

⁶ Koning Salomo en die hele volksvergadering^d van Israel, dié wat by hom saamgetrek het en saam met hom voor die ark was, het kleinvee en beeste geoffer wat vanweë hulle hoeveelheid nie getel of bereken kon word nie. ⁷*Die priesters het die verbondsark van die HERE na sy plek geneem, na die heiligdom van die tempel, na die •Allerheiligste, onder die vlerke van die gerubs.^e ⁸Die gerubs het hulle vlerke uitgesprei oor die plek van die ark. Die gerubs het die ark en sy draaghoute van bo af beskut. ⁹Die draaghoute was lank, en die punte van die draaghoute was sigbaar uit die heilige deel^f aan die voorkant van die heiligdom. Van buite af was dit egter nie sigbaar nie. Hulle is daar tot vandag toe.

¹⁰* Daar was niks in die ark nie, behalwe die twee kliptafels wat Moses daarin geplaas het op Horeb, toe die HERE met die Israëliete 'n verbond gesluit het tydens hulle uittog uit Egipte.

¹¹ En toe die priesters uit die heiligdom gekom het — ja, al die

***5:4 ark:** Eks 25:10-22

***5:4-5 priesters die ... dit gedra:** Num 4:15-33

^d**5:6 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

***5:7-8** Eks 26:33-34; 1 Kon 6:23-28; 8:21; Op 11:19

^e**5:7 gerubs:** Hemelse wesens met vlerke. In voorstellings van gerubs wat tydens opgrawings gevind is, word hulle uitgebeeld met die lyf van 'n dier, die gesig van 'n mens en uitgespreide vlerke. Op die verbondsark was daar twee gerubs wat die basis van God se troon vorm.

^f**5:9 uit ... deel:** Verskeie Hebreeuse mss en die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “vanuit die ark”; vgl egter 1 Kon 8:7.

***5:10** Eks 16:33,34; 25:16,21; 40:20; Deut 31:26; Heb 9:4

priesters wat daar was, het hulleself geheilig,⁸ want die diensbeurte van afdelings het nie gegeld nie, ^{12*} ook die Levitiese sangers, hulle almal, Asaf, Heman en Jedutun, hulle nakomelinge en stamgenote, wat in linneklere gereed gestaan het aan die oostekant van die altaar met simbale, harpe^h en liere,ⁱ en saam met hulle honderd-en-twintig priesters wat trompette blaas — ¹³ het die trompetblasers en die sangers soos een man ingeval om die HERE met een stem te prys en te loof. Net toe hulle, onder begeleiding van trompette, simbale en ander musiekinstrumente, hulle stemme verhef en die lof van die HERE besing met die woorde, “want Hy is goed, ja, vir ewig duur sy troue liefde,” is die tempel, die huis van die HERE, gevul met 'n wolk.* ¹⁴ Die priesters kon vanweë die wolk nie bly staan om hulle dienswerk te doen nie, want die heerlikheid van die HERE het die huis van God gevul.

6

^{1*}Toe het Salomo gesê:

“Die HERE het gesê

dat Hy in diep duisternis vertoef;

^{2*}maar ek, ja ek, het 'n vorstelike

woning vir U gebou,

'n plek vir U om in te woon

in alle ewigheid.”

⁸5:11 **hulleself geheilig:** Dit verwys na rituele reinigingshandeling; vgl Eks 19:10,15.

^{*}5:12 1 Kron 6:33; 15:16-17,27; 16:41-42

^h5:12 **harpe:** Driehoekige snaarinstrumente met 'n klankbord.

ⁱ5:12 **liere:** Driehoekige snaarinstrumente met vier snare.

^{*}5:13 **gevul ... wolk:** Vgl Eks 16:10; 33:9; 40:36-38; Ps 99:7; 1 Kor 10:1; Op 15:8

^{*}6:1-39 1 Kon 8:12-50

^{*}6:2 Ps 132:13-14; Hand 7:47; vgl Matt 23:21

³ Die koning het omgedraai en die hele geloofsgemeenskap van Israel geseën. Terwyl die hele geloofsgemeenskap van Israel daar staan, ⁴ het hy gesê: “Die HERE, die God van Israel, moet geprys word, wat met sy eie mond met my vader Dawid gepraat het, en met sy eie hande dit volbring het en gesê het, ⁵ *‘Van die dag af dat Ek my volk Israel uit Egipteland gelei het, het Ek onder al die stamme van Israel nie 'n stad gekies om 'n tempel te bou, sodat my Naam daar sou wees nie, en Ek het niemand gekies om 'n leier^j oor my volk Israel te wees nie. ⁶ Maar nou het Ek Jerusalem gekies, sodat my Naam daar sal wees, en Ek het Dawid gekies om oor my volk Israel te wees.’

⁷ “My vader Dawid was van voorneme^k om 'n tempel te bou vir die Naam van die HERE, die God van Israel. ⁸ Maar die HERE het vir my vader Dawid gesê, ‘Jy het jou voorgeneem om vir my Naam 'n tempel te bou. Dit was goed van jou dat jy dit jou voorgeneem het. ⁹ Jy is egter nie die een wat die tempel sal bou nie, maar jou seun wat uit jou liggaam sal voortkom, hy sal die tempel vir my Naam bou.’ ¹⁰ En die HERE het sy woord wat Hy gespreek het, gestand gedoen, sodat ek in die plek van my vader Dawid opgestaan het en op die troon van Israel gaan sit het, soos die HERE gesê het. Ek het die tempel vir die Naam van die HERE, die God van Israel, gebou. ¹¹ *Daar het ek die ark geplaas waarin die verbond van die HERE is, die verbond wat Hy met die Israeliete gesluit het.”

¹² Toe het Salomo voor die altaar van die HERE gaan staan, reg voor die

* **6:5-10** 2 Sam 7:1-13; 1 Kon 5:3-5; Hand 7:45-46

^j**6:5 leier:** In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

^k**6:7 was van voorneme:** Letterlik ‘dit was saam met sy hart’.

* **6:11** Eks 16:33-34; 25:16; Deut 31:26; Heb 9:4

hele geloofsgemeenskap van Israel, en sy handpalms uitgestrek. ¹³ Ja, Salomo het 'n verhoog van brons gemaak en dit in die middel van die buitehof gesit. Dit was vyf el breed, vyf el lank en drie el¹ hoog. Hy het daarop gaan staan en daar voor die hele geloofsgemeenskap van Israel op sy knieë neergesak, sy handpalms na die hemel uitgestrek,^{*} ¹⁴ en gesê:

“HERE, God van Israel,
daar is geen god soos U in die hemel
of op die aarde nie;

U wat die verbond en troue liefde
in stand hou vir u diensknegte
wat met hulle hele hart
voor U leef;

¹⁵ U wat ter wille van u dienskneg,
my vader Dawid,
gehou het by wat U hom
beloof het.

U het dit met u mond gesê
en met u hand volbring,
soos dit vandag is.

¹⁶ Daarom, HERE, God van Israel,
ter wille van u dienskneg,
my vader Dawid,
hou nou by wat U hom beloof het
toe U gesê het,

¹6:13 5 ... 3 el: Ongeveer 2,6 x 2,6 x 1,6 m; •Lengtemate.

^{*}6:13 Hy ... uitgestrek: 1 Kon 8:54

‘Daar sal vir jou nooit iemand
ontbreek wat voor my aangesig
op die troon van Israel sit nie,
as jou nageslag maar net ag slaan
op hulle optrede
deur binne my wet te leef
soos jy voor My geleef het.’*

¹⁷ Daarom, HERE, God van Israel,
laat u belofte wat U gemaak het
aan u dienskneg, my vader Dawid,
tog waar word.

¹⁸ “*Maar kan God werklik
by mense op aarde woon?
Kyk, die hemelruim
en die hoogste hemele^m
kan U nie omvat nie —
hoeveel minder hierdie tempel
wat ek gebou het?

¹⁹ “U moet aandag gee
aan die gebed van u dienskneg,
aan sy smeekbede, HERE my God,
deur te luister na die hulpgeroep,
na die gebed wat u dienskneg

* **6:16 Daar ... geleef het:** 2 Sam 7:12-16; 1 Kon 2:4; Ps 132:11-12

* **6:18** 2 Kron 2:6; Hand 7:48; 17:24; vgl Op 21:3

^m**6:18 hemele:** Volgens die antieke wêreldbeeld was daar verskillende hemele,
waaronder die wolkehemel, die sterreheemel en die derde hemel waar God woon.

telkens voor U bid —

²⁰ * dat u oë dag en nag oop sal wees
na hierdie tempel,
na die plek waarvan U gesê het
dat U u Naam daar sal vestig,
sodat U sal luister na die gebed
wat u dienskneg in die rigting
van hierdie plek rig.

²¹ Luister dan na die smeekbede
van u dienskneg
en van u volk Israel wat hulle bid
in die rigting van hierdie plek.

U self moet dit hoor uit die plek
waar U woon, uit die hemel;
U moet dit hoor, en U moet vergewe.

²² “Wanneer iemand teen sy naaste sondig, en dié 'n verwensing
uitspreek om 'n vloek oor hom te bring, en hy dan met die vervloeking
voor u altaar in hierdie tempel kom, ²³ moet U self uit die hemel hoor
en optree en die reg handhaaf van u diensknegte deur die skuldige te
vergeld, deur sy optrede op sy eie kop te laat neerkom, en deur die
regverdige regverdig te verklaar deur aan hom te gee wat hy volgens sy
regverdige optrede verdien.

²⁴ “Wanneer u volk Israel deur 'n vyand verslaan word omdat hulle
teen U gesondig het, en wanneer hulle terugkeer, u Naam loof en bid en
voor U smee in hierdie tempel, ²⁵ moet U self hoor uit die hemel.
Vergewe dan die sonde van u volk Israel, en laat hulle terugkeer na die
grond wat U aan hulle en aan hulle voorouers gegee het.

* 6:20 Deut 12:11; 2 Kron 6:40

²⁶ “*Wanneer die hemel toegesluit is en daar geen reën val nie omdat hulle teen U gesondig het, en hulle bid dan in die rigting van hierdie plek en loof u Naam en bekeer hulle van hulle sondes omdat U hulle verneder, ²⁷ moet U self hoor in die hemel en die sonde van u diensknegte en u volk Israel vergewe, want U leer hulle die goeie pad waarop hulle moet gaan. Gee dan reën oor u land, wat U vir u volk as erfenis gegee het.

²⁸ “*Wanneer daar hongersnood in die land is, wanneer pessiekte uitbreek, wanneer skroeisiekte, witroes, treksprinkane en kaalvreter toeslaan, wanneer u volk se vyand hom beleër in van sy stede in die land — tydens enige plaag, enige siekte — ²⁹ en wanneer daar enige gebed is, enige smeekbede by enige mens, by enigiemand van u volk Israel, wat elkeen sy teistering en pyn ken, en hy dan sy handpalms na hierdie tempel uitstrek, ³⁰ moet U self hoor uit die hemel, die plek van u verblyf. U moet dan vergewe en met elkeen handel volgens al sy dade, U wat sy hart ken — U alleen ken immers die harte van mensekinders — ³¹ sodat hulle vir U ontsag mag hê, deur u paaie te volg solank as wat hulle leef op die grond wat U vir ons voorouers gegee het.

³² “*En ook die buitelanders wat nie deel van u volk Israel is nie, maar uit 'n ver land kom ter wille van u groot Naam, u sterk hand en uitgestrekte arm — wanneer hy dan kom en bid in die rigting van hierdie tempel, ³³ moet U self hoor uit die hemel, die plek van u verblyf. U moet dan optree volgens alles waaroor die buitelanders U aanroep, sodat al die volke van die aarde u Naam mag ken, en vir U ontsag mag hê soos u volk Israel, en sal besef dat dit u Naam is wat uitgeroep is oor hierdie tempel wat ek gebou het.

*6:26 Deut 11:17; Jer 3:3; Am 4:7-8

*6:28 Lev 26:16,25-26; Deut 28:21-22,27,38,42; 2 Kron 20:9; Am 4:9; Hag 2:17

*6:32-33 Jes 56:6-8; Sag 8:20-23; Joh 12:20; Hand 8:27

³⁴ “Wanneer u volk uittrek vir oorlog teen sy vyand op die pad waarop U hulle stuur, en hulle bid tot U in die rigting van hierdie stad wat U gekies het, en van die tempel wat ek vir u Naam gebou het, ³⁵ moet U uit die hemel hulle gebede en smeekbedes hoor en hulle reg handhaaf.

³⁶ “Wanneer hulle teen U sondig — want daar is geen mens wat nie sondig nie* — en U vir hulle kwaad word en hulle oorgee aan 'n vyand, en hulle ontvoerders hulle wegvoer na 'n land, ver of naby, ³⁷ * en hulle tot inkeer kom in die land waarheen hulle weggevoer is, en hulle bekeer en by U om genade smee in die land van hulle ballingskap met die woorde, ‘Ons het gesondig en afgedwaal, ons is skuldig,’* ³⁸ en hulle dan met hart en siel na U terugkeer in die land van hulle ballingskap, die land van dié wat hulle weggevoer het, en hulle bid in die rigting van hulle land* wat U aan hulle voorouers gegee het, die stad wat U gekies het, en die tempel wat ek vir u Naam gebou het, ³⁹ moet U uit die hemel, die plek van u verblyf, hulle gebede en smeekbedes hoor en hulle reg handhaaf, en u volk wat teen U gesondig het, vergewe.

⁴⁰ “*My God, laat nou u oë tog oop wees, en u ore aandagtig luister na die gebede uit hierdie plek.

⁴¹ * “Staan nou op, HERE God,
gaan na u rusplek,
U en u magtige ark.
U priesters, HERE God,

* **6:36 want ... sondig nie:** Spr 20:9; Pred 7:20; 1 Joh 1:8,10

* **6:37** Lev 26:33-34; Deut 28:64

* **6:37 Ons het ... skuldig:** Ps 106:6

* **6:38 bid ... hulle land:** Dan 6:11

* **6:40** 2 Kron 7:15; Neh 1:6,11; Ps 130:2

* **6:41-42** Ps 132:8-10

laat hulle geklee wees in heil,
en u troue volgeling,
laat hulle vreugde vind
in die goeie.

⁴² HERE God, moet tog nie
u gesalfdesⁿ wegwys nie;
onthou tog die troue beloftes
aan Dawid, u dienskneg.”

7

Inwyding van die tempel

¹ Net toe Salomo klaar gebid het, * het vuur uit die hemel neergedaal en die brandoffer en maaltydoffers verteer, * en die heerlikheid van die HERE het die tempel gevul. * ² Die priesters kon nie die huis van die HERE binnegaan nie, want die heerlikheid van die HERE het die huis van die HERE gevul. ³ Al die Israeliete het gesien hoe die vuur en die heerlikheid van die HERE op die tempel neerdaal. Hulle het met hulle gesigte na die grond gekniel op die plaveisel, en in aanbidding gebuig. Hulle het die HERE geloof met:

“Want Hy is goed;
ja, vir ewig duur sy troue liefde.”

⁴ *Die koning en die hele volk was besig om maaltydoffers voor die

ⁿ6:42 u gesalfdes: Talle Hebreeuse mss en die vroeë vertalings lui “u gesalfde”; vgl Ps 132:10.

*7:1 Net ... gebid het: 1 Kon 8:54

*7:1 vuur ... verteer: Vgl Lev 9:24; 1 Kon 18:24,38; 1 Kron 21:26

*7:1 heerlikheid ... gevul: 2 Kron 5:13

*7:4-12 1 Kon 8:62 — 9:3

HERE te slag. ⁵ Koning Salomo het maaltydoffers van twee-en-twintigduisend beeste en honderd-en-twintigduisend stuks kleinvee geslag. Só het hulle, die koning en die hele volk, die huis van God ingewy. ⁶ Die priesters het op hulle plekke gestaan, asook die Leviëte met die musiekinstrumente van die HERE wat koning Dawid laat maak het om die HERE mee te prys met die woorde: “Ja, vir ewig duur sy troue liefde.” Terwyl hulle die loflied van Dawid voorgedra het, het die priesters wat teenoor hulle gestaan het, op hulle trompette geblaas. Die hele Israel het gestaan.

⁷ Salomo het die binnekant van die voorhof wat voor die huis van die HERE was, geheilig, want daar het hy die brandoffers gebring, asook die stukke vet van die maaltydoffers,^o omdat die bronsaltaar wat Salomo gemaak het, nie die brandoffers, •graanoffers en die vetstukke kon bevat nie.

⁸ Salomo het in dieselfde tyd ook sewe dae lank die Huttefees^p gevier. Die hele Israel, vanaf Lebo-Hamat^q tot by die Spruit van Egipte,^r was saam met hom. Dit was 'n baie groot byeenkoms. ⁹ Op die agtste dag het hulle 'n gewyde rusdag gevier, want die inwyding van die altaar is sewe dae lank gevier, en die Huttefees sewe dae lank. ¹⁰ Op die drie-en-twintigste dag van die sewende maand het hy die volk na hulle

^o**7:7 maaltydoffers:** Diereoffers (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet; •Offers.

^p**7:8 die Huttefees:** Letterlik ‘die fees’. Ook genoem die Fees van die Insameling, 'n sewedaagse oesfees wat in die sewende maand op 15-22 •Tisri (of •Etanim) gevier is; •Feeste.

^q**7:8 Lebo-Hamat:** Die noordelike grensdorp van die koninkryk van Israel.

^r**7:8 Spruit van Egipte:** 'n Diep seisoenale spruit wat 'n natuurlike grens vorm tussen die •Negev en die Sinai-skiereiland.

woonplekke teruggestuur. Hulle was verheug en vrolik oor die goeie dinge wat die HERE aan Dawid en Salomo en sy volk Israel gedoen het.

Tweede verskyning van die HERE aan Salomo

¹¹ So het Salomo die huis van die HERE en die paleis van die koning* voltooi. Alles wat Salomo hom voorgeneem het om in die huis van die HERE, en in sy paleis te doen, het hy suksesvol uitgevoer. ¹² Toe verskyn die HERE in die nag aan Salomo* en sê vir hom: “Ek het jou gebed gehoor en hierdie plek vir My gekies as 'n tempel vir offers. ¹³ *As Ek die hemelruim sluit, sodat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkane opdrag gee om die land kaal te vreet, of as Ek 'n pessiëkte onder my volk loslaat, ¹⁴ en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid, en my teenwoordigheid opsoek en terugdraai van hulle verkeerde paaie, sal Ek self uit die hemel hulle hoor. Ek sal hulle sonde vergewe en hulle land genees. ¹⁵ *My oë sal nou oop wees en my ore sal aandagtig luister na die gebede uit hierdie plek. ¹⁶ So het Ek dan nou hierdie tempel gekies en geheilig, sodat my Naam vir altyd daar sal wees. My oë en my hart sal altyd daar wees. ¹⁷ *En jy, as jy voor My leef soos jou vader Dawid geleef het,* deur op te tree volgens alles wat Ek jou beveel, en my vaste voorskrifte en beslissings, as jy dit nakom, ¹⁸ *sal Ek jou koninklike troon laat standhou, volgens die verbintenis wat Ek met jou vader Dawid aangegaan het deur te sê, ‘Daar sal vir jou nooit iemand ontbreek wat in Israel heers nie.’

*7:11 paleis ... koning: 1 Kon 7:1

*7:12 verskyn ... Salomo: 1 Kon 3:5; 11:9

*7:13 2 Kron 6:26-28

*7:15 2 Kron 6:20,40

*7:17 — 8:1 1 Kon 9:4-10

*7:17 soos ... geleef het: 1 Kon 3:6,14

*7:18 2 Sam 7:12,16; 1 Kon 2:4; Ps 132:12

¹⁹ “As julle egter van My af wegdraai, en my vaste voorskrifte en gebooie wat Ek aan julle voorgehou het, verlaat en ander gode gaan dien en voor hulle in aanbidding buig, ²⁰ * sal Ek julle uitpluk uit my grond wat Ek aan julle^s gegee het, en hierdie tempel wat Ek vir my Naam geheilig het, sal Ek uit my teenwoordigheid verwerp. Ek sal dit tot 'n spreuk en 'n spotnaam maak by al die volke. ²¹ Hierdie huis wat so verhewe was — elkeen wat daar verbygaan, sal verslae wees en vra, ‘Waarom het die HERE so iets gedoen aan hierdie land en aan hierdie tempel?’ ²² Dan sal hulle antwoord, ‘Omdat hulle die HERE, die God van hulle voorouers, wat hulle uit Egipteland uitgelei het, verlaat en ander gode aangehang het, in aanbidding voor hulle gebuig en hulle gedien het — daarom het Hy al hierdie onheil oor hulle gebring.’ ”

8

Salomo se bouwerk en administrasie

¹ *Ná verloop van twintig jaar, waarin Salomo die huis van die HERE en sy paleis gebou het, * ² het Salomo die dorpe wat Hiram^t vir hom gegee het, * herbou en Israëliete daar gevestig. ³ Salomo het toe na Hamat-Soba gegaan en dit oorwin. ⁴ Hy het Tadmor in die woestyn^u versterk, asook

*7:20-22 Lev 26:33; Deut 28:15,37; 29:24-25; Jer 7:14; 22:8-9; Matt 23:38

^s7:20 julle ... julle: Die •Septuagint, •Peshitta en •Vulgaat word hier gevolg. Die •bronteks lui “hulle ... hulle”.

*8:1-2 1 Kon 9:10-11

*8:1 20 ... gebou het: 1 Kon 6:37-38; 7:1

^t8:2 Hiram: In 2 Sam en 1 Kon is die naam Hiram; vgl 1 Kon 9:11.

*8:2 dorpe ... gegee het: 1 Kon 9:12-13

^u8:4 woestyn: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

al die voorraadstede wat hy in Hamat gebou het. ⁵*Hy het Bet-Goron-Bo en Bet-Goron-Onder* as versterkte stede met mure, poortdeure en sluitbalke herbou, ⁶ ook Baälat en al die voorraadstede wat aan Salomo behoort het, al die stede vir die strydwaens en vir die perde,^v ja, alles wat Salomo ook al graag wou herbou in Jerusalem en in die Libanon, in die hele gebied waaroor hy regeer het.

⁷*Al die mense wat oorgebly het van die Hetiete, die Amoriëte, die Feresiete, die Hewiete en Jebusiete, almal wat nie van Israel was nie, ⁸ dié van hulle nageslag wat ná hulle in die land oorgebly en wat nie deur die Israëliëte vernietig is nie, hulle is deur Salomo opgeroep vir verpligte dienswerk — tot vandag toe. ⁹ Maar van die Israëliëte het Salomo niemand onderwerp aan slawediens vir sy werk nie, want hulle was krygsmanne, bevelvoerders van sy adjudante^w en aanvoerders van sy strydwamag en ruitery. ¹⁰*Hulle was ook die hoofopsieners van koning Salomo — tweehonderd-en-vyftig wat gesag uitgeoefen het oor die mense.

¹¹ Die dogter van die farao is deur Salomo uit die Dawidstad opgeneem na die paleis wat hy vir haar gebou het,* want hy het gesê: “'n Vrou van my mag nie in die paleis van Dawid, die koning van Israel, woon nie, want die plekke waar die ark van die HERE gekom het, is heilig.”

¹² Daarna het Salomo op die altaar van die HERE wat hy voor die portaal gebou het, aan die HERE brandoffers gebring ¹³ volgens die

*8:5-18 1 Kon 9:17-28

*8:5 Bet-Goron-Bo en Bet-Goron-Onder: Jos 16:3,5

^v8:6 stede ... perde: Word ook vertaal “stede vir die perderuiters”.

*8:7-8 Gen 15:18-21; Jos 15:63; 17:12; Rig 1:21-36

^w8:9 adjudante: In Hebreeus *sjelisjim*, vermoedelik die persone derde in bevel.

*8:10 1 Kon 5:16

*8:11 dogter ... gebou het: 1 Kon 3:1; 7:8

vereiste van elke dag, dit wat, ooreenkomstig die bevel van Moses, geoffer moes word op die Sabbatte, tydens die nuwemaansfeeste en die vaste feestye — drie keer per jaar by die Fees van die Ongesuurde Brood,^x die Fees van die Weke^y en die Huttefees.^z

¹⁴ Hy het toe, volgens die voorskrif van sy vader Dawid, die afdelings van die priesters laat aantree vir hulle dienswerk, en die Leviete vir hulle verpligtinge om in die teenwoordigheid van die priesters lof te bring en om te dien volgens die vereiste van elke dag. Hy het ook die poortwagte in hulle afdelings laat aantree^a by elke poort, want dit was die opdrag van Dawid, die man van God. ¹⁵ Hulle het nie afgewyk van die koning se opdrag aan die priesters en die Leviete oor enige saak of oor die skatkamers nie.

¹⁶ So is al die werk van Salomo uitgevoer, van die dag af dat die fondament van die huis van die HERE gelê is tot by die voltooiing daarvan. Die huis van die HERE was volledig afgerond.

¹⁷ Daarna het Salomo na Es-jon-Geber en na Elat,^{b*} aan die seekus in

^x**8:13 Fees ... Brood:** 'n Fees wat begin het met die •Pasga en wat sewe dae lank aangehou het, van 14 tot 21 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is. In daardie sewe dae moes die Israeliete brood eet wat nie suurdeeg bevat nie; •Feeste.

^y**8:13 Fees ... Weke:** Ook genoem Fees van die Oes, is gevier sewe weke ná die begin van die graanoes, die dag waarop die eerste gerf gars gesny is wat voor die HERE aangebied moes word. Dit het gewoonlik gebeur teen •Pasga, sodat die Fees van die Weke sewe weke (50 dae) ná Pasga gevier is.

^z**8:13 Huttefees:** Ook genoem die Fees van die Insameling, 'n sewedaagse oesfees wat in die sewende maand op 15-22 •Tisri (of •Etanim,) gevier is.

^a**8:14 laat aantree:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^b**8:17 Elat:** Die bronteks lui “Elot”, klaarblyklik 'n wisselvorm vir Elat; vgl 2 Kon 16:6.

^{*}**8:17 Es-jon-Geber ... Elat:** Deut 2:8

die gebied van Edom gegaan. ¹⁸ Hiram het aan hom skepe onder bevel van sy dienaars beskikbaar gestel, asook dienaars wat die see geken het, en hulle het saam met Salomo se dienaars na Ofir gevaar. Hulle het van daar af vierhonderd-en-vyftig kikar^c goud gebring en dit na koning Salomo geneem.

9

Koningin van Skeba

¹ ******Toe die koningin van Skeba^d die berigte oor Salomo hoor, het sy gekom om Salomo met raaisels te toets* in Jerusalem. Met 'n baie groot gevolg, kamele gelaai met speserye, groot hoeveelhede goud en edelstene, het sy by Salomo aangekom. Sy het met hom gepraat oor alles wat sy op die hart gehad het. ² Salomo het vir haar verklarings gegee vir al die sake wat sy aangeroe het. Daar was geen saak vir Salomo verborge nie, geen saak waaroor hy nie vir haar 'n verklaring kon gee nie. ³ *****Toe die koningin van Skeba sien hoe wys Salomo is, ook die paleis wat hy gebou het, ⁴ die kos op sy tafel, die plasing van sy amptenare, sy bediendes wat gereed staan, hulle uitrustings, sy skinkers en hulle uitrustings, en sy brandoffers wat hy bring^e in die huis van die

^c**8:18 450 kikar:** Ongeveer 15 ton; •Geldeenhede.

***9:1-24** 1 Kon 10:1-25

***9:1-12** Matt 12:42; Luk 11:31

^d**9:1 Skeba:** 'n Gebied in die suide van Arabië.

***9:1 met raaisels te toets:** Vgl Rig 14:12

***9:3-6** Luk 12:27

^e**9:4 sy brandoffers ... bring:** Die •bronteks lui “sy bovertrek waarheen hy opgaan”. Die Hebreeuse woord “sy bovertrek ” is hier waarskynlik 'n verskrywing van “sy brandoffers”; vgl 1 Kon 10:5. In Hebreeus lyk die twee woorde byna dieselfde.

HERE, het dit haar asem weggeslaan. ⁵ Sy sê toe vir die koning: “Die storie wat ek in my land gehoor het oor u prestasies en u wysheid was werklik waar, ⁶ maar ek het die stories nie geglo nie, totdat ek gekom en dit met my eie oë gesien het. Kyk, die helfte is my nie vertel oor die omvang van u wysheid nie. U oortref die gerugte wat ek gehoor het. ⁷ Hoe gelukkig is u manne, hoe gelukkig hierdie dienaars van u, hulle wat voortdurend in u diens staan, hulle wat u wysheid aanhoor. ⁸ Die HERE u God moet geprys word,* Hy wat u so goedgesind is om u op die troon te plaas as koning vir die HERE u God. Omdat u God Israel liefhet,* en hulle altyd staande hou, het Hy u as koning oor hulle aangestel om reg en geregtigheid te laat geskied.*”

⁹ *Sy het toe vir die koning honderd-en-twintig kikar^f goud en 'n baie groot hoeveelheid speserye en edelstene gegee. Daar was nog nooit soveel^g speserye byeen soos wat die koningin van Skeba vir koning Salomo gegee het nie.

¹⁰ Verder het die dienaars van Huram en Salomo wat goud uit Ofir gebring het, ook jeneverhout* en edelstene gebring; ¹¹ en van die jeneverhout het die koning trappe^h gemaak vir die huis van die HERE en vir die paleis van die koning, en ook liereⁱ en harpe^j vir die sangers. So

*9:8 Die ... word: Vgl 1 Kon 5:7

*9:8 Hy ... liefhet: Vgl 2 Kron 2:11

*9:8 reg ... geskied: 2 Sam 8:15; Ps 72:2

*9:9 Ps 72:10

^f9:9 120 kikar: Net meer as 4 ton; •Geldeenhede.

^g9:9 soveel: Word ook vertaal “sulke”.

*9:10 jeneverhout: 2 Kron 2:8

^h9:11 trappe: Die vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “paaie”; vgl 1 Kon 10:12.

ⁱ9:11 liere: Driehoekige snaarinstrumente met vier snare.

^j9:11 harpe: Driehoekige snaarinstrumente met 'n klankbord.

iets is nog nooit tevore in die gebied van Juda gesien nie.

¹² Koning Salomo het op sy beurt vir die koningin van Skeba alles gegee wat sy wou hê en waarvoor sy gevra het, meer as waarmee sy by die koning aangekom het. Daarna het sy die terugtog aangepak en na haar land gegaan, sy en haar dienaars.

Salomo se rykdom

¹³ Die gewig van die goud wat in een jaar vir Salomo ingekom het, was seshonderd ses-en-sestig kikar.^k ¹⁴ Dit was afgesien van die goud wat gekom het van die handelsreisigers en wat die handelaars gebring het. Al die konings van die Arabiere en die streeksgoewerneys van die land het telkens vir Salomo goud en silwer gebring.

¹⁵ Koning Salomo het tweehonderd grootskilde^l gemaak met geplette goud daarop. Met seshonderd sikkels^m geplette goud het hy elke skild oorgetrek. ¹⁶ Hy het ook driehonderd kleinskilde gemaak met geplette goud daarop. Elkeen van hierdie skilde het hy met driehonderd sikkelsⁿ goud oorgetrek. Die koning het dit in die saal, genoem Bos van die Libanon,^o geplaas.

¹⁷ Die koning het 'n groot troon van ivoor gemaak en dit met suiwer goud oorgetrek. ¹⁸ Daar was ses trappe vir die troon en 'n voetbank van goud wat aan die troon verbind was. Daar was armleunings aan elke kant van die sitplek, met twee leus wat langs die armleunings staan.

¹⁹ Twaalf leus het daar op die ses trappe gestaan, ses aan elke kant. So

^k9:13 666 kikar: Byna 23 ton.

^l9:15 grootskilde: Lang, ovaalvormige skilde van hout, metaal of leer om die hele liggaam te beskerm.

^m9:15 600 sikkels: Ongeveer 7 kg; •Geldeenhede.

ⁿ9:16 300 sikkels: Ongeveer 3,5 kg.

^o9:16 saal ... Libanon: Letterlik 'die huis van die bos van die Libanon'. Word ook vertaal "paleis van die bos van die Libanon"; vgl 1 Kon 7:2; 10:17,21.

iets is nog nooit vir enige koninkryk gemaak nie.

²⁰ Al die drinkgerei van koning Salomo was van goud, en al die toebehore in die saal, Bos van die Libanon, was van fyn goud. Daar was nie silwer nie. Dit is in koning Salomo se tyd as waardeloos geag,

²¹ want die koning het skepe gehad wat, met die dienaars van Hiram daarop, na Tarsis kon vaar. Een keer in drie jaar het die handelskepe^p aangekom, gelaai met goud en silwer, ivoor, bobbejane en ape.^q

²² So het koning Salomo in rykdom en wysheid al die konings van die aarde oortref. ²³ * Al die konings van die aarde het Salomo se teenwoordigheid gereeld opgesoek^r om sy wysheid te hoor, die wysheid wat God in sy hart gegee het. ²⁴ Elkeen het sy geskenk saamgebring: artikels van silwer en goud, kledingstukke, wapens en speserye, perde en muile. Dit het jaar ná jaar gebeur.

²⁵ Salomo het vierduisend stalle vir die perde en strydwaens gehad, en die strydwabemanning was twaalfduisend.^s Hy het hulle in die strydwastede en by hom, die koning, in Jerusalem gehou.

²⁶ Hy het oor al die konings geheers; van die Rivier^t af tot in die land van die Filistyne en tot teen die grens van Egipte. ²⁷ * Die koning het silwer in Jerusalem so volop soos klippe gemaak, en sederhout so volop

^p**9:21 handelskepe:** Kan ook vertaal word “skepe van Tarsis”; vgl 1 Kon 22:49; Ps 48:8; Jes 2:16.

^q**9:21 bobbejane en ape:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woorde. Word ook vertaal “ape en poue”.

^{*}**9:23** 1 Kon 4:34

^r**9:23 teenwoordigheid ... opgesoek:** 'n Vaste Hebreeuse uitdrukking vir 'n koninklike oudiënsie.

^s**9:25 12 000:** Elke strydwa het drie bemanningslede gehad; vgl 1 Kon 4:26.

^t**9:26 die Rivier:** Dit verwys na die Eufraat. In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

^{*}**9:27-28** 1 Kon 10:27-28; 2 Kron 1:15-16

soos wildevyebome in die Sjefela.^{u 28} Perde is vir Salomo uit Egipte en al die ander lande ingevoer.

Salomo se dood

²⁹ *Die res van die geskiedenis van Salomo, die vroeëre en latere geskiedenis, is dit nie opgeteken in die Geskiedenis van Natan, die profeet,* in die Profesie van Agija, die man uit Silo, en in die Visioen van die siener Jedi oor Jerobeam, seun van Nebat, nie? ³⁰ Salomo het in Jerusalem veertig jaar lank oor die hele Israel regeer. ³¹ Salomo het by sy voorouers gaan rus, en hulle het hom in die Stad van Dawid, sy vader, begrawe. Sy seun Rehabeam het in sy plek koning geword.

10

Skeuring van die ryk

¹ *Rehabeam* het na Sigem^v gegaan, want dit was na Sigem waarheen die hele Israel gekom het om hom koning te maak. ² *Toe Jerobeam, seun van Nebat, dit hoor — hy was nog steeds in Egipte, waarheen hy van koning Salomo af weggevlug het — het hy uit Egipte teruggekeer. ³ Hulle het hom toe ontbied, en Jerobeam en die hele Israel het gekom en met Rehabeam gepraat en gesê: ⁴ “U vader het ons juk hard gemaak.*

^u**9:27 Sjefela:** Die laer liggende heuwellandskap wes van die sentrale bergland in Palestina.

***9:29-31** 1 Kon 11:41-43

***9:29 Natan, die profeet:** 2 Sam 7:2-17; 12:1-15

***10:1 — 11:4** 1 Kon 12:1-24

***10:1 Rehabeam:** 1 Kon 11:43; 1 Kron 3:10; Matt 1:7

^v**10:1 Sigem:** Sigem was 'n belangrike heiligdom van ou Israel; vgl Gen 12:6-7; Jos 24:1-28.

***10:2** 1 Kon 11:26,40

***10:4 U ... gemaak:** 1 Kon 5:13-14; 9:15

Maak nou die harde slawewerk van u vader en die swaar juk wat hy op ons gelê het, ligter, dan sal ons u dien.”⁵ Hy het vir hulle gesê: “Kom oor drie dae weer terug na my.” Die volk het toe weggegaan.

⁶ Koning Rehabeam vra toe raad by die oudstes^w wat in sy pa, koning Salomo, se diens gestaan het toe hy nog geleef het: “Wat raai julle my aan moet die antwoord aan hierdie volk wees?”⁷ Hulle het vir hom gesê: “As u dit goed bedoel met hierdie volk, hulle goedgesind is en mooi met hulle praat, sal hulle altyd u dienaars wees.”

⁸ Hy het egter die raad van die oudstes wat hulle hom gegee het, in die wind geslaan en raad gevra by die jong manne^x wat saam met hom grootgeword en in sy diens gestaan het. ⁹ Hy het vir hulle gevra: “Wat raai julle my aan moet ons hierdie volk antwoord wat vir my gesê het, ‘Verlig die juk wat u vader op ons gelê het?’”¹⁰ Die jong manne wat saam met hom grootgeword het, sê toe vir hom: “So moet jy sê vir die volk wat vir jou gesê het, ‘U vader het ons juk swaar gemaak; maar u, maak dit ligter op ons!’ So moet jy dit aan hulle stel, ‘My pinkie^y is dikker as my vader se middellyf. ¹¹ Daarom, my vader het 'n swaar juk op julle gelê; maar ek gaan by julle juk nog byvoeg. My vader het julle met swepe gekasty; maar ek sal dit met skerpioene^z doen.’ ”

¹² Jerobeam en die hele volk het toe op die derde dag na Rehabeam toe gekom, soos die koning met hulle afgespreek het deur te sê: “Kom terug na my op die derde dag.”¹³ Die koning het die volk hard geantwoord; ja, koning Rehabeam het die raad van die oudstes in die

^w**10:6 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

^x**10:8 jong manne:** Kan ook vertaal word “seuns”.

^y**10:10 My pinkie:** Letterlik ‘my kleintjie’. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Sommige is van mening dat dit na die geslagsorgaan verwys.

^z**10:11 skerpioene:** Dit verwys metafories na 'n slaanding met skerp voorwerpe.

wind geslaan. ¹⁴ In ooreenstemming met die raad van die jong manne, het hy hulle aangespreek: “Ek sal julle juk swaar maak,^a en ek gaan dit nog erger maak. My vader het julle met swepe gekasty, maar ek met skerpioene.” ¹⁵ Die koning het nie na die volk geluister nie — want dit was 'n beskikking van God, sodat Hy sy belofte wat Hy by monde van Agija, die man uit Silo, aan Jerobeam, seun van Nebat, gemaak het,^{*} gestand kon doen.

¹⁶ Toe die hele Israel sien^b dat die koning nie na hulle luister nie, het die volk die koning geantwoord:

“Watter aanspraak het ons op Dawid?

Ons het geen erfdeel

in die seun van Isai nie;

elkeen na sy tente toe, Israel!^{*}

Sien nou om na jou eie huis, Dawid!”

Die hele Israel het toe na hulle tente gegaan.

¹⁷ ^{*}Die Israëliete wat in die dorpe van Juda woon, slegs oor hulle het Rehabeam regeer. ¹⁸ Koning Rehabeam het Hadoram,^c wat in bevel van die dwangarbeid was, gestuur, maar die Israëliete het hom met klippe gegooi en hy het gesterf. Koning Rehabeam het daarin geslaag om op sy

^a**10:14 Ek ... maak:** Verskillende Hebreeuse mss en gedrukte uitgawes van die Hebreeuse teks sowel as die vroeë vertalings lui “My vader het julle juk swaar gemaak”.

^{*}**10:15 belofte ... gemaak het:** 1 Kon 11:29-39

^b**10:16 sien:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel; vgl 1 Kon 12:16.

^{*}**10:16 Watter ... Israel:** Vgl 2 Sam 20:1

^{*}**10:17** 1 Kon 11:13,32,36

^c**10:18 Hadoram:** In die parallelle teks 1 Kon 12:8 is die naam Adoniram.

strydwa te klim en na Jerusalem te vlug. ¹⁹ *So het Israel in verset gekom teen die huis van Dawid. Dit is vandag nog so.

11

¹ Toe Rehabeam in Jerusalem aankom, roep hy die hele huis van Juda en Benjamin byeen — honderd-en-tagtigduisend^d uitgesoektes wat kan oorlog maak — om teen Israel te veg en die koningskap vir Rehabeam terug te kry. ² Maar die woord van die HERE het tot Semaja, die man van God, gekom: ³ “Sê vir Rehabeam, seun van Salomo, die koning van Juda, en vir die hele Israel^e in Juda en Benjamin, ⁴ “So sê die HERE: “Julle mag nie optrek nie, en julle mag nie teen julle broers veg nie. Keer terug, elkeen na sy huis, want wat gebeur het, is deur my toedoen.” ’ ’ Hulle het die woorde van die HERE gehoorsaam en teruggekeer van die veldtog teen Jerobeam.

Vestingstede van Rehabeam

⁵ Rehabeam het hom in Jerusalem gevestig en dorpe in Juda tot versterkte stede uitgebou. ⁶ Hy het Betlehem, Etam en Tekoa uitgebou, ⁷ ook Bet-Sur, Soko en Adullam, ⁸ Gat, Maresa* en Sif, ⁹ Adorajim, Lagis en Aseka, ¹⁰ Sora, Ajalon en Hebron. Dit was versterkte stede in Juda en Benjamin. ¹¹ Hy het die vestingstede versterk en daarin leiers, voorrade kos, olie en wyn geplaas, ¹² asook grootskilde^f en steekspiese in elke enkele stad. Hy

*10:19 2 Kon 17:21

^d11:1 180 000: Kan ook vertaal word “honderd-en-tagtig afdelings”.

^e11:3 Israel: In *Kronieke* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor Juda gaan.

*11:4 want ... toedoen: 2 Kron 10:15

*11:8 Maresa: 2 Kron 14:9

^f11:12 grootskilde: Lang, ovaalvormige skilde van hout, metaal of leer om die hele liggaam te beskerm.

het hulle tot die uiterste versterk, en Juda en Benjamin het vir hom behoue gebly.

Priesters en Leviete in Juda

¹³ *Die priesters en Leviete in die hele Israel het hulle uit al hulle gebiede by hom geskaar. ¹⁴ Ja, die Leviete het hulle meent- en erfgronde agtergelaat en na Juda en Jerusalem gegaan, omdat Jerobeam en sy seuns hulle uit priesterdiens aan die HERE uitgesluit het, ¹⁵ en vir homself priesters aangestel het vir die offerhoogtes^g en vir die veldgode^h en die kalwers wat hy gemaak het. ¹⁶ Die Leviete is gevolg deur menseⁱ uit al die stamme van Israel wat hulle hart daarop gerig het om die HERE, die God van Israel, te soek. Hulle het na Jerusalem gekom om vir die HERE, die God van hulle voorouers, offers te slag. ¹⁷ *Hulle het die koninkryk van Juda versterk en Rehabeam, seun van Salomo, drie jaar lank ondersteun, omdat hulle vir drie jaar die pad van Dawid en Salomo gevolg het.

Rehabeam se vroue en kinders

¹⁸ Rehabeam het vir hom Magalat as vrou geneem. Sy was die dogter van Jerimot, seun van Dawid en Abihajil, * dogter van Eliab, seun van Isai. * ¹⁹ Sy het vir hom seuns in die wêreld gebring: Jeüs, Semarja en Saham.

* **11:13-15** Num 35:2-8; 2 Kron 13:9; vgl 1 Kon 12:26-31

^g**11:15 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

^h**11:15 veldgode:** Dit verwys waarskynlik na harige bokagtige gode wat volgens die opvatting van die tyd in die woestyn gebly het.

ⁱ**11:16 Die ... mense:** Die •bronteks lui “agter hulle aan”.

* **11:17** 2 Kron 12:1

* **11:18 Abihajil:** 1 Sam 25:42

* **11:18 Eliab ... Isai:** 1 Kron 2:13

²⁰ Ná haar het hy Maäka, dogter van Absalom,^{j*} as vrou geneem. Sy het vir hom Abia,^{*} Attai, Sisa en Selomit in die wêreld gebring. ²¹ Rehabeam het Maäka, Absalom se dogter, liewer gehad as al sy ander vroue en byvroue. Ja, hy het agtien vroue en sestig byvroue geneem. Hy het agt-en-twintig seuns en sestig dogters verwek.

²² Rehabeam het Abia, seun van Maäka, as hoof en leier aangestel oor sy broers, want hy wou hom koning maak. ²³ Hy was verstandig en het van sy seuns oor al die gebiede van Juda en Benjamin uitgeplaas, in al die versterkte stede. Hy het aan hulle kosvoorraad in oorvloed verskaf en 'n menigte vroue vir hulle uitgesoek.

12

Veldtog van Egipte in Juda

¹ *Toe Rehabeam se koningskap stewig gevestig was en hy magtig geword het, het hy die wet van die HERE verlaat, en die hele Israel^k saam met hom. ² *Omdat hulle ontrou was aan die HERE, gebeur dit toe dat Sisak, die koning van Egipte, in die vyfde regeringsjaar van koning Rehabeam optrek teen Jerusalem ³ *met eenduisend tweehonderd strydwaens, sestigduisend perderuiters en ontelbare manskappe wat saam met hom uit Egipte gekom het: Libiërs, Sukkiete en Kussiete.¹ ⁴ Hy

^j**11:20 Absalom:** In 1 Kon 15:10 is die naam Abisalom.

^{*}**11:20 Maäka ... Absalom:** 1 Kon 15:2,10

^{*}**11:20 Abia:** 1 Kon 14:31; 1 Kron 3:10; 2 Kron 13:1 — 14:2; Matt 1:7

^{*}**12:1** 2 Kron 9:31; 11:17; 12:13-14

^k**12:1 Israel:** In *Kronieke* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor Juda gaan.

^{*}**12:2** 1 Kon 11:40; 14:25

^{*}**12:3** 2 Kron 16:8; Dan 11:43; Nah 3:9

^l**12:3 Kussiete:** Inwoners van Kus, die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

het die versterkte stede van Juda* ingeneem en tot by Jerusalem gevorder. ⁵ Semaja, die profeet,* kom toe na Rehabeam en na die aanvoerders van Juda wat vanweë Sisak se optrede in Jerusalem byeengekom het, en sê vir hulle: “So sê die HERE, ‘Julle het My verlaat, nou laat Ek julle op my beurt in die hand van Sisak.’ ” ⁶ Die aanvoerders van Israel en die koning het hulle verootmoedig en gesê: “Die HERE het gelyk.”

⁷ Toe die HERE sien dat hulle hulle verootmoedig, het die woord van die HERE tot Semaja gekom: “Hulle verootmoedig hulle. Ek sal hulle nie vernietig nie, maar sal binnekort vir hulle uitkoms bied. My toorn sal nie in Jerusalem uitbars deur die toedoen van Sisak nie, ⁸* maar hulle sal sy onderdane word, sodat hulle sal ervaar wat diens aan My inhou teenoor diens aan die koninkryke van ander lande.”

⁹* Toe Sisak, die koning van Egipte, teen Jerusalem opgetrek het, het hy die skatte van die huis van die HERE en die skatte van die koning se paleis geroof — dit alles het hy gevat. Hy het ook al die goue skilde wat Salomo gemaak het,* saamgeneem. ¹⁰ Koning Rehabeam het toe in die plek daarvan bronsskilde gemaak. Hy het dit toevertrou aan die bevelvoerders van die hardlopers^m wat die ingang na die paleis van die koning bewaak het. ¹¹ Telkens wanneer die koning die huis van die HERE binnegegaan het, het die hardlopers ook ingegaan en die skilde gedra, maar dit daarna weer teruggeneem na die wagkamer van die

*12:4 versterkte ... Juda: 2 Kron 11:5-12

*12:5 Semaja die profeet: 2 Kron 11:2

*12:8 Deut 28:47-48; Jes 26:13

*12:9-11 1 Kon 14:26-28

*12:9 goue ... gemaak het: 1 Kon 10:16-17; 2 Kron 9:15-16

^m12:10 hardlopers: Persone wat as 'n soort lyfwag opgetree het en beskikbaar was om opdragte van die koning onmiddellik uit te voer.

hardlopers.

¹² Toe Rehabeam hom verootmoedig het, is die toorn van die HERE van hom afgewend. Hy het hom nie heeltemal vernietig nie. Ook in Juda was daar nog goeie dinge.

Rehabeam se regering en sy dood

¹³ *Koning Rehabeam het sy mag versterk in Jerusalem en het aanhou regeer. Ja, Rehabeam was een-en-veertig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het sewentien jaar lank as koning geheers in Jerusalem, die stad wat die HERE gekies het uit al die stamme van Israel om sy Naam daar te vestig.* Die naam van Rehabeam se moeder was Naäma, die Ammoniet. ¹⁴ Hy het gedoen wat verkeerd is, want hy het nie sy hart daarop gerig om die HERE te soek nie.

¹⁵ *Die vroeëre en latere geskiedenis van Rehabeam, is dit nie as 'n geslagsregister opgeteken in die Geskiedenis van Semaja die profeet en Iddo die siener nie? Daar was voortdurend oorlog tussen Rehabeam en Jerobeam. ¹⁶ Rehabeam het by sy voorouers gaan rus, en hy is in die Stad van Dawid begrawe. Sy seun Abia* het in sy plek koning geword.

13

Abia koning van Juda

¹ *In die agtiende regeringsjaar van koning Jerobeam* het Abia* koning geword oor Juda. ² Hy het drie jaar lank as koning geheers in

*12:13-14 1 Kon 14:21-22

*12:13 Jerusalem, die ... vestig: 2 Kron 6:6

*12:15-16 1 Kon 14:29-31

*12:16 Sy seun Abia: 1 Kon 14:31; 1 Kron 3:10; 2 Kron 13:1 — 14:1; Matt 1:7

*13:1-2 1 Kon 15:1-2

*13:1 koning Jerobeam: 1 Kon 11:26; 12:20; 2 Kon 17:21; 2 Kron 13:6

*13:1 Abia: 1 Kon 14:31; 1 Kron 3:10; Matt 1:7

Jerusalem. Sy moeder se naam was Migaja,ⁿ dogter van Uriël, uit Gibeä.

Daar was oorlog tussen Abia en Jerobeam.³ Abia het die geveg begin met 'n leër van dapper vegters — vierhonderdduisend^o uitgesoektes. Jerobeam het teenoor hom gevegslinies van agthonderdduisend^p opgestel, uitgesoekte manne, dapper krygers.⁴ Abia het toe op die berg Semarajim,^{*} wat in die heuweland van Efraim^{*} is, gaan staan en gesê: “Luister na my, Jerobeam en die hele Israel.⁵ ^{*}Is dit nie aan julle bekend dat die HERE, die God van Israel, die koningskap oor Israel vir altyd aan Dawid, aan hom en sy nageslag, gegee het deur 'n verbond van sout^q nie? ⁶Maar Jerobeam, seun van Nebat, 'n amptenaar van Salomo, seun van Dawid, het opgestaan en teen sy heer in opstand gekom.⁷ ^{*}Ongedissiplineerde manne, deugniete, het om hom byeengekom en kragte saamgesnoer teen Rehabeam, seun van Salomo. Rehabeam was jonk en onervare en kon hom nie teen hulle handhaaf nie.⁸ En nou dink julle dat julle julleself kan handhaaf teen die koningskap van die HERE, wat in die hand van Dawid se nageslag is, terwyl julle so 'n groot menigte is en daar by julle goue kalwers is wat Jerobeam vir julle as gode gemaak het.⁹ ^{*}Het julle nie die priesters van

ⁿ13:2 Migaja: Die •Septuagint en •Peshitta lui “Maäka”; vgl 1 Kon 15:2; 2 Kron 11:20.

^o13:3 400 000: Kan ook vertaal word “vierhonderd afdelings”.

^p13:3 800 000: Kan ook vertaal word “agthonderd afdelings”.

^{*}13:4 berg Semarajim: Jos 18:22

^{*}13:4 heuweland van Efraim: Jos 24:33; Rig 2:9; 17:1

^{*}13:5 2 Sam 7:12; Ps 132:11; Hand 2:29-30

^q13:5 verbond van sout: Wanneer sout in verband met die •verbond genoem word, verwys dit na die permanente aard van die verbond; vgl Num 18:19.

^{*}13:7 2 Kron 10:12-19

^{*}13:8 goue ... gemaak het: 1 Kon 12:28-29

^{*}13:9 1 Kon 12:31; 2 Kron 11:14-15; Gal 4:8

die HERE, die nageslag van Aäron, en die Leviëte, uitgedryf en vir julleself priesters gemaak soos die volke van ander lande nie? Elkeen wat kom met 'n jong bul en sewe ramme om homself te wy, word 'n priester vir nie-gode! ¹⁰ *Maar óns, die HERE is ons God en ons het Hom nie verlaat nie. Die priesters wat die HERE dien, is die nageslag van Aäron, en die Leviëte is in sy diens. ¹¹ *Hulle verbrand elke oggend en elke aand brandoffers en geurige reukwerk vir die HERE. Brood is gerangskik op die rein tafel^r en die goue menora is daar en sy lampe moet elke aand brand. Ja, ons kom die verpligtinge teenoor die HERE ons God na, maar julle het Hom verlaat. ¹² *Kyk, by ons is God aan die hoof, en sy priesters met die trompette is gereed om die oorlogskreet teen julle aan te hef. Israeliete, moenie in 'n geveg teen die HERE, die God van julle voorouers, betrokke raak nie, want julle sal nie slaag nie.”

¹³ Maar Jerobeam het manne omgestuur om 'n hinderlaag aan hulle agterkant op te stel. Hulle was toe voor Juda, en die hinderlaag was agter Juda. ¹⁴ Toe Juda omdraai — kyk, toe is die geveg voor en agter hulle! Hulle het na die HERE om hulp geroep terwyl die priesters op die trompette blaas. ¹⁵ Die manne van Juda het die oorlogskreet aangehef. Toe die manne van Juda die oorlogskreet aanhef, het God vir Jerobeam en die hele Israel voor Abia en Juda uit verslaan.* ¹⁶ Die Israeliete het voor Juda gevlug, en God het hulle in hulle hand gegee. ¹⁷ Abia en sy manskappe het 'n groot slagting onder hulle aangerig — van Israel het daar vyfhonderdduisend uitgesoekte manskappe as gesneuweldes bly lê. ¹⁸ Die Israeliete is by dié geleentheid verneder, en die Judeërs het die

*13:10 Eks 28:1; Num 3:3,6-9

*13:11 Eks 25:3; 2 Kron 2:4; 4:19-20

^r13:11 Brood ... tafel: •Vertoonbrode; vgl Lev 24:6-7.

*13:12 Num 10:8-9; vgl Hand 5:39

*13:15 Jerobeam ... verslaan: Vgl 2 Kron 14:12

oorhand gehad, omdat hulle op die HERE, die God van hulle voorouers, gesteun het. ¹⁹ Abia het Jerobeam agternagesit en dorpe van hom afgeneem: Bet-El* met sy omliggende dorpies, Jesana met sy omliggende dorpies en Efron* met sy omliggende dorpies.

²⁰ Jerobeam het nie weer sy kragte herwin in die tyd van Abia nie. Die HERE het hom getref en hy het gesterf. ²¹ Abia het sy mag egter stewig gevestig.

Hy het vir hom veertien vroue geneem en het twee-en-twintig seuns en sestien dogters verwek. ²² *Die verdere geskiedenis van Abia, sy ondernemings en sy woorde, is opgeteken in die geskrif van Iddo, die profeet.

14

^{1 s*} Abia* het by sy voorouers gaan rus, en hulle het hom in die Stad van Dawid begrawe. Sy seun Asa* het in sy plek koning geword, en in sy tyd het die land tien jaar lank rus gehad.

Asa koning van Juda

^{2 *} Asa het gedoen wat goed en reg is in die oë van die HERE sy God.

³ Hy het die vreemde altare en die offerhoogtes^t verwyder. Hy het die

*13:19 Bet-El: Gen 12:8; 28:19; 35:3; 1 Kon 12:29

*13:19 Efron: 1 Mak 5:46; 11:34; 12:27

*13:22 1 Kon 15:7

^s14:1-15 Die •bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as 13:23 — 14:14.

*14:1 1 Kon 15:8

*14:1 Abia: 2 Kron 13:1-21

*14:1 Sy seun Asa: 1 Kron 3:10; Matt 1:7

*14:2 1 Kon 5:11

^t14:3 offerhoogtes: Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

gedenkstene^u vernietig en die asjeras^v afgekap, ⁴ en Juda aangesê om die HERE, die God van hulle voorouers, te raadpleeg en om sy wet en gebooie uit te voer. ⁵ Uit al die dorpe van Juda het hy die offerhoogtes en wierookaltare verwyder. Die koninkryk het rus gehad onder hom.

⁶ Hy het versterkte stede in Juda gebou, omdat die land rus gehad het. Daar was geen oorlog teen hom in daardie jare nie, want die HERE het vir hom rus gegee.* ⁷ Asa het vir Juda gesê: “Laat ons hierdie dorpe opbou, en rondom mure met wagtoringe, poortdeure en sluitbalke oprig,* terwyl die land nog tot ons beskikking is, omdat ons die HERE ons God gesoek het. Ons het Hom gesoek, en Hy het vir ons aan alle kante rus gegee.” Hulle het toe gebou, en hulle was suksesvol.

⁸ Asa het 'n leër gehad wat grootskilde^w en steekspiese dra, driehonderdduisend^x uit Juda, en uit Benjamin tweehonderd-en-tagtigduisend^y wat die kleinskild dra en die boog span. Hulle almal was dapper krygers. ⁹ *Toe Serag, die Kussiet,^z teen hulle uitgetrek het met 'n leërmag van 'n miljoen en met driehonderd strydwaens, het hy tot by

^u**14:3 gedenkstene:** Regopstaande klippe wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning moes herdenk.

^v**14:3 asjeras:** Voorwerpe wat in die Baälgodsdiens gedien het as simbool van die moedergodin •Asjera; •Baäl.

***14:6 rus gegee:** Vgl 2 Kron 15:15; 20:30

***14:7 dorpe ... oprig:** Vgl 2 Kron 8:5

^w**14:8 grootskilde:** Lang, ovaalvormige skilde van hout, metaal of leer om die hele liggaam te beskerm.

^x**14:8 300 000:** Kan ook vertaal word “driehonderd afdelings”.

^y**14:8 280 000:** Kan ook vertaal word “tweehonderd-en-tagtig afdelings”.

***14:9 2 Kron 16:8**

^z**14:9 Kussiet:** Inwoner van Kus, die Hebreeuse naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

Maresa* gekom. ¹⁰ Asa het teen hom uitgetrek, en hulle het gevegslinies opgestel in die vallei van Sefata by Maresa. ¹¹ *Asa het die HERE sy God aangeroep en gesê: “HERE, niemand is soos U om hulp te verskaf in 'n geveg^a tussen dié wat baie is en dié wat kragteloos is nie. Help ons, HERE ons God, want op U steun ons, en in u Naam kom ons teen hierdie menigte te staan.* HERE, U is ons God; laat sterflinge nie teen U die oorhand kry nie.”

¹² Die HERE het die Kussiete voor Asa en Juda uit verslaan en die Kussiete het gevlug. ¹³ Asa en die manskappe wat by hom was, het hulle agtervolg tot by Gerar.* Van die Kussiete het daar soveel gesneuwel dat nie een van hulle oorleef het nie. Ja, hulle is verpletter voor die HERE en sy leër.

Die Judeërs^b het 'n baie groot buit geneem. ¹⁴ Hulle het al die stede rondom Gerar verslaan, want vrees vir die HERE het die mense oorval.* Hulle het al die dorpe geplunder, want daar was baie buit daarin. ¹⁵ Ook die veekrale het hulle aangeval en groot hoeveelhede kleinvee en kamele weggevoer. Daarna het hulle na Jerusalem teruggekeer.

15

¹ Wat Asarja, seun van Oded* betref — die Gees van God het oor hom gekom, ² en hy het uitgegaan na Asa toe en vir hom gesê: “Luister na

*14:9 Maresa: 2 Kron 11:8

*14:11-12 Vgl 2 Kron 6:35

^a14:11 in 'n geveg: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*14:11 in u ... staan: Vgl 1 Sam 17:45

*14:13 Gerar: Gen 10:19

^b14:13 Die Judeërs: Die bronteks lui “Hulle”.

*14:14 vrees ... oorval: 2 Kron 17:10; 20:29

*15:1 Asarja ... Oded: 2 Kron 15:8; 23:1

my, Asa en die hele Juda en Benjamin! Die HERE is met julle wanneer julle met Hom is. As julle Hom soek, sal Hy Hom deur julle laat vind,* maar as julle Hom verlaat, sal Hy julle verlaat. ³ *'n Lang tyd het vir Israel verloop sonder die ware God, sonder 'n priester wat onderrig gee* en sonder die wet. ⁴ Maar wanneer Israel in sy nood na die HERE, die God van Israel, teruggekeer en Hom gesoek het, het Hy Hom deur hulle laat vind. ⁵ In daardie tye was dit nie veilig vir iemand om uit te gaan of in te kom nie, want daar was groot paniek by al die bewoners van die lande. ⁶ *Nasie het teen nasie en stad teen stad gebots, omdat God hulle verward laat raak het deur elke moontlike teenspoed. ⁷ *Maar julle, wees vasberade en moenie moed verloor^c nie, want daar is 'n beloning vir julle werk.”

⁸ Toe Asa hierdie woorde en die profesie hoor wat die profeet Oded^d uitgespreek het, het hy dapper opgetree en die verfoeilike gode laat verwyder uit die hele gebied van Juda en Benjamin en uit die dorpe in die heuweland van Efraim wat hy ingeneem het.* Hy het die altaar van die HERE wat voor die portaal* van die HERE se huis was, herstel.

⁹ *Daarna het hy die hele Juda en Benjamin byeengebring, asook die

***15:2 Die ... vind:** Deut 4:29; 1 Kron 28:9; 2 Kron 15:15; Jer 29:13-14

***15:3** Hos 3:4-5

***15:3 priester ... gee:** Lev 10:11; 2 Kron 17:8-9; 35:3

***15:6** Matt 24:7; Mark 13:8; Luk 21:10

***15:7** 1 Kor 15:58

^c**15:7 moed verloor:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “moenie julle hande laat slap word nie”.

^d**15:8 Oded:** Die •Peshitta en •Vulgaat lui “Asarja, seun van Oded”; vgl 2 Kron 15:1.

***15:8 dorpe ... ingeneem het:** 2 Kron 13:19

***15:8 altaar ... portaal:** 2 Kron 4:1; 8:12

***15:9** Vgl 2 Kron 11:16

mense uit Efraim en Manasse en Simeon wat tydelike verblyfreg^e by hulle gehad het; want uit Israel het 'n groot aantal mense na hom oorgeloop toe hulle sien dat die HERE sy God met hom was. ¹⁰ Hulle het in Jerusalem byeengekom in die derde maand van die vyftiende jaar van Asa se regering. ¹¹ Hulle het daardie dag vir die HERE offers geslag uit die buit wat hulle saamgebring het: sewehonderd beeste en seweduisend stuks kleinvee. ¹² Hulle het tot die verbond toegetree^f om die HERE, die God van hulle voorouers, te soek met hulle hele hart en hulle hele wese. ¹³ *Elkeen wat nie die HERE, die God van Israel, soek nie, sou doodgemaak word, klein en groot, man en vrou. ¹⁴ *Hulle het hardop 'n eed aan die HERE afgelê, met vreugderoepe en onder die klank van trompette en ramshorings. ¹⁵ Die hele Juda was verheug oor die eed, want hulle het dit met hulle hele hart afgelê, en met volle oorgawe het hulle Hom gesoek. Hy het Hom deur hulle laat vind, en die HERE het vir hulle aan alle kante rus gegee.

¹⁶ *Selfs vir Maäka, grootmoeder* van koning Asa, vir haar het hy as koninginmoeder verwyder omdat sy 'n gruwelike beeld vir Asjera^g

^e**15:9 tydelike verblyfreg:** Persone wat om politieke, godsdienstige of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het. Sulke persone het beskerming geniet; vgl Lev 19:34.

^{*}**15:11 buit ... kleinvee:** 2 Kron 14:13-15

^f**15:12 tot ... toegetree:** Dit verwys na die simboliese handeling by die sluiting van 'n verbond; vgl Eks 24:7-8; Deut 27:14-26.

^{*}**15:13** Eks 22:20; Deut 13:6-9; 17:2-7

^{*}**15:14** Vgl 1 Kron 15:28; Ps 98:6

^{*}**15:16-18** 1 Kon 15:13-15

^{*}**15:16 Maäka, grootmoeder:** 2 Kron 11:20

^g**15:16 Asjera:** 'n Godin wat veral in Fenisië vereer is, maar ook in Palestina, waar sy beskou is as die vrou van •Baäl.

gemaak het. Asa het dié gruwelike beeld afgekap, dit fyngestamp en in die Kidrondal verbrand.* ¹⁷ Die offerhoogtes^h is egter nie uit Israel verwyder nie.* Tog was Asa se hart volkome by die HEREⁱ solank hy geleef het. ¹⁸* Hy het die •heilige gawes van sy pa en sy eie heilige gawes in die huis van God ingeneem — silwer en goud en gebruiksartikels. ¹⁹ Daar was geen oorlog tot in die vyf-en-dertigste jaar van Asa se regering nie.

16

¹* In die ses-en-dertigste jaar van Asa* se regering het Baesa, die koning van Israel,* teen Juda opgetrek. Hy het Rama* versterk om verkeer van en na Asa, koning van Juda, te verhinder. ² Asa neem toe silwer en goud uit die skatkamers van die huis van die HERE* en die paleis van die koning, en stuur dit na Ben-Hadad, die koning van Aram, wat sy setel in Damaskus gehad het,* met dié woorde: ³“Daar is 'n verdrag tussen my en u, tussen my vader en u vader. Kyk, ek stuur vir u silwer en goud. Verbreek dan u verdrag met Baesa, koning van Israel, sodat hy van my

***15:16 in ... verbrand:** 2 Kron 29:16; 30:14

^h**15:17 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

***15:17 Die ... verwyder nie:** Vgl 2 Kron 14:3,5

ⁱ**15:17 by die HERE:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel; vgl 1 Kon 15:14.

***15:18** Vgl 2 Kron 5:1

***16:1-5** 1 Kon 15:17-22

***16:1 Asa:** 1 Kon 15:9-24

***16:1 Baesa ... Israel:** 1 Kon 15:28,33

***16:1 Rama:** 1 Sam 1:19; 7:17; 28:3

***16:2 silwer ... HERE:** 1 Kon 14:26; 15:15; 2 Kron 15:18

***16:2 Ben-Hadad ... gehad het:** 1 Kon 15:18; vgl Jer 49:27; Am 1:4-5

af wegtrek.”⁴ Ben-Hadad het gehoor gegee aan koning Asa en die aanvoerders van sy krygsmag na die dorpe van Israel gestuur. Hulle het Ijon, Dan en Abel-Majim aangeval, en ook al die voorraadstede van Naftali.⁵ Toe Baesa dit hoor, het hy dadelik opgehou om Rama te versterk en sy werk daar gestaak.⁶ Koning Asa, daarenteen, het die hele Juda saamgeneem, en hulle het die klippe van Rama waarmee Baesa gebou het, asook die hout, weggedra. Daarmee het Asa toe Geba en Mispa^j versterk.

⁷ In daardie tyd het die siener Ganani* na Asa, koning van Juda, gekom en vir hom gesê: “Omdat jy op die koning van Aram en nie op die HERE jou God gesteun het nie,* daarom het die leër van die koning van Aram uit jou hand vrygekome.⁸ *Was die Kussiete^k en die Libiërs nie 'n groot leërmag met 'n baie groot getal strydwaens en strydwabemanning^l nie? Maar omdat jy op die HERE gesteun het, het Hy hulle in jou hand gegee.⁹ *Want die HERE, sy oë deurkruis die hele aarde, om hulle wie se harte volkome by Hom is, kragtig by te staan. Hierin het jy dwaas opgetree, want van nou af sal daar oorloë teen jou wees.”¹⁰ Asa het hom vir die siener vererg en hom in die blok^m gesit;* ja, hy was vir hom woedend

^j**16:6 Mispa:** 'n Aanbiddingsplek in Israel, ongeveer 12½ km noordwes van Jerusalem.

***16:7 siener Ganani:** Vgl 1 Kon 16:1; 2 Kron 19:2; 20:34

***16:7 Omdat ... het nie:** Vgl 2 Kron 14:11; Jes 31:1; Jer 17:5

***16:8** 2 Kron 12:3; 14:9-13

^k**16:8 Kussiete:** Inwoners van Kus, die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

^l**16:8 strydwabemanning:** Word ook vertaal “spanne perde”.

***16:9** Job 34:12; Ps 33:13-19; Spr 15:3; Jer 16:17; Sag 4:10; 1 Pet 3:12

^m**16:10 blok:** Dit was twee houtbalke met ooreenstemmende openinge in. Die enkels van die gevangene is daarin vasgeklem.

***16:10 siener ... gesit:** 1 Kon 22:27; 2 Kron 18:26; Jer 20:2

hieroor. Asa het in dieselfde tyd sommige van die volk mishandel.

¹¹ *Kyk, die vroeëre en latere geskiedenis van Asa, is dit nie opgeteken in die boekrol van die konings van Juda en Israelⁿ nie? ¹² In die nege-en-dertigste jaar van sy regering het Asa 'n voetkwaal ontwikkel. Sy siekte het later ernstig geword. Selfs in sy siekte het hy nie die HERE geraadpleeg nie, maar by genesers raad gesoek. ¹³ Asa het by sy voorouers gaan rus. Hy het in die een-en-veertigste jaar van sy regering gesterf. ¹⁴ Hulle het hom begrawe in sy grafkelder wat hy vir hom uitgekap het in die Stad van Dawid. Hulle het hom neergelê op 'n baar, vol allerhande speserye, gemeng met die kundigheid van 'n salfmenger. Hulle het vir hom 'n besonder groot dodevuur laat brand.

17

Josafat koning van Juda

¹ Josafat, sy seun,^{*} het in sy plek koning geword. Hy het sy mag versterk teen Israel. ² *Hy het 'n garnisoen in elkeen van die versterkte stede van Juda geplaas en wagposte^o in die land van Juda opgestel, en ook in die dorpe van Efraim wat Asa, sy vader, verower het. ³ Die HERE was met Josafat, omdat hy die vroeëre paaie van sy voorvader Dawid gevolg het. Hy het nie die Baäls^p geraadpleeg nie, ⁴ maar die God van sy

*16:11-14 2 Kon 15:23-24

ⁿ16:11 boekrol ... Israel: Dit verwys nie na 1 en 2 Konings nie, maar na naamlyste wat verlore is.

*17:1 Josafat, sy seun: 1 Kon 15:24; 1 Kron 3:10; Matt 1:8

*17:2 2 Kron 11:5; 15:8; 17:19; 19:5

^o17:2 wagposte: Kan ook vertaal word “bevelvoerders” of “skildwagte”.

^p17:3 Baäls: Baäl was 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat daar geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21. Die meervoud “Baäls” verwys na verskillende plaaslike uitbeeldings van die afgod.

vader. Sy gebooië het hy nagevolg, en nie die gebruike van Israel nie.

⁵ Daarom het die HERE die koninkryk in sy hand bestendig. Die hele Juda het vir Josafat geskenke gebring, en hy het rykdom en aansien in oorvloed verwerf.* ⁶ Sy hart was in vervoering oor die paaie van die HERE. Hy het toe ook die offerhoogtes^q en die asjeras^r uit Juda verwyder.

⁷ In die derde jaar van sy regering het hy sy hoë amptenare^s Ben-Gajil, Obadja, Sagaria, Netanel en Miga uitgestuur om in die dorpe van Juda onderrig te gee.* ⁸ Hulle is vergesel deur Leviëte. Semaja, Netanja, Sebadja, Asael, Semiramot, Jonatan, Adonia, Tobia en Tob-Adonija was die Leviëte, en saam met hulle was ook die priesters Elisama en Joram. ⁹ Hulle het in Juda onderrig gegee. By hulle was die •boekrol met die Wet van die HERE. Hulle het rondgegaan in al die dorpe van Juda en die mense geleer. ¹⁰ *Vrees vir die HERE het al die koninkryke van die lande wat rondom Juda lê, oorval, sodat hulle nie teen Josafat oorlog gemaak het nie. ¹¹ *Van die Filistyne het vir Josafat belasting, 'n vrag silwer, gebring. Selfs die Arabiere het vir hom kleinvee gebring: seweduisend sewehonderd skaapramme en seweduisend sewehonderd bokramme.

¹² Josafat het met verloop van tyd buitengewoon magtig geword. Hy het in Juda vestings en voorraadstede gebou. ¹³ Hy het groot voorrade

* **17:5 Die hele ... verwerf:** 2 Kron 17:11; 18:1

^q**17:6 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

^r**17:6 asjeras:** Voorwerpe wat in die Baälgodsdiens gedien het as simbool van die moedergodin •Asjera; •Baäl.

^s**17:7 hoë amptenare:** Dit dui die belangrikste verteenwoordigers van die koning aan.

* **17:7 onderrig te gee:** 2 Kron 15:3; 35:3

* **17:10** 2 Kron 14:14; 20:29

* **17:11** 2 Kron 9:26; 21:16; 26:7

in die dorpe van Juda gehad, en krygsmanne, dapper krygers, in Jerusalem. ¹⁴ En dit was hulle monsterring volgens hulle families:

Vir Juda was daar aanvoerders oor duisende:

die bevelvoerder Adna, en saam met hom driehonderdduisend^t
dapper krygers;

¹⁵ langs hom was die aanvoerder Joganan, en saam met hom
tweehonderd-en-tagtigduisend;

¹⁶ langs hom was Amasja, seun van Sikri, wat as vrywilliger vir die
HERE* aangemeld het, en saam met hom tweehonderdduisend
dapper krygers.

¹⁷ Uit Benjamin was daar:

die dapper kryger Eljada, en saam met hom tweehonderdduisend,
gewapen met boë en kleinskilde;

¹⁸ langs hom was Josabad, en saam met hom honderd-en-
tagtigduisend, gewapen vir oorlog.

¹⁹* Hierdie manne was in diens van die koning, naas dié wat die koning
in die versterkte stede, in die hele Juda, geplaas het.

18

¹ Josafat* het rykdom en aansien in oorfloed verwerf,* en toe het hy
Agab* se aangetroude familie* geword. ²* Ná 'n paar jaar het hy na Agab

^t17:14 300 000: Kan ook vertaal word “driehonderd afdelings”. Dieselfde geld vir
2 Kron 17:15-18.

*17:16 vrywilliger ... HERE: Vgl Rig 5:2,9; Neh 11:2

*17:19 2 Kron 17:2

*18:1 Josafat: 1 Kon 15:24; 22:41-51

*18:1 Josafat ... verwerf: 2 Kron 17:5,11

*18:1 Agab: 1 Kon 16:29-33; 18:1 — 22:40

*18:1 Agab ... familie: 2 Kon 8:18; 2 Kron 21:6

*18:2-34 1 Kon 22:2-35

in Samaria* afgegaan. Agab het vir hom en die manskappe by hom kleinvee en beeste in oorvloed geslag, en hom mislei om teen Ramot in Gilead* op te trek. ³ Agab, die koning van Israel, het vir Josafat, die koning van Juda, gevra: “Sal jy saam met my na Ramot in Gilead gaan?” Josafat het hom geantwoord: “Ek is soos jy, en my manskappe is asof dit jou manskappe is, saam met jou in die stryd.” ⁴ Maar Josafat het vir die koning van Israel gesê: “Raadpleeg asseblief net eers die woord van die HERE.”

⁵ Die koning van Israel het toe die profete, vierhonderd man, byeengebring en vir hulle gevra: “Moet ons na Ramot in Gilead gaan vir die geveg, of moet ek daarvan afsien?” Hulle antwoord was: “Trek op! God sal dit in die hand van die koning gee.” ⁶ *Toe vra Josafat: “Is hier nie nog 'n profeet van die HERE nie, sodat ons deur hom die HERE kan raadpleeg?” ⁷ Die koning van Israel het Josafat geantwoord: “Daar is nog een man deur wie ons die HERE kan raadpleeg. Maar ek, ek het 'n weersin in hom, want hy profeteer niks goeds oor my nie, net altyd onheil. Dit is Miga, seun van Jimla.” Josafat sê toe: “Die koning moenie so sê nie.” ⁸ Die koning van Israel ontbied toe 'n lid van sy paleispersoneel^u en sê: “Gaan haal gou vir Miga, seun van Jimla.”

⁹ Terwyl die koning van Israel en Josafat, koning van Juda, elkeen op sy troon gesit het, geklee in koninklike drag, op 'n dorsvloer by die ingang

***18:2 Samaria:** 1 Kon 16:23-24

***18:2 Ramot in Gilead:** Deut 4:43; Jos 20:8; 1 Kon 22:3; 2 Kon 9:1

***18:6** Vgl 2 Kon 3:11

^u**18:8 paleispersoneel:** Belangrike amptenare aan die koninklike hof. Indien hulle in die harem van die koning moes werk, was hulle gewoonlik ontmande persone.

van die stadspoort van Samaria, was al die profete voor hulle in geestesvervoering.^v ¹⁰ Sedekia, seun van Kenaäna, het vir hom ysterhorings* gemaak en gesê: “So sê die HERE, ‘Hiermee gaan u die Arameërs gaffel totdat hulle vernietig is.’ ” ¹¹ Al die ander profete was besig om dieselfde te profeteer en het gesê: “As u optrek na Ramot in Gilead, sal u sukses behaal. Die HERE sal dit in die hand van die koning gee.”

¹² Die boodskapper wat gegaan het om Miga te ontbied, het vir hom gesê: “Kyk, die woorde van die profete is, asof uit een mond, gunstig vir die koning. Laat jou woorde asseblief wees soos een van hulle se woorde. Voorspel iets goeds!” ¹³ Maar Miga het geantwoord: “So waar as die HERE leef, wat my God vir my sê, dit sal ek oordra.”*

¹⁴ Toe hy by die koning aankom, sê die koning vir hom: “Miga, moet ons na Ramot in Gilead gaan vir die geveg of moet ek daarvan afsien?” Hy antwoord hom toe: “As julle optrek, sal julle sukses behaal. Hulle sal in julle hand gegee word.” ¹⁵ Daarop sê die koning vir hom: “Hoeveel keer moet ek jou laat sweer dat jy in die Naam van die HERE met my niks anders as die waarheid sal praat nie?”

¹⁶ Toe sê Miga: “Ek het die hele Israel gesien, uitmekaar gedryf op die berge soos 'n kudde wat nie 'n herder het nie.* Die HERE het gesê, ‘Hierdie mense het geen gesagvoerder nie. Laat elkeen van hulle in vrede terugkeer na sy huis.’ ” ¹⁷ Daarop sê die koning van Israel vir Josafat: “Het ek dit nie vir jou gesê nie? Hy profeteer oor my niks goeds nie, net onheil.” ¹⁸ *Maar Miga het gesê: “Daarom, hoor die woord van

^v**18:9 in geestesvervoering:** Dieselfde woord word in 1 Sam 18:10 gebruik vir die waansinnige optrede van Saul; vgl ook 1 Sam 10:5-6; 1 Kon 18:29. Word ook vertaal “profeteer”.

***18:10 ysterhorings:** Vgl Deut 33:17

***18:13 So ... oordra:** Vgl Num 22:18,38

***18:16 Ek het ... het nie:** Num 27:16-17; Matt 9:36; 26:31; Mark 6:34

***18:18** Op 4:2,9-10; 5:7,13; 7:10; 19:4; 21:5

die HERE! Ek het die HERE sien sit op sy troon,* met die hele hemelse leër* wat by Hom staan, aan sy regter- en aan sy linkerkant. ¹⁹ Toe sê die HERE, ‘Wie sal Agab, die koning van Israel, mislei, sodat hy optrek en val by Ramot in Gilead?’ ”

Verder sê Miga: “Die een het dit voorgestel en die ander dat. ²⁰ 'n Bepaalde gees tree toe na vore, gaan staan voor die HERE en sê, ‘Ék sal hom mislei.’ Toe vra die HERE vir hom, ‘Hoe?’ ²¹ Hy het geantwoord, ‘Ek sal uitgaan en 'n leuengees wees in die mond van al sy profete.’ Daarop sê die HERE, ‘Jy sal hom mislei en ook slaag. Gaan maak so!’ ²² Daarom, kyk, die HERE het 'n leuengees in die mond van hierdie profete* van u geplaas. Die HERE self het onheil teen u gelas.”

²³ Daarop het Sedekia, seun van Kenaäna, na vore gekom; hy het Miga op die wang geslaan* en gesê: “Op watter manier het die Gees van die HERE dan van my af na jou oorgegaan om met jou te praat?” ²⁴ Maar Miga het gesê: “Kyk, jy gaan dit ervaar op daardie dag wanneer jy van een binnekamer na die ander gaan om weg te kruip.”

²⁵ *Toe sê die koning van Israel: “Neem Miga en laat hom teruggaan na Amon, die stadsbestuurder, en Joas, die seun van die koning, ²⁶ en sê, ‘So sê die koning: “Sit hierdie man in die gevangenis, en gee hom 'n karige rantsoen brood en water^w totdat ek ongedeerd terugkom.*” ’ ”

²⁷ Maar Miga het gesê: “As u wel ongedeerd terugkom, het die HERE nie

*18:18 Ek ... troon: Jes 6:1; Dan 7:9-10

*18:18 met ... leër: Job 1:6; 2:1; Heb 1:7,14; 12:2; Op 9:16

*18:22 leuengees ... profete: Jes 19:14; Jer 4:10; Eseg 14:9; 2 Thess 2:11

*18:23 op ... geslaan: Matt 26:67; Mark 14:65; Joh 18:22; Hand 23:2

*18:25-26 Heb 11:36

^w18:26 gee ... water: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “laat hom brood van verdrukking en water van verdrukking eet”. Die uitdrukking het vermoedelik sy oorsprong by die beleëring van 'n stad wanneer kos en water gerantsoeneer is.

*18:26 totdat ... terugkom: 1 Kon 22:37

deur my gespreek nie.” Hy sê toe ook nog: “Mense, luister, almal van julle!”

²⁸ Daarna het die koning van Israel en Josafat, koning van Juda, opgetrek na Ramot in Gilead. ²⁹ Die koning van Israel het vir Josafat gesê: “Ek gaan vermom* in die geveg in, maar dra jy jou koninklike drag.” So het die koning van Israel hom vermom en in die geveg ingegaan.

³⁰ Die koning van Aram het intussen die aanvoeders van sy strydwamag opdrag gegee: “Moet niemand, belangrik of onbelangrik, die stryd aansê nie, behalwe die koning van Israel alleen.” ³¹ Toe die aanvoeders van die strydwamag Josafat sien, sê hulle: “Dit is die koning van Israel!” Hulle het na hom weggedraai om te veg, maar Josafat het om hulp geroep, en die HERE het hom te hulp gekom. God het hulle van hom af wegelok. ³² Toe die aanvoeders van die strydwamag sien dat hy nie die koning van Israel is nie, het hulle agter hom omgedraai.

³³ Iemand het egter lukraak sy boog gespan en die koning van Israel getref tussen die skubbe en die pantser.^x Hy sê toe vir die drywer van sy strydwa: “Ruk die perde om^y en neem my uit die geveg, want ek is swaar gewond.” ³⁴ Die geveg het egter daardie dag hewig geword, en die koning van Israel het hom teenoor die Arameërs tot die aand toe staande gehou op sy strydwa. Teen sonder het hy gesterf.

***18:29 Ek gaan vermom:** Vgl 1 Sam 28:8; 2 Kron 25:22

^x**18:33 skubbe ... pantser:** Die gevegsharnas het waarskynlik bestaan uit 'n soort pantserhemp oor die bors en metaalskubbe oor die arms.

^y**18:33 Ruk ... om:** Letterlik ‘keer jou hand om’. Dit verwys na een van die hande wat die teuels vashou.

19

¹ Josafat, die koning van Juda,* het ongedeerd na sy paleis in Jerusalem teruggekeer. ² Die siener Jehu, seun van Ganani,* het uitgegaan, en in sy gesig vir koning Josafat gesê:^z “Moes jy nou die goddelose help,* en dié wat die HERE haat, liefhê? Om hierdie rede sal 'n woede wat van die HERE uitgaan, oor jou losbreek.* ³ *Tog is daar by jou goeie dinge gevind, want jy het die asjeras^a uit die land uitgeroei en jou hart daarop gerig om God te soek.”

Aanstelling van regters

⁴ Josafat het in Jerusalem gewoon, maar het weer uitgegaan tussen die mense, van Berseba* af tot in die heuweland van Efraim.* Hy het hulle laat terugdraai na die HERE, die God van hulle voorouers. ⁵ Hy het regters aangestel* in die land, in al die versterkte stede* van Juda, stad vir stad. ⁶ *Hy het vir die regters gesê: “Julle moet besef wat julle besig is om te doen, want julle spreek nie reg vir mense nie, maar vir die HERE. Hy staan julle by in die regspraak. ⁷ Daarom, laat vrees vir die

*19:1 Josafat ... Juda: 1 Kon 15:24; 22:1-33; 2 Kron 17:1 — 18:23

*19:2 Jehu ... Ganani: 1 Kon 16:1; 2 Kron 20:34

^z19:2 uitgegaan ... gesê: Letterlik ‘hy het uitgegaan na sy gesig ... gesê’.

*19:2 goddelose help: 1 Kon 22:4; 2 Kron 18:3

*19:2 woede ... losbreek: 2 Kron 19:10; 24:18; 25:15; 32:25

*19:3 2 Kron 17:4,6

^a19:3 asjeras: Voorwerpe wat in die Baälgodsdiens gedien het as simbool van die moedergodin •Asjera; •Baäl.

*19:4 Berseba: Gen 21:31; 22:19

*19:4 heuweland van Efraim: Jos 24:33; Rig 2:9; 17:1

*19:5 regters aangestel: Vgl Deut 16:18

*19:5 versterkte stede: 2 Kron 11:5; 17:2

*19:6-7 Vgl Lev 19:15; Deut 1:17; Ef 6:9; Kol 3:25

HERE julle lei.^b Tree nougeset op, want by die HERE ons God is daar geen onreg, partydigheid of aanvaarding van omkoopgeskenke nie.”

⁸ Ook in Jerusalem het Josafat van die Leviete, priesters en familiehoofde van Israel^c aangestel vir sake wat betrekking het op die wet van die HERE, en vir gewone regsgerigte. Hulle het in Jerusalem gewoon.^d ⁹ Hy het hulle beveel: “So moet julle optree: met ontsag vir die HERE, met betroubaarheid en met onverdeelde harte. ¹⁰ In enige regsak wat voor julle kom, afkomstig van julle volksgenote wat in hulle dorpe woon, moet julle hulle waarsku, sodat hulle nie voor die HERE skuldig staan nie — of dit nou gaan oor bloedwraak, of 'n beslissing in verband met 'n gebod, voorskrifte en bepalings — en daar dan nie 'n woede oor julle en julle volksgenote losbreek nie. Julle moet so optree dat julle nie skuldig staan nie. ¹¹ Kyk, die hoofpriester Amarja* is oor julle aangestel vir enige saak met betrekking tot die HERE, en Sebadja,* seun van Ismael, die leier van die huis van Juda, vir enige saak wat betrekking het op die koning. As regsbeamptes is die Leviete tot julle beskikking. Wees onwrikbaar in julle optrede; en mag die HERE met die goeies wees!”

^b**19:7 julle lei:** Letterlik ‘oor julle wees’.

^c**19:8 Israel:** In *Kronieke* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor Juda gaan.

^d**19:8 regsgerigte ... gewoon:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks wat lui “regsgerigte. En hulle het teruggekeer na Jerusalem”. Die •Septuagint en die •Oudlatynse vertaling lui “regsgerigte van die inwoners van Jerusalem”; vgl egter 2 Kron 19:10. Die huidige lesing is verkry deur vokaalwysiging.

***19:11 Amarja:** 1 Kron 6:11

***19:11 Sebadja:** 2 Kron 17:8

Oorwinning oor Moabiete en Ammoniete

¹ 'n Tyd daarna het die Moabiete* en Ammoniete,* en saam met hulle van die Meüniete,^e teen Josafat opgetrek om oorlog te voer. ² Mense het gekom en Josafat ingelig: “'n Groot menigte trek teen u op van anderkant die see,^f van Aram se kant af. Kyk, hulle is al by Gaseson-Tamar.*” Gaseson-Tamar is En-Gedi.^g ³ Josafat was bang, en hy was vasbeslote om die HERE te raadpleeg.* Hy het 'n vasdag uitgeroep* oor die hele Juda. ⁴ Juda het toe byeengekom om by die HERE hulp te soek; ja, uit al die dorpe van Juda het hulle gekom om die HERE te soek.

⁵ Josafat het in die byeenkoms van Juda en Jerusalem, in die huis van die HERE, voor die nuwe binneplein gestaan ⁶ en gesê: “HERE, God van ons voorouers, is U nie 'n God wat in die hemel is nie? U heers oor al die koninkryke van die nasies. In u hand is krag en mag, en niemand kan teen U standhou nie.* ⁷ Is dit nie U, ons God, wat die inwoners van hierdie land voor U volk Israel uitgedryf het en dit vir ewig aan die

*20:1 Moabiete: Gen 19:37; 2 Kon 1:1; 3:4,7

*20:1 Ammoniete: Gen 19:36,38; Vgl 2 Kron 12:13

^e20:1 Meüniete: Verskillende mss van die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “van die Ammoniete”; vgl 1 Kron 4:41; 2 Kron 26:7.

^f20:2 die see: Dit is die Dooie See.

*20:2 Gaseson-Tamar: Gen 14:7

^g20:2 En-Gedi: 'n Oase in die woestyn op die suidwestelike oewer van die Dooie See, 45 km suid van Jerigo. Die naam beteken ‘bokfontein’; vgl 1 Sam 24:2.

*20:3 die HERE te raadpleeg: 2 Kron 19:3

*20:3 vasdag uitgeroep: Vgl 1 Sam 7:6; 1 Kon 21:9; Esra 8:21; Jer 36:9; Joël 1:14; Jona 3:5

*20:6 HERE ... standhou nie: Deut 4:35,39

nageslag van u vriend Abraham* gegee het nie? ⁸ Hulle het daarin gaan woon en vir U daarin 'n heiligdom tot eer van u Naam gebou, en gesê, ⁹ *‘As daar onheil oor ons kom — die swaard, oordeel, pessiëkte, hongersnood — sal ons voor hierdie huis, voor U gaan staan, omdat u Naam in hierdie huis is, en omdat ons in ons nood na U om hulp roep, sal U hoor en red.’ ¹⁰ *Maar nou, hier is die mense van Ammon, Moab en die Seirberge. U het Israel, toe hulle uit Egipteland op pad was, nie toegelaat om naby hulle te kom nie. Ja, Israel het van hulle af weggedraai en hulle nie vernietig nie. ¹¹ En kyk hoe vergoed hulle ons — hulle kom en verdryf ons uit u eiendom wat U aan ons as besitting gegee het. ¹² Ons God, sal U hulle dan nie oordeel nie, want ons het nie die krag om hierdie groot menigte wat teen ons optrek, teen te staan nie. Ons self weet nie wat om te doen nie, maar op U is ons oë gerig.*”

¹³ Die hele Juda het voor die HERE gestaan, selfs hulle kleuters, hulle vroue en kinders. ¹⁴ Jagasiël, seun van Sagaria, seun van Benaja, seun van Jeïel, seun van Mattanja, 'n Leviet uit die nageslag van Asaf,* oor hom het die Gees van die HERE midde-in die byeenkoms gekom,* ¹⁵ en hy het gesê: “Luister mooi, die hele Juda, inwoners van Jerusalem en u, koning Josafat! So sê die HERE vir julle, ‘Julle moenie bang wees of julle laat afskrik deur hierdie groot menigte nie, want dit is nie julle geveg nie, maar God s'n. ¹⁶ Trek môre af, teen hulle uit. Kyk, hulle gaan met die opdraande van Hassis opkom, en julle sal hulle by die eindpunt van die dal voor die Jeruelwoestyn aantref. ¹⁷ Julle hoef nie in hierdie geval

*20:7 u vriend Abraham: Jes 41:8; Jak 2:23

*20:9 1 Kon 8:33,37; 2 Kron 6:20,28-30; Esra 10:1; Eseg 14:21

*20:10 Deut 2:1-19; Rig 11:15-18

*20:12 op U ... gerig: Ps 25:15; 123:1-2; 141:8

*20:14 Asaf: 1 Kron 16:5; 25:1-2; 2 Kron 5:12

*20:14 oor ... gekom: Vgl 2 Kron 15:1

te veg nie. Neem stelling in, Juda en Jerusalem, staan en aanskou dan die verlossing deur die HERE wat met julle is! Moenie bang wees nie en moet julle nie laat afskrik nie. Trek môre teen hulle uit, en die HERE sal met julle wees.*” ”

¹⁸ *Toe kniel Josafat met sy gesig na die grond. Die hele Juda en die inwoners van Jerusalem het voor die HERE neergeval om voor die HERE in aanbidding te buig. ¹⁹ Die Leviëte uit die nageslag van Kehat* en die nageslag van Korag* het opgestaan om die HERE, die God van Israel, met baie harde stemme te loof.

²⁰ Hulle^h het vroeg die oggend opgestaan en uitgetrek na die woestyn van Tekoa.ⁱ Terwyl hulle uittrek, het Josafat gaan staan en gesê:

“Luister na my, Juda
en inwoners van Jerusalem!
Vertrou op die HERE julle God,
dan bly julle behoue;
vertrou op sy profete,
dan behaal julle sukses.”

²¹ Nadat hy met die manskappe beraadslaag het, het hy sangers vir die HERE aangestel wat sy glansryke heiligheid moes loof terwyl hulle voor die gewapende manne uitgaan. Hulle moes sê: “Loof die HERE, want vir ewig duur sy troue liefde!”*

***20:17 Moenie ... wees:** Deut 1:29; 31:8; Jos 1:9; 7:21; 8:1; 10:8; 11:6

***20:18** 2 Kron 7:3; 29:29-30

***20:19 Kehat:** Gen 46:11; Num 3:17; 4:1-20

***20:19 Korag:** Eks 6:19-20; 1 Kron 6:37; 9:19; 26:19

^h**20:20 Hulle:** Dit verwys na die inwoners van Juda en Jerusalem.

ⁱ**20:20 Tekoa:** Tekoa, 15 km suid van Jerusalem, was die tuiste van die profeet Amos.

***20:21 Loof die ... liefde:** Ps 118:1,29; 136:1

²² Die oomblik toe hulle met 'n juigkreet 'n loflied begin sing, het die HERE 'n hinderlaag beskik teen die Ammoniete, Moabiete en die mense van die Seirberge* wat teen Juda opgetrek het, en hulle is verslaan.

²³ Die Ammoniete en Moabiete het teen die inwoners van die Seirberge opgestaan om hulle uit te roei en uit te delg. Toe hulle klaar was met die inwoners van Seir, het hulle mekaar help vernietig.

²⁴ En Juda, toe hulle by die uitkykpos in die woestyn kom en rondsoek na die menigte, kyk, toe lê daar net lyke op die grond, niemand het ontkom nie. ²⁵ Josafat en sy manskappe het gegaan om oorlogsbuit bymekaar te maak. Hulle kry toe groot hoeveelhede toerusting en klere,^j sowel as waardevolle artikels by hulle. Hulle het vir hulleself soveel gebuit dat hulle dit nie kon dra nie. Hulle was drie dae lank besig om oorlogsbuit bymekaar te maak, want daar was baie. ²⁶ Op die vierde dag het hulle in die Berakavallei^k byeengekom; ja, daar het hulle die HERE geprys. Daarom word daardie plek Vallei van Lofprysing genoem, tot vandag toe.

²⁷ Al die manne van Juda en Jerusalem het, met Josafat aan die voerpunt, omgedraai om vol vreugde na Jerusalem terug te keer, omdat die HERE hulle laat seëvier het oor hulle vyande. ²⁸ *Hulle het Jerusalem binnegegaan met harpe,^l liere^m en trompette, op pad na die huis van die HERE. ²⁹ *Vrees vir God het al die koninkryke van die lande oorval toe

***20:22 Ammoniete ... Seirberge:** 2 Kron 20:1,10

^j**20:25 klere:** Sommige Hebreeuse mss, die •Oudlatynse vertaling en die •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui “lyke”.

^k**20:26 Berakavallei:** Die naam beteken ‘vallei van lofprysing’.

***20:28** Vgl 1 Kron 15:16

^l**20:28 harpe:** Driehoekige snaarinstrumente met 'n klankbord.

^m**20:28 liere:** Driehoekige snaarinstrumente met vier snare.

***20:29** 2 Kron 14:14; 17:10

hulle hoor dat die HERE teen Israelⁿ se vyande geveg het.

³⁰ Josafat se koninkryk het rus gehad, want sy God het vir hom aan alle kante rus gegee. ³¹ * Josafat het oor Juda* regeer. Hy was vyf-en-dertig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het vyf-en-twintig jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Asuba, dogter van Silgi. ³² Hy het die pad van sy vader Asa* gevolg. Hy het nie daarvan afgewyk nie deur te doen wat reg is in die oë van die HERE.

³³ Die offerhoogtes^o is egter nie verwyder nie.* Die volk het steeds nie hulle harte gerig op die God van hulle voorouers nie. ³⁴ *Die verdere geskiedenis van Josafat, die vroeëre en latere geskiedenis, kyk, dit is opgeteken in die Geskiedenis van Jehu, seun van Ganani,* wat opgeneem is in die boekrol van die konings van Israel.^p

³⁵ Later het Josafat, die koning van Juda, 'n ooreenkoms gesluit met Ahasia, die koning van Israel.* Daardie man het goddeloos opgetree.

ⁿ**20:29 Israel:** In *Kronieke* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor Juda gaan.

***20:31-34** 1 Kon 22:41-46

***20:31 Josafat ... Juda:** 1 Kon 15:4; 22:2; 2 Kron 17:1

***20:32 pad ... Asa:** 1 Kon 15:11

^o**20:33 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

***20:33 Die ... verwyder nie:** 1 Kon 15:14

***20:34** 1 Kon 22:46

***20:34 Jehu ... Ganani:** 1 Kon 16:1; 2 Kron 19:2

^p**20:34 boekrol ... Israel:** Dit verwys nie na *1 en 2 Konings* nie, maar na naamlyste wat verlore is.

***20:35 Ahasia ... Israel:** 1 Kon 22:40,52-54; 2 Kon 1:2-18

³⁶ * Josafat het met hom 'n ooreenkoms gesluit vir die bou van skepe om na Tarsis te vaar.^q Hulle het die skepe in Es-jon-Geber* gebou. ³⁷ Toe het Eliëser, seun van Dodawa, uit Maresa* teen Josafat geprofeteer en gesê: “Omdat jy 'n ooreenkoms gesluit het met Ahasia, sal die HERE jou onderneming laat misluk.” Die skepe het vergaan; hulle kon nie na Tarsis vaar nie.

21

¹ Josafat* het by sy voorouers gaan rus, en hy is begrawe by sy voorouers in die Stad van Dawid.* Sy seun Jehoram^{rs} het in sy plek koning geword.

Jehoram koning van Juda

² Jehoram het broers gehad, die seuns van Josafat. Dit was Asarja, Jegiël, Sagaria, Asarjahu, Migael en Sefatja; hulle almal was seuns van Josafat, koning van Israel.^t ³ Hulle pa het vir hulle baie geskenke gegee:

*20:36 — 21:1 1 Kon 22:49-51

^q20:36 skepe ... vaar: Kan ook vertaal word “handelskepe”; vgl 1 Kon 22:49.

*20:36 Es-jon-Geber: Deut 2:8; 1 Kon 9:26; 2 Kron 8:17

*20:37 Maresa: 2 Kron 11:8

*21:1 Josafat: 1 Kon 22:2,41-51

*21:1 Stad van Dawid: 2 Sam 5:7,9; 1 Kon 2:10; 8:1

^r21:1 Jehoram: Die name Jehoram en Joram kom in die bronteks afwisselend voor vir hierdie koning van Juda, en ook vir 'n koning van Israel. Om verwarring te voorkom, word die naam Jehoram gebruik vir die koning van Juda, en Joram vir die koning van Israel.

^s21:1 sy seun Jehoram: Matt 1:8 gebruik die naam Joram.

^t21:2 Israel: In *Kronieke* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor Juda gaan; vgl ook 2 Kron 21:4.

silwer, goud en ander kosbaarhede, en daarby nog versterkte stede in Juda.* Die koningskap het hy egter vir Jehoram gegee, omdat hy die eersgeborene was.

⁴ Jehoram het beheer geneem oor die koninkryk van sy pa en sy mag versterk. Toe het hy al sy broers met die swaard omgebring,* asook van die leiers van Israel. ⁵* Jehoram was twee-en-dertig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het agt jaar lank as koning geheers in Jerusalem. ⁶ Hy het die pad van die konings van Israel gevolg, soos wat die huis van Agab gedoen het, want Agab se dogter was sy vrou.* Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE. ⁷* Maar ter wille van die verbond wat Hy met Dawid gemaak het, wou die HERE die huis van Dawid nie vernietig nie, aangesien Hy beloof het om vir hom en sy seuns altyd 'n lamp te gee.^u

⁸ Dit is in Jehoram se tyd dat die Edomiete weggebreek het van die gesag van Juda* en 'n koning oor hulle aangestel het. ⁹ Jehoram het toe met sy bevelvoerders en al sy strydwaens by hom daarheen oorgetrek. Hy het in die nag gereedgemaak en die Edomiete wat hom en die aanvoerders van die strydwamag omsingel het, verslaan. ¹⁰ Tog het Edom weggebreek van die gesag van Juda tot vandag toe. In dieselfde tyd het Libna* ook van hom weggebreek, omdat Jehoram die HERE, die

*21:3 versterkte ... Juda: 2 Kron 11:5; 19:5

*21:4 al ... omgebring: Vgl Rig 9:5; 1 Kon 15:29; 16:11; 2 Kon 10:1-7,11; 2 Kron 22:10

*21:5-10 2 Kon 8:17-22

*21:6 Agab se ... vrou: 2 Kron 18:1

*21:7 2 Sam 7:12-17; 1 Kon 11:36; 15:4; 2 Kron 13:5; vgl Jer 33:20-21

^u21:7 lamp te gee: Dit beteken iemand uit Dawid se nageslag sal op die troon in Jerusalem sit; vgl 1 Kon 11:36.

*21:8 Edomiete ... Juda: Gen 27:40; 36:1,8; 2 Sam 8:13-14

*21:10 Libna: Jos 10:29-30

God van sy voorouers, verlaat het. ¹¹ Hy het ook offerhoogtes^v op die berge van Juda opgerig, die inwoners van Jerusalem hoerery laat bedryf^w en Juda so laat afdwaal. ¹² Daar het toe van die profeet Elia 'n skrywe by hom aangekom wat lui: “So sê die HERE, die God van jou voorvader Dawid, ‘Omdat jy nie die paaie van Josafat, jou pa,^{*} en die paaie van Asa,^{*} die koning van Juda, gevolg het nie,¹³ maar die pad van die konings van Israel^{*} gevolg het, en Juda en die inwoners van Jerusalem hoerery laat bedryf het soos wat die huis van Agab^{*} gedoen het, en omdat jy ook jou broers, jou eie familie wat beter was as jy, vermoor het,^{*} ¹⁴kyk, daarom sal die HERE jou volk, jou seuns, jou vroue en al jou besittings tref met 'n groot plaag. ¹⁵ Jy sal ernstige siektes opdoen, siekte van jou ingewande, totdat jou ingewande met verloop van tyd as gevolg van die siekte sal uitpeul.’ ”

¹⁶ Toe het die HERE die gees van die Filistyne en die Arabiere, wat langs die Kussiete^x woon, teen Jehoram aangevuur. ¹⁷ Hulle het teen Juda opgetrek, deurgebreek en al die besittings weggevoer wat in die paleis van die koning te vinde was, selfs sy seuns en sy vroue. Vir hom

^v**21:11 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

^w**21:11 hoerery ... bedryf:** Op die offerhoogtes waar •Baäl vereer is, is die gewaande seksuele omgang tussen 'n vrugbaarheidsgod en 'n godin nageboots deur omgang met tempelprostitute om vrugbaarheid te verseker. “Hoerery bedryf” beteken dan om ontrou aan die HERE te wees.

^{*}**21:12 paaie ... pa:** 2 Kron 17:3

^{*}**21:12 paaie van Asa:** 2 Kron 14:2-5

^{*}**21:13 pad ... Israel:** 2 Kron 1:6

^{*}**21:13 soos ... Agab:** 1 Kon 16:31-33

^{*}**21:13 broers ... vermoor het:** 2 Kron 21:4

^x**21:16 Kussiete:** Inwoners van Kus, die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

het daar nie 'n seun oorgebly nie, behalwe Joahas,^y die jongste van sy seuns.

¹⁸Ná al hierdie gebeure het die HERE hom in sy ingewande getref met 'n ongeneeslike siekte. ¹⁹Ná verloop van tyd, ongeveer aan die einde van twee jaar, het sy ingewande uitgepeul as gevolg van sy siekte. Hy het 'n baie pynlike dood gesterf. Sy volk het geen dodevuur vir hom gemaak soos die dodevure vir sy voorvaders nie. ²⁰*Hy was twee-entertig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het agt jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Hy het heengegaan sonder kosbaarhede.^z Hulle het hom in die Stad van Dawid begrawe, maar nie in die grafkelders van die konings nie.*

22

Ahasia koning van Juda

¹Die inwoners van Jerusalem het Ahasia,^a Jehoram^{b*} se jongste seun, in sy plek koning gemaak, want al die ouer seuns is doodgemaak deur die rowerbende wat saam met die Arabiere* die kamp binnegekom het.

^y**21:17 Joahas:** In 2 Kron. 22:1-11 en vanaf 2 Kon 8:24 word hy Ahasia genoem. Voor 2 Kon 8:24 verwys Ahasia na die seun van Agab, koning van Israel.

***21:20** 2 Kon 8:24

^z**21:20 sonder kosbaarhede:** Dit verwys waarskynlik na kosbaarhede wat in konings se grafkelders geplaas is. Word ook vertaal “tot niemand se spyt nie”.

***21:20 nie ... konings nie:** Vgl 2 Kron 24:25; 28:7

^a**22:1 Ahasia:** In 2 Kron 21:17 word hy Joahas genoem.

^b**22:1 Jehoram:** Die name Jehoram en Joram kom in die bronteks afwisselend voor vir hierdie koning van Juda, en ook vir 'n koning van Israel. Om verwarring te voorkom, word die naam Jehoram gebruik vir die koning van Juda, en Joram vir die koning van Israel.

***22:1 Jehoram:** 1 Kon 22:51; 2 Kon 8:16-18,23-24

***22:1 rowerbende ... Arabiere:** 2 Kron 21:16

So het Ahasia, seun van Jehoram, koning van Juda, koning geword.

²* Ahasia was twee-en-veertig^c jaar oud toe hy koning geword het, en hy het een jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Atalia, dogter van Omri.* ³ Ook hy het die paaie van die huis van Agab* gevolg deur goddeloos op te tree — sy moeder was immers sy raadgewer. ⁴ Hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE, net soos die huis van Agab, want hulle was sy raadgewers ná die dood van sy vader, tot sy eie ondergang.

⁵* Hy het ook hulle raad gevolg en saam met Joram, seun van Agab, koning van Israel,* gegaan vir die geveg teen Gasaël, koning van Aram,* by Ramot in Gilead.* Die Arameërs het Joram toe gewond, ⁶ en hy het teruggekeer om in Jisreël te herstel van sy wonde wat die Arameërs hom toegedien het by Rama,^d toe hy teen Gasaël, koning van Aram, geveg het. Ahasia,^e seun van Jehoram, die koning van Juda, het toe afgegaan om Joram, seun van Agab, in Jisreël te besoek, omdat hy siek was. ⁷ Van God se kant af was dit 'n beskikking oor Ahasia om by Joram

*22:2-6 2 Kon 8:26-29

^c22:2 twee-en-veertig: Sommige mss van die •Septuagint en die •Peshitta lui “twee-en-twintig”; vgl 2 Kon 8:26.

*22:2 Omri: 1 Kon 16:15-28

*22:3 paaie ... Agab: 1 Kon 16:30-33

*22:5 2 Kon 9:14-15

*22:5 Joram ... Israel: 2 Kon 1:17; 3:1-3; 9:14-26

*22:5 Gasaël ... Aram: 1 Kon 8:7-15

*22:5 Ramot in Gilead: Deut 4:43; Jos 20:8; 2 Kon 8:28; 9:1; 2 Kron 18:2

^d22:6 Rama: 'n Ander vorm van die Hebreeuse naam Ramot.

^e22:6 Ahasia: Sommige Hebreeuse mss en die vroeë vertalings word hier gevolg; vgl 2 Kon 8:29. Die •bronteks lui “Asarja”.

uit te kom. Met sy aankoms het hy saam met Joram uitgetrek teen Jehu, seun van Nimsi, vir wie die HERE gesalf het om die huis van Agab uit te roei.* ⁸ *Pas nadat Jehu die oordeel oor die huis van Agab voltrek het, het hy afgekom op die leiers van Juda en die seuns van Ahasia se broers wat Ahasia bygestaan het. Hy het hulle toe om die lewe gebring.

⁹ *Daarna het hy na Ahasia gesoek. Hulle het hom gevange geneem terwyl hy in Samaria weggekruip het. Hulle het hom na Jehu gebring en hom doodgemaak. Hulle het hom begrawe, want hulle het gesê: “Hy is 'n kleinseun van Josafat, wat die HERE met sy hele hart gesoek het.”

Die huis van Ahasia het toe niemand gehad wat opgewasse vir die koningskap was nie.

Atalia se dood

¹⁰ *Toe Atalia, Ahasia se ma,* sien dat haar seun dood is, het sy begin om die hele koninklike geslag van die huis van Juda om die lewe te bring. ¹¹ Jehosabat, 'n dogter van die koning,^f het egter vir Jehoas,^g 'n seun van Ahasia, geneem, hom onder die koning se seuns wat doodgemaak sou word, uit gesteel, en hom en sy oppasser in 'n slaapkamer gehou. Jehosabat, 'n dogter van koning Jehoram en vrou

***22:7 Jehu ... roei:** 1 Kon 19:6; 2 Kon 9:2-3,6-7; 10:17

***22:8** 2 Kon 10:10-14

***22:9** 2 Kon 9:27

***22:10 — 23:21** 2 Kon 11:1-20

***22:10 Atalia ... ma:** 2 Kon 8:18,26

^f**22:11 die koning:** Jehoram, 1 Kon 22:51; 2 Kon 8:16-18,23-24; 2 Kron 21:1-22.

^g**22:11 Jehoas:** Die name Joas en Jehoas kom in die bronteks afwisselend voor vir hierdie koning van Juda, en ook vir 'n koning van Israel. Om verwarring te voorkom, word die naam Jehoas gebruik vir die koning van Juda, en Joas vir die koning van Israel.

van die priester Jojada,* het hom weggesteek vir Atalia, sodat hy nie doodgemaak is nie. Sy was immers die suster van Ahasia.¹² Saam met haar is hy ses jaar lank versteek in die huis van God terwyl Atalia oor die land regeer het.

23

¹* In die sewende jaar het Jojada* moed bymekaargeskraap en die aanvoerders van honderd, Asarja, seun van Jerogam, Ismael, seun van Joganan, Asarja, seun van Obed, Maäseja, seun van Adaja, en Elisafat, seun van Sikri, betrek om met hom 'n ooreenkoms aan te gaan.² Hulle het in Juda rondgegaan en die Leviete byeengebring uit al die dorpe van Juda, en ook die familiehoofde van Israel.^h Hulle het in Jerusalem aangekom,³ en die hele geloofsgemeenskap het in die huis van God 'n verbond gesluit met die koning.

Jojada het vir hulle gesê: “Kyk, 'n seun van die koning moet, soos die HERE beloof het, regeer oor die nageslag van Dawid.*⁴ Dit is wat julle moet doen: 'n Derde van julle wat op die Sabbat aan diens is, naamlik die priesters en Leviete, moet by die drumpels wagstaan,⁵ 'n derde by die paleis van die koning, en 'n derde by die Fondamentpoort. Die hele volk moet in die voorhowe van die huis van die HERE wees.⁶ Niemand mag die huis van die HERE binnegaan nie, behalwe die priesters en diegene van die Leviete wat diens doen.* Net hulle mag ingaan, omdat

*22:11 priester Jojada: 2 Kon 12:2; 2 Kron 23:1-2,8

*23:1-21 2 Kon 11:4-20

*23:1 Jojada: 2 Kon 11:4; 12:2; 2 Kron 22:11; 23:8

^h23:2 Israel: In *Kronieke* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor Juda gaan.

*23:3 soos ... Dawid: 2 Sam 7:12

*23:6 die priesters ... doen: 1 Kron 23:27-29

hulle gewy is. Die hele volk moet egter die verpligtinge teenoor die HERE nakom. ⁷ Die Leviete moet reg rondom die koning plek inneem, elkeen met sy wapens in sy hand. Enigiemand wat die tempel binnegaan, moet doodgemaak word. Julle moet by die koning wees wanneer hy ingaan en uitgaan.”

⁸ Die Leviete en die hele Juda het presies gedoen soos wat die priester Jojada beveel het. Elkeen het sy manne geneem, dié wat aan diens was op die Sabbat en dié wat van diens af was op die Sabbat, want die priester Jojada het nie die afdelings afgegee nie. ⁹ Die priester Jojada het vir die aanvoeders van honderd die vegspiese, kleinskilde en ook rondeskilde wat aan koning Dawid behoort het, ^{*} en in die huis van God was, gegee. ¹⁰ Hy het al die manskappe, elkeen met sy wapen in sy hand, vanaf die regterkant van die tempel tot aan die linkerkant van die tempelⁱ laat staan, voor die altaar en voor die tempelgebou, rondom die koning.^j ¹¹ Toe bring hulle die seun van die koning uit en plaas die diadeem^k en koninklike simbole^l op hom. So het hulle hom koning gemaak. Jojada en sy seuns het hom gesalf en uitgeroep: “Lank lewe die koning!”

¹² Toe Atalia die uitroepe hoor van die volk wat naderhardloop en die

^{*}23:9 vegspiese ... behoort het: 2 Sam 8:7

ⁱ23:10 vanaf ... linkerkant van die tempel: Kan ook vertaal word as “vanaf die suidekant van die •tempel tot aan die noordekant van die tempel” Dit verwys na die tempelplein of binneste voorhof, waar die brandofferaltaar was, aan die oostekant van die tempelgebou; vgl 1 Kon 6:36.

^j23:10 die koning: Jehoas; vgl 2 Kron 22:11-12.

^k23:11 diadeem: Kosbare, versierde voorhoofband as aanduiding van koninklike gesag.

^l23:11 koninklike simbole: Letterlik ‘getuienis’. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die woord in hierdie verband. Sommige verklaarders meen dat dit 'n •boekrol was met die gebooie wat die koning gereeld moes lees; vgl Deut 17:18-20.

koning se lof besing, het sy na die volk in die huis van die HERE gegaan.
¹³ Sy sien toe, sowaar, daar staan die koning by sy pilaar by die ingang, en die aanvoerders met die trompette is by die koning, terwyl die hele volk van die land verheug is, op trompette blaas, en die sangers met musiekinstrumente voorgaan in die lofprysing. Toe skeur Atalia haar klere en roep uit: “Verraad! Verraad!”

¹⁴ Die priester Jojada het toe aanvoerders van honderd, die bevelvoerders van die leer, laat uitgaan en vir hulle gesê: “Neem haar buite die kordon. Dié wat haar volg, moet met die swaard doodgemaak word.” Ja, die priester het gesê: “Julle mag haar nie in die huis van die HERE doodmaak nie.” ¹⁵ Hulle het haar beetgepak, en toe sy die ingang van die Perdepoort* by die paleis van die koning bereik, is sy daar doodgemaak.

¹⁶* Jojada het 'n verbond gesluit tussen homself, die hele volk en die koning dat hulle die volk van die HERE sal wees. ¹⁷* Die hele volk van die land het toe die tempel van Baäl^m binnegegaan en dit afgebreek. Sy altare en sy beelde het hulle stukkend gebreek, en Mattan, die priester van Baäl, het hulle voor die altare doodgemaak.*

¹⁸ Jojada het die toesig oor die huis van die HERE in die hande van die Levitiese priesters gelaat, dié wat Dawid ingedeel het by die huis van die HERE om brandoffers vir die HERE te bring, soos daar geskryf staan in die Wet van Moses, en “met vreugderoepe en sang”, soos aangewys deur Dawid.* ¹⁹ Jojada het die poortwagte laat aantree by die poorte van

***23:15 Perdepoort:** Neh 3:28; Jer 31:40

***23:16** Vgl Jos 24:25; 2 Sam 5:3; 2 Kron 34:31

***23:17** Vgl 2 Kon 10:21,26

^m**23:17 Baäl:** 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat daar geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21.

***23:17 hulle stukkend ... doodgemaak:** Deut 13:6-9

***23:18 soos aangewys ... Dawid:** 1 Kron 23:6,25-31

die huis van die HERE, sodat niemand wat in enige opsig •onrein was, kon ingaan nie. ²⁰ Hy het die aanvoerders van honderd, die magtiges, die heersers onder die volkⁿ en al die burgers van die land geneem en die koning afgebring van die huis van die HERE af. Hulle het die paleis van die koning deur die Boonste Poort binnegegaan en die koning op die koninklike troon laat plaasneem. ²¹ Al die burgers van die land was verheug, en die stad was rustig, al het hulle Atalia met die swaard doodgemaak.

24

Jehoas koning van Juda

¹ * Jehoas^o was sewe jaar oud* toe hy koning geword het, en hy het veertig jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Sibja, uit Berseba.* ² Jehoas het gedoen wat reg is in die oë van die HERE solank as wat die priester Joad^a* geleef het. ³ Joad^a het vir Jehoas twee vroue gekies, en hy het seuns en dogters verwek.

⁴ *'n Tyd daarna het Jehoas hom voorgeneem om die huis van die HERE op te knap. ⁵ Hy het die priesters en Leviëte byeengebring en vir hulle gesê: “Gaan uit na die dorpe van Juda en samel geld in by die hele

ⁿ23:20 heersers ... volk: Dit verwys na leiers in familiegroepe; vgl 1 Kron 26:6.

*24:1-2 2 Kon 11:21; 12:1-2

^o24:1 Jehoas: Die name Joas en Jehoas kom in die •bronteks afwisselend voor vir hierdie koning van Juda, en ook vir 'n koning van Israel. Om verwarring te voorkom, word die naam Jehoas gebruik vir die koning van Juda, en Joas vir die koning van Israel.

*24:1 7 jaar oud: Vgl 2 Kon 11:2-3; 2 Kron 22:12

*24:1 Berseba: Gen 21:31; 22:19

*24:2 priester Joad^a: 2 Kon 11:4; 12:2; 2 Kron 23:1-2,8

*24:4-14 Vgl 2 Kon 12:4-16

Israel^p vir die jaarlikse herstelwerk aan die huis van julle God. Julle moet die saak vinnig afhandel.” Die Leviete het egter nie vinnig opgetree nie. ⁶ Die koning ontbied toe die hoëpriester Jodaja, en sê vir hom: “Waarom het jy nie by die Leviete daarop aangedring om uit Juda en Jerusalem die heffing vir die tent met die Getuienis^q in te vorder nie, soos ingestel deur Moses, ^{*} die dienskneg van die HERE, en deur die geloofsgemeenskap van Israel? ⁷ Want die goddelose Atalia^{*} — dit was haar seuns wat by die huis van God ingebreek en selfs al die •heilige gawes van die huis van die HERE vir die Baäls^r gebruik het.”

⁸ Die koning het toe opdrag gegee, en hulle het 'n kis gemaak en dit buite by die poort van die huis van die HERE neergesit. ⁹ Hulle het in Juda en Jerusalem die mense opgeroep om vir die HERE die heffing te bring wat Moses, die dienskneg van God, Israel in die woestyn^s opgelê het. ¹⁰ Al die leiers en die hele volk was verheug. Hulle het dit gebring en in die kis gegooi, totdat dit vol was. ¹¹ Telkens wanneer die kis, onder beheer van die Leviete, na die toesighouer van die koning gebring is, en hulle sien dat daar baie geld in is, het die sekretaris van die koning en die verteenwoordiger van die hoëpriester gekom, die kis leeggemaak, dit opgetel en weer teruggeneem na sy plek. So het hulle

^p**24:5 Israel:** In *Kronieke* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor Juda gaan; vgl ook 2 Kron 25:16.

^q**24:6 die Getuienis:** Die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Eks 25:16,20; •Ark.

^{*}**24:6 soos ... Moses:** Eks 30:12-16

^{*}**24:7 Atalia:** 2 Kon 11:1-3,13-16; 2 Kron 22:10-12; 23:12-15

^r**24:7 Baäls:** Baäl was 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat daar geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21. Die meervoud “Baäls” verwys na verskillende plaaslike uitbeeldings van die afgod.

^s**24:9 woestyn:** Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

dag ná dag gemaak en baie geld ingesamel.

¹² *Die koning en Jojada het dit gegee aan hulle wat die dienswerk in die huis van die HERE moes uitvoer. Hulle het dan klipkappers en skrynwerkers gehuur om die huis van die HERE op te knap, ook bewerkers van yster en brons, om die huis van die HERE te herstel. ¹³ Die werksvoormanne het gewerk, en die herstelwerk het in hulle hande goed gevorder. Hulle het die huis van God opgebou tot sy oorspronklike ontwerp en dit versterk.

¹⁴ Toe hulle klaar was met die werk, het hulle die res van die geld voor die koning en Jojada gebring. Hy het daarvan gereedskap gemaak vir die huis van die HERE: gereedskap vir die dienswerk en die brandoffers, bakke en ander goue en silwergereedskap. Hulle het gereeld brandoffers gebring in die huis van die HERE, solank Jojada geleef het.

¹⁵ Jojada het oud geword, en ná 'n lang lewe^t het hy gesterf. Hy was honderd-en-dertig jaar oud toe hy gesterf het. ¹⁶ Hulle het hom begrawe in die Stad van Dawid, by die konings, omdat hy goed gedoen het in Israel, ook met betrekking tot God en sy tempel.

¹⁷ *Ná die dood van Jojada het die leiers van Juda gekom en diep voor die koning neergebuig; toe het die koning na hulle geluister. ¹⁸ Hulle het die huis van die HERE, die God van hulle voorouers, verlaat, en die asjeras^u en afgodsbeelde gedien. Toe het 'n woede Juda en Jerusalem getref oor hierdie skuldlas van hulle. ¹⁹ *Die HERE het profete onder

*24:12-13 Vgl 2 Kon 22:4-6; 2 Kron 34:10-11

^t24:15 ná ... lewe: Die Hebreuse idioom kan vertaal word as “versadig met lewensjare”.

*24:17-18 2 Kron 24:2

^u24:18 asjeras: Voorwerpe wat in die Baälgodsdiens gedien het as simbool van die moedergodin •Asjera; •Baäl.

*24:19 Neh 9:30; Jer 7:25-26; 11:6-8; Dan 9:6; Sag 1:4

hulle ingestuur om hulle na Hom te laat terugkeer. Die profete het hulle tereggewys, maar hulle het nie geluister nie. ²⁰ *Die Gees van God het toe van Sagaria, seun van die priester Jojada, besit geneem. Hy het hoër as die volk gaan staan en vir hulle gesê: “So sê God, ‘Waarom oortree julle die gebooi van die HERE? Julle sal nie voorspoedig wees nie. Omdat julle die HERE verlaat het, het Hy julle verlaat.’ ” ²¹ *Hulle het egter 'n komplot teen Sagaria gesmee en hom op bevel van die koning met klippe doodgegooi* in die voorhof van die huis van die HERE. ²² Koning Jehoas het nie die troue liefde onthou wat Sagaria se pa, Jojada, aan hom betoon het nie, en het sy seun vermoor. Toe hy sterf, het hy gesê: “Mag die HERE dit sien en rekenskap eis.”

²³ *Teen die wending van die jaar^v het die leër van die Arameërs teen hom opgetrek. Hulle het Juda en Jerusalem binnegedring, al die bevelvoerders van die volk uit die geledere van die volk uitgewis, en al die buit wat hulle gemaak het, na die koning van Damaskus gestuur.

²⁴ Alhoewel die leër van die Arameërs met 'n klein getal manne gekom het, het die HERE 'n baie groot leër in hulle hand gegee, omdat Juda^w die HERE, die God van hulle voorouers, verlaat het. Hulle het die straf oor Jehoas voltrek. ²⁵ *Toe hulle van hom weggetrek het — ja, hulle het hom ernstig gewond agtergelaat — het sy amptenare teen hom 'n komplot gesmee oor die bloed van die seun^x van Jojada, die priester.

*24:20-21 Matt 23:35; Luk 11:51

*24:21 Neh 9:26

*24:21 met ... doodgegooi: Heb 11:37

*24:23 Vgl 2 Kon 12:17-18

^v24:23 wending ... jaar: Dit verwys na die einde van die landboujaar in die lente van die noordelike halfrond.

^w24:24 Juda: Die •bronteks lui “hulle”.

*24:25-26 2 Kon 12:20-21

^x24:25 seun: Die •Septuagint en •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui “seuns”.

Hulle het hom op sy bed om die lewe gebring — so het hy gesterf. Hy is in die Stad van Dawid* begrawe, maar hulle het hom nie in die grafkelder van die konings begrawe nie.

²⁶ Dit was die manne wat teen hom 'n komplot gesmee het: Sabad, seun van Simeat die Ammoniet, en Josabad, seun van Simriet die Moabiet.

²⁷ *Wat sy nageslag betref, die talle profesieë^y teen hom, en die instandhouding^z van die huis van God, kyk, dit is opgeteken in die aantekeninge in die boekrol van die konings.^a Sy seun Amasia het in sy plek koning geword.*

25

Amasia koning van Juda

¹ *Amasia* was vyf-en-twintig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het nege-en-twintig jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Jehoaddan, uit Jerusalem. ² Hy het gedoen wat reg is in die oë van die HERE, maar nie heelhartig nie. ³ Toe die koninkryk gevestig was onder sy beheer, het hy sy amptenare tereggestel, dié wat sy pa, die koning, vermoor het.* ⁴ Hulle seuns het hy egter nie doodgemaak nie, want so staan dit geskryf in die wet, in die •boekrol

*24:25 Stad van Dawid: 2 Sam 5:7,9; 1 Kon 2:10; 8:1

*24:27 2 Kon 12:19

^y24:27 profesieë: Kan ook vertaal word “uitsprake”, “uitsprake van God” of “aankondigings”.

^z24:27 instandhouding: Letterlik ‘fondamentlegging’ of ‘grondlegging’.

^a24:27 boekrol ... konings: Dit verwys nie na *1 en 2 Konings* nie, maar na naamlyste wat verlore is.

*24:27 Sy ... geword: 2 Kon 12:21

*25:1-4 2 Kon 14:2-6

*25:1 Amasia: 2 Kon 14:1; 2 Kron 24:27

*25:3 sy amptenare ... vermoor het: 2 Kon 12:20-21; 2 Kron 24:25-26

van Moses, waar die HERE beveel: “Ouers mag nie doodgemaak word oor kinders nie, en kinders mag nie doodgemaak word oor ouers nie; maar elkeen moet vir sy eie sonde sterf.”*

⁵ *Amasia het Juda byeen laat kom en hulle volgens die families van die hele Juda en Benjamin laat aantree onder aanvoerders van duisend en van honderd. Hy het hulle gemonster, van twintig jaar en ouer, en vasgestel dat hulle driehonderdduisend was, uitgesoektes, weerbare manne, gewapen met steekspies en grootskild.^b ⁶ Hy het ook uit Israel honderdduisend^c dapper krygers gehuur vir honderd kikar^d silwer.

⁷ 'n Man van God het egter na hom gekom en vir hom gesê: “Koning, die leër van Israel moet nie saam met u gaan nie, want die HERE is nie by Israel, by al die Efraimiete, nie. ⁸ Maar gaan self, tree op, wees vasberade vir die geveg! God kan u laat val voor 'n vyand,^e want by God is daar die krag om te help of om te laat val.” ⁹ Amasia vra toe vir die man van God: “Maar wat van die honderd kikar wat ek vir die troepe van Israel gegee het?” Die man van God het geantwoord: “Die HERE het die vermoë om vir jou baie meer as dit te gee.”

¹⁰ Amasia het hulle, die troepe wat uit Efraim na hom gekom het, onttrek om weer na hulle eie plek te gaan. Hulle was baie kwaad vir Juda, en het woedend na hulle eie plek teruggekeer. ¹¹ *Amasia het egter moed bymekaar geskraap en sy manskappe gelei. Hy het na die Soutvallei gegaan en die mense van Seir neergevel, tienduisend van

***25:4 Ouers ... sterf:** Deut 24:16

***25:5** Vgl Num 1:2-3

^b**25:5 grootskild:** 'n Lang, ovaalvormige skild van hout, metaal of leer om die hele liggaam te beskerm.

^c**25:6 100 000:** Kan ook vertaal word “honderd afdelings”.

^d**25:6 100 kikar:** Ongeveer 3 420 kg; •Geldeenhede.

^e**25:8 gaan ... vyand:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.

***25:11** 2 Kon 14:7; vgl 2 Kron 20:10

hulle. ¹² Tienduisend van hulle is lewendig gevang deur die Judeërs. Hulle het hulle na die bopunt van 'n rots geneem en hulle van die bopunt van die rots afgegooi. Hulle almal het hulle te pletter geval.

¹³ Die troepe wat Amasia teruggestuur het, sodat hulle nie saam met hom na die geveg sou gaan nie, * het 'n aanval geloods op die dorpe van Juda — van Samaria* tot by Bet-Goron.* Hulle het drieduisend van die mense neergevel en 'n groot buit geneem.

¹⁴ *Nadat Amasia tuisgekom het van die aanval op die Edomiete,* het hy die gode van die mense van Seir laat bring en dit vir hom as gode opgestel. Voor hulle het hy in aanbidding gebuig, en vir hulle het hy offers verbrand. ¹⁵ Die HERE was kwaad vir Amasia en het 'n profeet na hom gestuur. Hy het vir hom gesê: “Hoekom raadpleeg u die gode van 'n volk wat nie hulle volk uit u hand kon red nie?” ¹⁶ Maar terwyl hy nog met hom praat, sê Amasia vir hom: “Het ons jou as raadgewer van die koning aangestel? Hou op! Waarom moet hulle jou neervel?” Die profeet het toe opgehou, maar tog gesê: “Ek weet dat God besluit het om u te vernietig, omdat u dit gedoen het en nie na my raad geluister het nie.”*

¹⁷ *Amasia, koning van Juda, het ná raadpleging boodskappers gestuur na die koning van Israel, Joas,* seun van Joahas, seun van Jehu, om vir hom te sê: “Kom ons kyk mekaar in die oë.^f” ¹⁸ Maar Joas, koning van

*25:13 Die troepe ... gaan nie: 2 Kron 25:10

*25:13 Samaria: 1 Kon 16:23-24

*25:13 Bet-Goron: Jos 10:10; 18:14; 1 Sam 13:18; vgl Jos 16:3,5; 18:13

*25:14 Vgl 2 Kron 28:22-25

*25:14 Edomiete: Gen 36:1,8

*25:16 Ek ... geluister het nie: 2 Kron 25:20

*25:17-28 2 Kon 14:8-20

*25:17 Joas: 2 Kon 13:10-13; 14:8-16

^f25:17 kyk ... oë: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “kyk na mekaar (se) gesigte”. Dit was die uitdaging tot 'n geveg of oorlog om te sien wie die sterkste is.

Israel, het vir Amasia, koning van Juda, laat weet: “Die sydissel wat op die Libanon is, het vir die seder wat op die Libanon is, laat weet, ‘Gee jou dogter aan my seun as vrou.’ Die wilde diere wat op die Libanon is, het egter verbygegaan en die sydissel vertrap. ¹⁹ Jy sê, ‘Kyk, ek het^s die Edomiete 'n nederlaag toegedien!’ Jou hart is opgetoë, op eer gerig. Bly nou tuis! Waarom wil jy jouself in die ongeluk dompel en tot 'n val kom, jy en Juda saam met jou?” ²⁰ Amasia het egter nie geluister nie, want dit het van God gekom,^{*} met die doel dat hulle in Joas se hand^h oorgegee sou word, omdat hulle die gode van Edom geraadpleeg het.^{*} ²¹ Joas, koning van Israel, trek toe op en hy en Amasia, koning van Juda, het mekaar in die oë gekyk by Bet-Semes,^{*} wat aan Juda behoort. ²² Maar Juda is voor Israel verslaan, en hulle het gevlug, elkeen na sy tente toe. ²³ En die koning van Juda, Amasia, seun van Joas, seun van Joahasⁱ — hom het Joas, koning van Israel, in Bet-Semes gevange geneem en na Jerusalem gebring. Hy het die stadsmuur van Jerusalem afgebreek, van die Efraimspoort^{*} tot by die Hoekpoort^{*} — vierhonderd el.^j ²⁴ Al die goud en silwer, en al die voorwerpe wat in die huis van God by Obed-Edom te vinde was, asook die skatte in die paleis van die koning en die gyselaars, het hy geneem en teruggekeer na Samaria.

^s25:19 ek het: Die vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “jy het”.

^{*}25:20 dit het ... gekom: 2 Kron 15:16

^h25:20 in ... hand: Die •Targum word hier gedeeltelik gevolg. Die bronteks lui “in 'n hand”.

^{*}25:20 die gode ... geraadpleeg het: 2 Kron 25:14-15

^{*}25:21 Bet-Semes: Jos 15:10; Rig 1:33; 1 Sam 6:12-20

ⁱ25:23 Joahas: In 2 Kron. 22:1-11 en vanaf 2 Kon 8:24 word hy Ahasia genoem. Voor 2 Kon 8:24 verwys Ahasia na die seun van Agab, koning van Israel.

^{*}25:23 Efraimspoort: 2 Kon 14:3; Neh 8:17; 12:39

^{*}25:23 Hoekpoort: 2 Kron 26:9; Jer 31:38; Sag 14:10

^j25:23 400 el: Ongeveer 180 m; •Lengtemate.

²⁵ Amasia, seun van Joas, koning van Juda, het ná die dood van Joas, seun van Joahas, koning van Israel, nog vyftien jaar lank geleef. ²⁶ Die verdere geskiedenis van Amasia, die vroeëre en latere geskiedenis, kyk, is dit nie opgeteken in die boekrol van die konings van Juda en Israel^k nie?

²⁷ Van die tyd af dat Amasia van die HERE weggedraai het, is daar in Jerusalem 'n komplot teen hom gesmee. Hy het na Lagis gevlug, maar hulle het manne agter hom aan gestuur na Lagis, en dié het hom daar doodgemaak. ²⁸ Hulle het hom op perde vervoer, en hom by sy voorouers begrawe in die Stad van Dawid.¹

26

Ussia koning van Juda

¹ Die hele volk van Juda het toe vir Ussia^m — hy was sestien jaar oud — geneem en hom koning gemaak* in die plek van sy vader, Amasia.*

² Hy is die een wat Elat herbou en terugbring het onder Juda se beheer nadat die koning by sy voorouers gaan rus het. ³ *Ussia was sestien jaar oud toe hy koning geword het, en hy het twee-en-vyftig jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Jekolja, uit Jerusalem. ⁴ Hy het gedoen wat reg is in die oë van die HERE, presies soos sy vader Amasia gedoen het. ⁵ Hy het God altyd geraadpleeg in die

^k**25:26 boekrol ... Israel:** Dit verwys nie na *1 en 2 Konings* nie, maar na naamlyste wat verlore is.

^l**25:28 van Dawid:** Verskillende Hebreeuse mss en vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “van Juda”.

^m**26:1 Ussia:** Ook genoem Asarja in 2 Kon 14:21; 15:1,17,23,27.

***26:1 Ussia ... gemaak:** 2 Kon 14:21; 15:1

***26:1 Amasia:** 2 Kon 12:21; 14:1-20; 2 Kron 25:1-2,25-27

***26:3-4** 2 Kon 15:2-3

tyd van Sagaria, die een wat hom insig gegee het in ontsagⁿ vir God. So lank as wat hy die HERE geraadpleeg het, het God hom sukses laat behaal.

⁶ Hy het uitgetrek, teen die Filistyne geveg, en bresse geslaan in die stadsmure van Gat,* Jabne en Asdod.* Hy het dorpe gebou by Asdod en tussen die Filistyne. ⁷ God het hom gehelp teen die Filistyne, die Arabiere* wat in Gur-Baäl gewoon het, en teen die Meüniete.* ⁸ Die Ammoniete* moes aan Ussia belasting betaal. Sy roem het so ver as die grens van Egipte gestrek, want hy het baie magtig geword. ⁹ Ussia het wagtoringe gebou in Jerusalem by die Hoekpoort,* die Dalpoort en die Hoek;^o en hy het dit versterk. ¹⁰ Hy het wagtoringe in die woestyn^p gebou en baie opgaarputte^q gegrawe, want hy het baie vee gehad in sowel die Sjefela^r as op die vlakte. Hy het plaaswerkers en wingerdwerkers in die bergland en op vrugbare grond^s gehad, want hy

ⁿ26:5 in ontsag: Sommige Hebreëuse mss en die vroeë vertalings word hier gevolg. Kan vertaal word “visioene”.

*26:6 Filistyne ... Gat: 1 Sam 17:4; 1 Kron 18:1

*26:6 Asdod: Vgl 1 Sam 5:1

*26:7 Filistyne, die Arabiere: Vgl 2 Kron 31:16-17

*26:7 Meüniete: 1 Kron 4:41; 2 Kron 20:1

*26:8 Ammoniete: Gen 19:36,38

*26:9 Hoekpoort: 2 Kron 26:9; Jer 31:38; Sag 14:10

^o26:9 die Hoek: Dit was waar die stadsmuur aan die oostekant van die stad 'n hoek gevorm het.

^p26:10 woestyn: Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^q26:10 opgaarputte: Groot ondergrondse ruimtes wat in rots uitgekap is en waarin daar water of graan gestoor is.

^r26:10 Sjefela: Die laer liggende heuwellandskap wes van die sentrale bergland in Palestina.

^s26:10 vrugbare grond: Kan ook vertaal word “Karmel”.

was lief vir landbou.

¹¹ Ussia het 'n leër gehad wat oorlog kon voer, wat as troepe op 'n veldtog kon uittrek, ooreenkomstig die getal van hulle monsterring deur Jeiel, die sekretaris, en Maäseja, die gesagvoerder onder bevel van Gananja, een van die koning se bevelvoerders. ¹² Die volle getal van die familiehoofde, van die dapper krygers, was tweeduisend seshonderd.

¹³ *Onder hulle bevel was daar 'n leër van driehonderd-en-seweduisend vyfhonderd wat met groot slaankrag oorlog kon voer om die koning by te staan teen die vyand. ¹⁴ Ussia het hulle, die hele leër, voorsien van kleinskilde, steekspiese, helms, harnasse, boë en klippe vir slingervelle.

¹⁵ In Jerusalem het hy oorlogstuig, die uitvindsel van deskundiges, gemaak vir die torings en hoeke van die stadsmuur om pyle en groot klippe te skiet. Sy roem het ver versprei, want hy is wonderbaarlik gehelp totdat hy so sterk was.

Ussia se siekte en dood

¹⁶ Maar toe hy sterk geword het, het sy hart hoogmoedig geraak,* tot sy eie ondergang. Hy was ontrou aan die HERE sy God en het die tempel van die HERE binnegegaan om 'n reukoffer te verbrand op die reukofferaltaar. ¹⁷ Die priester Asarja het hom na binne gevolg. Saam met hom was daar tagtig priesters van die HERE, onverskrokke^t manne.

¹⁸ Hulle het Ussia, die koning, teengestaan en vir hom gesê: “Dit is nie vir u, Ussia, beskore om 'n reukoffer te verbrand vir die HERE nie, maar vir die priesters, die nageslag van Aäron, wat geheilig is om reukoffers te brand.* Gaan uit die heiligdom uit, want u was ontrou! Dit sal u nie tot eer strek by die HERE God nie.”

*26:13 Vgl 2 Kron 25:5

*26:16 hart ... geraak: 2 Kron 32:25; Eseg 28:2,5,17

^t26:17 onverskrokke: Word ook vertaal “vooraanstaande”.

*26:18 Dit ... te brand: Num 3:10; 16:40; 18:7

¹⁹ *Ussia was woedend. Terwyl hy met die reukofferpan in sy hand, gereed om 'n reukoffer te brand, sy woede op die priesters uithaal, het 'n velsiekte^u daar voor die priesters, langs die reukofferaltaar in die huis van die HERE, op sy voorkop uitgeslaan. ²⁰ Toe Asarja, die hoëpriester, en al die priesters na hom draai, het hy sowaar 'n velsiekte op sy voorkop! Hulle het hom inderhaas daar verwyder. Hy was self ook haastig om uit te gaan, omdat die HERE hom getref het.

²¹ Koning Ussia het 'n velsiekte gehad tot die dag van sy dood. Hy het in 'n plek van afsondering^v gewoon,* want hy was verban uit die huis van die HERE. Jotam, sy seun, het beheer gehad oor die paleis van die koning en het reggespreek oor die volk van die land.

²² Die verdere geskiedenis van Ussia, die vroeëre en latere geskiedenis, het die profeet Jesaja,* seun van Amos, opgeteken. ²³ Ussia het by sy voorouers gaan rus, en hulle het hom by sy voorouers begrawe in die veld* by die grafkelder wat aan die konings behoort, want hulle het gesê: “Hy het 'n velsiekte.” Sy seun Jotam het in sy plek koning geword.*

27

Jotam koning van Juda

¹ * Jotam was vyf-en-twintig jaar oud toe hy koning geword het, en hy

*26:19-23 2 Kon 15:5-7

^u26:19 velsiekte: Enige aantasting van die vel waaruit liggaamsvog kon kom. Dit het die persoon •onrein gemaak.

^v26:21 plek van afsondering: Letterlik ‘n huis van vryheid’. Word gewoonlik vertaal “ 'n afgesonderde huis”, maar kan ook beteken “n plek vry van staatspligte’.

*26:21 Hy ... gewoon: Lev 13:46

*26:22 profeet Jesaja: Jes 1:1; 6:1

*26:23 by sy voorouers gaan ... veld: Vgl 2 Kron 21:20

*26:23 Sy seun ... geword: 2 Kron 26:21

*27:1,8 2 Kon 15:33

het sestien jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Jerusa, dogter van Sadok. ²*Hy het gedoen wat reg is in die oë van die HERE, presies soos sy vader Ussia gedoen het — hy het net nie die tempel van die HERE binnegegaan nie.* Die volk het hulle egter steeds wangedra. ³Hy is die een wat die boonste poort van die huis van die HERE gebou het. Aan die muur by die Ofel^w het hy baie bouwerk gedoen. ⁴Dorpe is deur hom in die bergland van Juda gebou, en in die beboste gebied het hy vestings en wagtoringe gebou. ⁵Hy is ook die een wat teen die koning van die Ammoniete geveg en hulle oorweldig het. Die Ammoniete het daardie jaar vir hom 'n honderd kikar^x silwer, tienduisend kor^y koring en tienduisend kor gars gegee. Dieselfde hoeveelheid het die Ammoniete ook in die tweede en derde jaar aan hom gelewer. ⁶Jotam het sy mag stewig gevestig, want hy het sy pad koersvas geloop voor die HERE sy God.

⁷*Die verdere geskiedenis van Jotam, al sy oorloë en ondernemings, kyk, dit is opgeteken in die boekrol van die konings van Israel en Juda.^z ⁸Hy was vyf-en-twintig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het sestien jaar lank as koning geheers in Jerusalem. ⁹*Jotam het by sy voorouers gaan rus, en hulle het hom in die Stad van Dawid begrawe. Agas, sy seun, het in sy plek koning geword.

*27:2-3 2 Kon 15:34-35

*27:2 hy het net ... binnegegaan nie: Vgl 2 Kron 26:16-18

^w27:3 Ofel: Die naam van die gebied in Jerusalem waar die •tempel en paleiskompleks gebou was.

^x27:5 100 kikar: Ongeveer 3 420 kg; •Geldeenhede.

^y27:5 10 000 kor: Ongeveer 2 200 000 ℓ; •Inhoudsmate.

*27:7 2 Kon 15:36

^z27:7 boekrol ... Juda: Dit verwys nie na 1 en 2 Konings nie, maar na naamlyste wat verlore is.

*27:9 2 Kon 15:38

Agas koning van Juda

¹* Agas was twintig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het sestien jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Hy het nie gedoen wat reg is in die oë van die HERE soos sy voorvader Dawid nie. ² Hy het die paaie van die konings van Israel gevolg, en selfs gegote beelde^a gemaak vir die Baäls.^b ³* Hy is die een wat offers verbrand het in die vallei van Ben-Hinnom, en sy seuns in die vuur verbrand het, in ooreenstemming met die afstootlike gebruike van die nasies wat die HERE voor die Israeliete uitgedryf het. ⁴ Hy het geslag en offers verbrand by die offerhoogtes,^c op die heuwels en onder elke skaduryke boom. ⁵* Die HERE sy God het hom toe oorgegee in die hand van die koning van Aram.^d Hulle het hom verslaan, en 'n groot aantal van hulle as gevangenes weggevoer en na Damaskus* geneem. Ook in die hand van die koning van Israel is hy oorgegee, en dié het hom 'n groot nederlaag toegedien. ⁶ Peka, seun van Remalja,* het in Juda op een dag honderd-

*28:1-4 2 Kon 16:2-4

^a28:2 **gegote beelde:** Dit verwys ook na houtbeelde, oorgetrek met goud- of silwerfoelie.

^b28:2 **Baäls:** Baäl was 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21. Die meervoud “Baäls” verwys na verskillende plaaslike uitbeeldings van die afgod.

*28:3 Vgl Lev 18:21; 2 Kon 23:10; 2 Kron 33:6; Jer 7:31-32; 19:2-6

^c28:4 **offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

*28:5 2 Kon 16:5

^d28:5 **koning van Aram:** Resin; vgl 2 Kon 15:5

*28:5 **Damaskus:** 2 Sam 8:5-6; 1 Kon 11:24

*28:6 **Peka ... Remalja:** 1 Kon 15:25,27-31; 16:1; Jes 7:1,4-5; 8:6

en-twintigduisend doodgemaak, almal weerbare manne, omdat hulle die HERE, die God van hulle voorouers, verlaat het.

⁷ Sikri, 'n held uit Efraim, het Maäseja, die seun van die koning, en Asrikam, hofmeester van die paleis, en Elkana, die tweede in bevel onder die koning, doodgemaak. ⁸ Die Israeliete het tweehonderdduisend vroue, seuns en dogters van hulle volksgenote as gevangenes weggevoer. Ook oorlogsbuit het hulle in oorfloed van hulle geroof en dit na Samaria^e geneem.

⁹ In Samaria^f was daar 'n profeet van die HERE; sy naam was Oded. Hy het uitgegaan, die leer wat op pad was na Samaria tegemoetgeloop, en vir hulle gesê: “Kyk, vanweë die woede van die HERE,^{*} die God van julle voorouers, oor Juda, het Hy hulle in julle hand gegee; en julle het van hulle doodgemaak met 'n woede wat ten hemel skrei.^{*} ¹⁰ En nou dink julle daaraan om sowaar die mense van Juda en Jerusalem as slawe en slavinne aan julle te onderwerp. Is dit dan net julle by wie daar nie sondeskuld teenoor die HERE julle God is nie? ¹¹ Luister nou na my! Stuur die gevangenes wat julle van julle volksgenote geneem het,^{*} terug, want die brandende toorn van die HERE rus op julle.”

¹² Sommige hoofde van die Efraimiete,^{*} Asarja, seun van Joganan, Berekja, seun van Mesillemot, Hiskia, seun van Sallu, en Amasa, seun van Gadlai, het standpunt ingeneem teen dié wat van die militêre veldtog af daar aangekom het, ¹³ en vir hulle gesê: “Julle mag nie die gevangenes hierheen bring nie, want dit sal vir ons net skuld teenoor

^e28:8 Samaria: Dit verwys hier na die gebied wat voorheen as Israel bekend was.

^f28:9 In Samaria: Kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^{*}28:9 woede van die HERE: Jes 47:6

^{*}28:9 woede wat ... skrei: Esra 9:6

^{*}28:11 gevangenes ... geneem het: 2 Kron 28:8

^{*}28:12 Efraimiete: 2 Kron 25:7

die HERE bring. Wat julle beoog, sal net dien om ons sonde en skuld nog meer te maak, en dit terwyl ons skuld al so groot is, en daar 'n brandende toorn op Israel rus.”

¹⁴ Die gewapende manne het toe in die teenwoordigheid van die aanvoerders en die hele byeenkoms afstand gedoen van die gevangenes en die buit. ¹⁵ Die manne wat vroeër by die naam genoem is, het opgestaan, die gevangenes onder hulle sorg geneem, en almal wat kaal was, aangetrek met wat in die buit was. Hulle het hulle aangetrek en vir hulle skoene gegee, hulle laat eet en drink, hulle met olie versorg^g en hulle op donkies vervoer — almal wat strompelend geloop het — en hulle na Jerigo, die Palmstad,^h tot by hulle volksgenote geneem. Toe het hulle terugkeer na Samaria.

¹⁶ *In daardie tyd het koning Agas die hulp ingeroep van die konings van Assirië. ¹⁷ Weer het Edomiete* die land binnegeval, Juda aangeval en gevangenes weggevoer, ¹⁸ en Filistyne* het 'n aanval geloods op die dorpe van die Sjefelaⁱ en die Negev^j van Juda. Hulle het Bet-Semes, Ajalon, Gederot, Soko met sy omliggende dorpies, Timna met sy omliggende dorpies en Gimso met sy omliggende dorpies ingeneem en daar gaan woon. ¹⁹ Ja, die HERE het Juda verneder as gevolg van Agas,

^g**28:15 met olie versorg:** Letterlik ‘gesmeer’. Daar is onsekerheid of dit verwys na kosmetiese versorging en of dit die behandeling van wonde was.

^h**28:15 die Palmstad:** 'n Ander naam vir Jerigo; vgl Deut 34:3.

***28:16** 2 Kon 16:7

***28:17 Edomiete:** Gen 36:1,8

***28:18 Filistyne:** Gen 10:14; 2 Kron 9:26; 26:6

ⁱ**28:18 Sjefela:** Die laer liggende heuwellandskap wes van die sentrale bergland in Palestina.

^j**28:18 Negev:** Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland. “Negev” word in Hebreeus ook gebruik as 'n rigtingaanduiding, naamlik “suide, suidwaarts”.

koning van Israel,^k omdat hy Juda losbandig gemaak het en uiters ontrou was teenoor die HERE. ²⁰ Tiglat-Pilneser,^l koning van Assirië, het teen hom opgetrek, hom in die noute gebring en hom nie bygestaan nie. ²¹ *Alhoewel Agas die huis van die HERE, die paleis van die koning en die huise van die hoë amptenare gestroop^m en dit vir die koning van Assirië gegee het, het dit hom niks gehelp nie.

²² In die tyd toe hy in die noute was, was hy, koning Agas, selfs meer ontrou aan die HERE. ²³ *Hy het offers geslag vir die gode van Damaskus, hulle wat hom verslaan het. Hy het gedink: Omdat die gode van die konings van Aram hulle help, sal ek vir hulle offers slag, sodat hulle my kan help. Maar dit was juis hulle wat sy ondergang bewerk het, en so ook dié van die hele Israel.

²⁴ *Agas het die toebehore in die huis van God bymekaargemaak en die toebehore van die huis van God stukkend geslaan. Hy het die deure van die huis van die HERE gesluit en vir hom altare opgerig op elke straathoek in Jerusalem.* ²⁵ In elke enkele dorp van Juda het hy offerhoogtes opgerig om vir ander gode offers te verbrand, en die HERE, die God van sy voorouers, uitgetart.

^k**28:19 Israel:** In *Kronieke* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor Juda gaan; so ook in 2 Kron 28:23; vgl ook 2 Kron 21:2.

^l**28:20 Tiglat-Pilneser:** 'n Ander vorm van die naam Tiglat-Pileser; vgl 2 Kon 15:29.

***28:21** 2 Kon 16:8

^m**28:21 gestroop:** Die bronteks lui “uitgedeel”.

***28:23** 2 Kon 16:12-13; vgl 2 Kron 25:14; Jer 44:17-18

***28:24** 2 Kon 16:17-18

***28:24 altare ... Jerusalem:** 2 Kron 30:14

²⁶ *Sy verdere geskiedenis en al sy ondernemings, die vroeëre en latere geskiedenis, kyk, dit is opgeteken in die boekrol van die konings van Juda en Israel.ⁿ ²⁷ Agas het by sy voorouers gaan rus, en hulle het hom in die stad, in Jerusalem begrawe; ja, hulle het hom nie na die grafkelder van die konings van Israel geneem nie.* Hiskia, sy seun,* het in sy plek koning geword.

29

Hiskia se reiniging van die tempel

¹ *Hiskia was vyf-en-twintig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het nege-en-twintig jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Abi, dogter van Sagaria. ² Hy het gedoen wat reg is in die oë van die HERE, presies soos sy voorvader Dawid gedoen het. ³ Hy is die een wat reeds in die eerste jaar van sy regering, in die eerste maand al, die deure van die huis van die HERE oopgemaak en dit herstel* het. ⁴ Hy het die priesters en Leviëte laat ingaan en hulle byeengebring op die plein aan die oostekant. ⁵ Hy het vir hulle gesê: “Luister na my, Leviëte! Heilig julleself^o nou, en heilig die huis van die HERE, die God van julle voorouers, en verwyder die besoedeling uit die heiligdom. ⁶ Want ons voorouers was ontrou en het gedoen wat

*28:26-27 2 Kon 16:19-20

ⁿ28:26 boekrol ... Israel: Dit verwys nie na 1 en 2 Konings nie, maar na naamlyste wat verlore is.

*28:27 nie na ... geneem nie: 2 Kron 21:20; 24:25

*28:27 Hiskia, sy seun: 2 Kon 16:20; 1 Kron 3:13; Matt 1:9

*29:1-2 2 Kon 18:2-3

*29:3 deure ... herstel: 2 Kon 16:18; 2 Kron 28:24; 29:7

^o29:5 Heilig julleself: Dit verwys na rituele reinigingshandelinge; vgl Eks 19:10,15.

verkeerd is in die oë van die HERE ons God, en Hom verlaat. Hulle het weggedraai van die •tabernakel van die HERE en hulle rug daarop gedraai. ⁷ Hulle het selfs die deure van die portaal gesluit en die lampe uitgedoof. Reukwerk het hulle nie gebrand nie, en brandoffers het hulle nie in die heiligdom vir die God van Israel gebring nie. ⁸ Toe het die woede van die HERE oor Juda en Jerusalem losgebreek. Hy het van hulle 'n skrikwekkende voorbeeld, 'n verskrikking en 'n voorwerp van bespotting^p gemaak,* soos wat julle met julle eie oë sien. ⁹ *Kyk, ons voorouers het geval deur die swaard, en ons seuns, ons dogters en ons vroue is tans in gevangenskap as gevolg hiervan. ¹⁰ Ek het my nou voorgeneem om met die HERE, die God van Israel, 'n verbond te sluit,* sodat sy brandende toorn van ons afgewend word. ¹¹ My seuns, moet nou nie nalatig wees nie! Want julle is deur die HERE uitgekies om voor Hom te staan, om vir Hom diens te doen en om vir Hom tempeldienaars en dié wat offers verbrand, te wees.*”

¹² Die volgende Leviëte het toe gereedgemaak:

Magat, seun van Amasai, en Joël, seun van Asarja, uit die nageslag van Kehat;

uit die nageslag van Merari: Kis, seun van Abdi, en Asarja, seun van Jehallelel;

uit die nageslag van Gerson: Joag, seun van Simma, en Eden, seun van Joag;

¹³ uit die nageslag van Elisafan: Simri en Jeïel;

uit die nageslag van Asaf: Sagaria en Mattanja;

^p29:8 'n voorwerp van bespotting: Letterlik ‘n gefluit’.

*29:8 Hy ... gemaak: Deut 28:25; Jer 25:18

*29:9 2 Kron 28:5-8,17; vgl Deut 28:32

*29:10 met ... sluit: Vgl 2 Kron 15:12

*29:11 julle is ... wees: Num 3:6; 8:14; 18:2,6

¹⁴ uit die nageslag van Heman: Jehiël en Simi;
uit die nageslag van Jedutun: Semaja en Ussiël.

¹⁵ *Hulle het hulle stamgenote byeengebring, hulleself geheilig en ingegaan volgens die opdrag van die koning, om in ooreenstemming met die woorde van die HERE, die huis van die HERE te reinig. ¹⁶ *Die priesters het toe die binneste deel van die huis van die HERE binnegegaan om dit te reinig. Hulle het alle •onrein dinge wat hulle in die tempel van die HERE gevind het, uitgebring na die voorhof van die huis van die HERE. Die Leviëte het dit oorgeneem om na buite, na die Kidron, te neem. ¹⁷ Hulle het op die eerste dag van die eerste maand begin om die tempel te heilig, en op die agtste dag van die maand het hulle by die portaal van die HERE uitgekom. Daarna het hulle die huis van die HERE vir nog agt dae geheilig, en op die sestiende dag van die eerste maand was hulle daarmee klaar.

¹⁸ Toe gaan hulle in na koning Hiskia, en sê: “Ons het die hele huis van die HERE gereinig, die brandofferaltaar en al sy gereedskap, die tafel met die gerangskikte brood,^q en al sy gereedskap. ¹⁹ Al die gereedskap wat koning Agas* gedurende sy regering in sy ontrou onbruikbaar gemaak het,* het ons reggesit en geheilig. Kyk, dit is voor die altaar van die HERE.”

²⁰ Koning Hiskia het toe vroeg opgestaan, die stadsleiers byeengebring en opgegaan na die huis van die HERE. ²¹ Hulle het sewe bulle, sewe ramme, sewe lammers en sewe bokramme saamgeneem as 'n reinigingsoffer vir die koningskap, vir die heiligdom en vir Juda. Hy het

*29:15-16 2 Kron 29:5

*29:16 Vgl 2 Kron 15:16; 30:14

^q29:18 gerangskikte brood: Dit verwys na die •vertoonbrode; vgl Lev 24:5-9.

*29:19 koning Agas: 2 Kon 16:1-20; 2 Kron 28:1-27

*29:19 Al ... gemaak het: 2 Kron 28:24

die nageslag van Aäron, die priesters, aangesê om dit op die altaar van die HERE te offer. ²² *Hulle het toe die bulle geslag, en die priesters het die bloed oorgeneem en dit teen die altaar gesprinkel. Hulle het die ramme geslag en die bloed is teen die altaar gesprinkel. Hulle het die lammers geslag en die bloed is teen die altaar gesprinkel. ²³ Daarna het hulle die bokramme vir die reinigingsoffer nadergebring voor die koning en die geloofsgemeenskap, en hulle het hulle hande daarop gelê. * ²⁴ Die priesters het hulle geslag en met die bloed 'n reinigingseremonie by die altaar uitgevoer om versoening te doen* vir die hele Israel, “want vir die hele Israel,” het die koning gesê, “is hierdie brandoffer en reinigingsoffer.”

²⁵ *Hy het die Leviete opgestel in die huis van die HERE, met simbale, harpe^r en liere,^s in ooreenstemming met die opdrag van Dawid* en van Gad, die koning se siener,* en die profeet Natan;* want dit was die opdrag deur die HERE by monde van sy profete. ²⁶ Toe die Leviete gereedstaan met die instrumente van Dawid, en die priesters met die trompette, ²⁷ gee Hiskia die opdrag dat die brandoffer geoffer moet word op die altaar. Net toe met die brandoffer begin is, begin die lied van die HERE en die trompette, met begeleiding deur die instrumente van Dawid, die koning van Israel.

²⁸ Terwyl die hele geloofsgemeenskap in aanbidding buig, is die lied

*29:22 Lev 4:18; 8:15,19,24; Heb 9:21

*29:23 hande ... gelê: Lev 4:15

*29:24 versoening te doen: Lev 4:26

*29:25 1 Kron 25:6

^r29:25 harpe: Driehoekige snaarinstrumente met 'n klankbord.

^s29:25 liere: Driehoekige snaarinstrumente met vier snare.

*29:25 opdrag van Dawid: 1 Kron 23:5; 25:1

*29:25 Gad ... siener: 1 Sam 22:5; 2 Sam 24:11,18-19; 1 Kron 29:29

*29:25 profeet Natan: 2 Sam 7:2-27; 12:1-15

gesing en die trompette geblaas. Dit het alles aangehou totdat die brandoffer afgehandel was. ²⁹ *Toe die brandoffer verby was, het die koning en almal wat by hom teenwoordig was, gekniel en in aanbidding gebuig. ³⁰ Koning Hiskia en die leiers het vir die Leviëte gesê om die HERE te loof met die woorde van Dawid en van Asaf,* die siener. Hulle het uitbundig die lof van die HERE^t besing, gekniel en in aanbidding gebuig.

³¹ *Hiskia het daarop gereageer en gesê: “Nou het julle julleself aan die HERE gewy. Kom nader en bring maaltydoffers^u en dankoffers na die huis van die HERE.” Die geloofsgemeenskap het toe maaltydoffers en dankoffers nadergebring, en elkeen met 'n gewillige hart, brandoffers. ³² Die getal brandoffers wat die geloofsgemeenskap nadergebring het, was sewentig beeste, honderd ramme en tweehonderd lammers, dit alles as brandoffers vir die HERE. ³³ Die •heilige gawes was seshonderd beeste en drieduisend stuks kleinvee. ³⁴ Daar was egter te min priesters, en hulle kon nie al die brandoffers afslag nie. Hulle stamgenote, die Leviëte, het hulle bygestaan* tot die werk voltooi was en totdat die ander priesters hulleself kon heilig.* Die Leviëte was immers meer

*29:29 Vgl 2 Kron 20:18

*29:30 Asaf: 1 Kron 16:5; 25:1-2; 2 Kron 5:12

^t29:30 lof ... HERE: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*29:31 Heb 13:15

^u29:31 maaltydoffers: Diereoffers (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaar gemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet; vgl Lev 7:28-36.

*29:34 die Leviëte, het ... bygestaan: 2 Kron 35:11

*29:34 priesters hulleself kon heilig: 2 Kron 30:3,24

nougeset^v om hulleself te heilig as wat die priesters was. ³⁵ En naas die brandoffers in oorvloed, was daar nog die vet van die maaltydoffers* en die drankoffers wat by die brandoffers hoort.*

So is die dienswerk in die huis van die HERE gereël. ³⁶ Hiskia en die hele volk was verheug oor wat God vir die volk voorsien het, want dit het skielik gebeur.

30

Viering van die Pasga

¹ Hiskia het boodskappe na die hele Israel en Juda gestuur, en selfs briewe geskryf aan Efraim en Manasse om na die huis van die HERE in Jerusalem te kom, om die Pasga^w van die HERE, die God van Israel, te vier. ² Die koning, sy hoë amptenare en die hele geloofsgemeenskap het in Jerusalem ooreengekom om die Pasga in die tweede maand* te vier, ³ want hulle kon dit nie op die regte tyd vier nie, omdat nie genoeg priesters hulleself geheilig^x het nie,* en die volk nie in Jerusalem bymekaar was nie. ⁴ Dit was reg in die oë van die koning en die hele geloofsgemeenskap. ⁵ Hulle het 'n besluit geneem om 'n uitnodiging aan die hele Israel te rig, van Berseba tot by Dan, om die Pasga van die

^v29:34 nougeset: Letterlik 'opreg van hart'.

*29:35 vet ... maaltydoffers: Lev 3:16

*29:35 drankoffers ... hoort: Num 15:5-10

^w30:1 Pasga: Die fees wanneer elke gesin in Israel 'n lam moes slag en dit moes eet saam met bitter kruie en ongesuurde brood. Hulle moes die fees vier op 14 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is, tydens die volmaannag in Maart-April; •Feeste.

*30:2 tweede maand: Num 9:10-11

^x30:3 hulleself geheilig: Dit verwys na rituele reinigingshandelinge; vgl Eks 19:10,15.

*30:3 nie genoeg ... het nie: 2 Kron 29:4

HERE, die God van Israel, te kom vier in Jerusalem; want hulle het dit voorheen nie as 'n menigte gevier soos dit voorgeskryf was nie.

⁶ Hardlopers^y het met die briewe van die koning en sy hoë amptenare deur die hele Israel en Juda* gegaan om op bevel van die koning te sê: “Israeliete, keer terug na die HERE, die God van Abraham, Isak en Israel,* sodat Hy kan terugkeer na dié wat oorgebly het, wat vir julle ontkom het uit die greep van die konings van Assirië. ⁷ Moenie soos julle voorouers en julle stamgenote wees wat ontrou was aan die HERE, die God van hulle voorouers nie, met die gevolg dat Hy hulle toe 'n verskrikking gemaak het, soos julle self sien. ⁸ Moet nou nie hardnekkig wees soos julle voorouers nie. Steek 'n hand uit^z na die HERE en kom na sy heiligdom wat Hy vir altyd geheilig het. Dien die HERE julle God, sodat sy gloeiende toorn van julle afgewend word.* ⁹ Want as julle terugkeer na die HERE, sal julle stamgenote en seuns welwillendheid ervaar by dié wat hulle weggevoer het,* sodat hulle na hierdie land kan terugkeer. Die HERE julle God is immers genadig en barmhartig;* Hy sal nie die gesig van julle wegdraai as julle na Hom terugkeer nie.”

¹⁰ *Die hardlopers het van dorp tot dorp die gebied van Efraim en Manasse deurkruis tot sover as Sebulon. Maar die mense het hulle telkens uitgelaag en met hulle die spot gedryf. ¹¹ *Tog het sommige uit

^y**30:6 Hardlopers:** Persone wat as 'n soort lyfwag opgetree het en beskikbaar was om opdragte van die koning onmiddellik uit te voer.

***30:6 Hardlopers ... Juda:** 2 Kron 30:1,10

***30:6 keer ... Israel:** Jer 4:1; Joël 2:12-13

^z**30:8 Steek ... uit:** Word ook vertaal “Onderwerp julle”.

***30:8 sy gloeiende ... word:** 2 Kron 29:10

***30:9 welwillendheid ... weggevoer het:** 1 Kon 8:50; Ps 106:46

***30:9 God ... barmhartig:** Eks 34:6; Dan 9:9

***30:10** 2 Kron 30:1,6

***30:11** 2 Kron 30:18,21,25; vgl 2 Kron 11:16

Aser, Manasse en Sebulon hulle verootmoedig en na Jerusalem gekom.

¹² Ook oor Juda was die hand van God om aan hulle 'n eensgesinde hart te gee, sodat hulle die bevel van die koning en die hoë amptenare uitgevoer het in ooreenstemming met die woord van die HERE.

¹³ Baie mense het in Jerusalem byeengekom om in die tweede maand die Fees van die Ongesuurde Brood^a te vier. Dit was 'n baie groot byeenkoms. ¹⁴ Hulle het gereedgemaak en die altare wat in Jerusalem was, verwyder. Hulle het ook al die wierookaltare verwyder* en dit in die Kidron dal gegooi.*

¹⁵ Hulle het die pasgalam geslag op die veertiende dag van die tweede maand. Die priesters en Leviete het hulle geskaam, hulleself geheilig* en die brandoffers nadergebring in die huis van die HERE. ¹⁶ Hulle het hulle plekke ingeneem soos vir hulle bepaal word deur die wet van Moses, die man van God.* Die priesters het telkens die bloed gesprinkel wat die Leviete aangee. ¹⁷ *Omdat daar baie in die byeenkoms was wat hulleself nie geheilig^b het nie, was die Leviete belas met die slag van die pasgallammers van almal wat nie gereinig was om dit aan die HERE te wy nie. ¹⁸ Ja, die grootste deel van die volk, baie uit Efraim, Manasse, Issaskar en Sebulon, het hulleself nie gereinig nie, maar tog die pasgalam geëet op 'n ander wyse as wat voorgeskryf was. Hiskia het

^a**30:13 Fees ... Brood:** 'n Fees wat begin het met die •Pasga en wat sewe dae lank aangehou het, van 14 tot 21 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is; vgl Eks 12:17; •Feeste.

***30:14 altare ... wierookaltare verwyder:** 2 Kon 18:4; 2 Kron 28:24

***30:14 in die ... gegooi:** Vgl 2 Kron 15:16; 29:16

***30:15 Die priesters ... geheilig:** 2 Kron 29:34

***30:16 Moses ... God:** Deut 3:1

***30:17 Joh 11:55**

^b**30:17 hulleself nie geheilig:** Dit verwys na rituele reinigingshandelinge; vgl Eks 19:10,15.

egter vir hulle gebid en gesê: “Mag die HERE wat goed is, versoening doen vir ¹⁹ elkeen wat sy hart daarop gerig het om God, die HERE, die God van sy voorouers, te soek, al voldoen hy nie aan die reinheidsvoorskrifte van die heiligdom nie.” ²⁰ Die HERE het Hiskia verhoor en die volk genees.

²¹ Die Israëliete wat in Jerusalem teenwoordig was, het die Fees van die Ongesuurde Brood sewe dae lank met groot vreugde gevier, * terwyl die Leviëte en die priesters elke dag die HERE prys met instrumente waarmee die mag van die HERE besing is.^c ²² Hiskia het al die Leviëte wat goeie begrip getoon het in hulle diens aan die HERE, bemoedigend toegesprek.

Die mense het in die feestyd van sewe dae die maaltydoffers wat gebring is, geëet, terwyl hulle belydenis doen^d voor die HERE, die God van hulle voorouers. ²³ Die hele geloofsgemeenskap het toe ooreengekom om nog sewe dae fees te vier.* Hulle het toe die sewe dae met vreugde gevier, ²⁴ want Hiskia, die koning van Juda, het aan die geloofsgemeenskap eenduisend bulle en seweduisend stuks kleinvee afgestaan, en die hoë amptenare het vir die geloofsgemeenskap 'n duisend bulle en tienduisend stuks kleinvee afgestaan. In groot getalle het priesters hulleself geheilig.* ²⁵ Die hele geloofsgemeenskap van Juda was verheug, ook die priesters en die Leviëte, en die hele geloofsgemeenskap wat uit Israel gekom het,* sowel as die

***30:21 Fees ... gevier:** Esra 6:22; vgl Eks 12:15; 13:6

^c**30:21 besing is:** Letterlik ‘instrumente van mag vir die HERE’. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.

^d**30:22 belydenis doen:** Kan ook vertaal word “dank betuig”.

***30:23 nog ... vier:** Vgl 1 Kon 8:65

***30:24 In ... geheilig:** 2 Kron 29:34; 30:3

***30:25 geloofsgemeenskap wat uit Israel gekom het:** 2 Kron 30:11,18

vreemdelinge^e wat uit die gebied van Israel gekom het en dié wat in Juda gewoon het. ²⁶ *Daar was groot vreugde in Jerusalem, want sedert die dae van Salomo, seun van Dawid, koning van Israel, het daar nie so iets in Jerusalem gebeur nie. ²⁷ Die priesters en Leviete het toe opgestaan en die volk geseën;* hulle stem is gehoor en hulle gebed het God se^f heilige woning, die hemel, bereik.

31

¹ *Toe dit alles verby was, het die hele Israel wat teenwoordig was, uitgegaan na die dorpe van Juda. Hulle het die gedenkstene^g stukkend gebreek, die asjeras^h afgekap, die offerhoogtesⁱ en die altare in die hele Juda en Benjamin, Efraim en Manasse, afgebreek totdat dit vernietig was. Daarna het al die Israeliete teruggekeer na hulle stede, elkeen na sy erfgrond.

Reëlins vir die tempeldiens

² *Hiskia het die priesters en die Leviete volgens hulle afdelings laat

^e**30:25 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyfreg by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

***30:26** 2 Kron 7:8-10

***30:27 die volk geseën:** Num 6:23-27

^f**30:27 God se:** Letterlik 'sy'.

***31:1** 2 Kon 18:4

^g**31:1 gedenkstene:** Regopstaande klippe wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning moes herdenk; vgl Gen 28:18.

^h**31:1 asjeras:** Voorwerpe wat in die Baälgodsdiens gedien het as simbool van die moedergodin Asjera; •Baäl.

ⁱ**31:1 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

***31:2** 1 Kron 9:19; 23:28-31

aantree, elke afdeling in ooreenstemming met sy dienswerk — die priesters en Leviëte, om by die brandoffers en maaltydoffers diens te doen, en om te loof en prys in die poorte van die HERE se kamp.^{j 3} *Die bydrae van die koning, uit sy eie besittings, vir die brandoffers was die volgende: die brandoffers in die oggend en die aand, die brandoffers op die Sabbatte, en tydens die nuwemaansfeeste en die vaste feestye, soos voorgeskryf in die wet van die HERE. ⁴ Hy het die volk, die inwoners van Jerusalem, aangesê om die deel wat die priesters en Leviëte toekom,* te gee, sodat hulle al hulle kragte kon wy aan die wet van die HERE.* ⁵ Soos die woord versprei het, het die Israeliete oorvloedig gegee van die eerste opbrengs van koring, nuwe wyn, olyfolie, heuning en alles wat die landerye opgelewer het. 'n Tiende van alles* het hulle in groot hoeveelhede ingebring. ⁶ *Die Israeliete en Judeërs wat in die dorpe van Juda gewoon het, ook hulle het die tiendes van beeste en kleinvee afgestaan. Die tiendes van die •heilige gawes wat aan die HERE hulle God gewy was, het hulle gebring en dit hoop vir hoop neergesit. ⁷ In die derde maand het hulle die hope begin pak, en in die sewende maand was hulle daarmee klaar. ⁸ Toe Hiskia en die hoë amptenare daar aankom en die hope sien, het hulle die HERE en sy volk Israel geprys. ⁹ Toe Hiskia die priesters en die Leviëte uitvra oor die hope, ¹⁰ het

^j**31:2 kamp:** Letterlik ‘kampplekke’. Dit lê 'n verband tussen die voorhowe van die tempel en die Leviëte se kampplekke rondom die •tabernakel in die woestyn. Die •Septuagint gebruik “voorhowe”.

***31:3** Num 28:3-10; vgl 1 Kron 19:3; 2 Kron 35:7

***31:4 deel ... toekom:** Num 18:8-24; Neh 13:10

***31:4 hulle al ... HERE:** 2 Kron 25:2-3; Mal 2:6-7

***31:5 'n Tiende van alles:** Gen 14:20; Lev 27:30; Num 8:21; Deut 14:22-29; Neh 12:44-47

***31:6** Neh 13:12

Asarja, die hoëpriester* uit die huis van Sadok,* met hom gepraat. Hy het vir hom gesê: “Vandat die wydingsgeskenke^k in die huis van die HERE begin inkom het, het ons geëet en versadig geword, en daar is nog baie oor. Omdat die HERE sy volk geseën het, het hierdie oorvloed oorgebly.”¹¹ Hiskia het toe opdrag gegee dat stoorkamers in die huis van die HERE ingerig moet word. Hulle het dit toe ingerig.

¹²Die mense het die wydingsgeskenke, die tiendes en die heilige gawes getrou ingebring. Daaroor het Kenanja,* die Leviet, toesig gehou,¹ en Simi, sy broer, was tweede in bevel. ¹³Jegiël, Asasja, Nagat, Asael, Jerimot, Josabad, Eliël, Jismakja, Magat en Benaja was toesighouers onder bevel van Kenanja en sy broer Simi, op aanwysing van koning Hiskia en Asarja, die leier^m in die huis van God. ¹⁴Kore, seun van Jimna, die Leviet, wat die poortwag was by die Oospoort,* het beheer gehad oor die vrywillige gawes aan God, om die wydingsgeskenke van die HERE en die besonder heilige gawesⁿ uit te deel. ¹⁵Hy is in die dorpe van die priesters getrou bygestaan deur Eden, Minjamin, Jesua, Semaja,

***31:10 Asarja, die hoëpriester:** 2 Kron 26:17,20; 31:13

***31:10 Sadok:** 2 Sam 8:17; 1 Kron 6:8,12; 24:6

^k**31:10 wydingsgeskenke:** Enige gawe wat aan die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte en voedsel. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

***31:12 Kenanja:** 1 Kron 15:22; 26:29; 2 Kron 35:9

¹**31:12 toesig gehou:** Letterlik ‘was die leier’; vgl voetnoot in 2 Kron 31:13.

^m**31:13 leier:** In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

***31:14 Oospoort:** Neh 3:29; Eseg 10:19

ⁿ**31:14 besonder heilige gawes:** 'n Deel van die offers wat die priesters kon gebruik, maar hulle kon dit nie huis toe neem nie en moes dit in die heilige gebied by die •tempel eet; vgl Num 18:9-10.

Amarja en Sekanja, om aan hulle stamgenote in hulle afdelings, groot en klein, hulle porsies^o te gee. ¹⁶ Naas die manlike persone van drie jaar en ouer op hulle geslagsregister, het dit almal ingesluit wat, volgens hulle afdelings, die huis van die HERE binnegegaan het ooreenkomstig die eise van elke dag vir hulle diens, met die verantwoordelikhede daaraan verbonde. ¹⁷ In die geval van die priesters het dit plaasgevind in ooreenstemming met die families op die geslagsregister, maar in die geval van die Leviëte van twintig jaar en ouer* in ooreenstemming met hulle verantwoordelikhede in hulle afdelings. ¹⁸ Hulle moes in die geslagsregisters opgeneem word met al hulle afhanklikes, hulle vroue, hulle seuns en hulle dogters, die hele geloofsgemeenskap, want deur die getrouheid van die Leviëte is hulle ook geheilig.^p

¹⁹ *Vir die nageslag van Aäron, die priesters, in die weigebiede van hulle dorpe, was daar in elke afsonderlike dorp manne wat by die naam aangewys is, wat die porsies moes gee aan elke manlike persoon onder die priesters, en aan elkeen wat geregistreer is onder die Leviëte.

²⁰ Op hierdie manier het Hiskia dit gereël deur die hele Juda. Hy het gedoen wat goed, reg en eerbaar was voor die HERE sy God.* ²¹ Elke taak wat hy aangepak het in verband met die diens in die huis van God en in verband met die wette en geboëie, was daarop gerig om sy God se wil te soek. Met sy hele hart het hy dit gedoen, en hy was suksesvol.

^o**31:15 hulle porsies:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***31:17 20 ... ouer:** 1 Kron 23:27

^p**31:18 want ... geheilig:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

***31:19** Lev 25:34

***31:20 Hy ... God:** 2 Kon 18:3; 2 Kron 29:2; vgl 2 Kon 20:3

Bedreiging van Jerusalem deur Sanherib

¹ *Ná hierdie maatreëls en bewyse van trou het Sanherib, die koning van Assirië, gekom, Juda binnegeval en die versterkte stede onder beleg geplaas, met die gedagte om hulle vir homself te verower. ² Toe Hiskia sien dat Sanherib kom en dat sy doel oorlog teen Jerusalem was, ³ het hy saam met sy hoë amptenare en sy krygshelde besluit om die waterfonteine wat buite die stad was, te bedek. Hulle het hom gehelp. ⁴ Baie mense het byeengekom en al die fonteine bedek, asook die stroom wat onder die grond vloei. Hulle het gesê: “Waarom moet die konings van Assirië kom en baie water vind?” ⁵ Hy was vasberade en het die hele muur waarin 'n bres was, * herbou en torings daarop aangebring, met 'n ekstra muur aan die buitekant. Hy het die terrasse^q in die Stad van Dawid* herstel, en baie wapens gemaak, ook kleinskilde. ⁶ Hy het militêre bevelvoerders oor die manskappe aangestel en hulle by hom op die plein van die stadspoort byeengebring. Hy het hulle bemoedig en gesê: ⁷ “*Wees vasberade en sterk. Moenie bang wees nie, en moet julle nie laat afskrik deur die koning van Assirië en die hele menigte saam met hom nie, want by ons is meer as by hom: ⁸ By hom is 'n menslike mag,* maar by ons is die HERE ons God om ons te help en ons oorlog te voer.” Die manskappe is bemoedig deur die woorde van Hiskia, koning van Juda.

*32:1-15 2 Kon 18:13,17-37; Jes 36:1-22

*32:5 muur ... bres was: 2 Kron 25:23

^q32:5 die terrasse: Letterlik ‘opvulling’. Dit verwys waarskynlik na die sisteem van terrasse aan die oostekant van die Stad van Dawid. Sommige vertalings gee dit weer as 'n pleknaam, “die Millo”.

*32:5 Stad van Dawid: 2 Sam 5:7,9; 1 Kon 2:10; 8:1; vgl 1 Kon 9:24

*32:7 Deut 31:6; 2 Kon 6:16; Heb 13:6; 1 Joh 4:4

*32:8 menslike mag: Jes 31:3; Jer 17:5

⁹ Hierna het Sanherib, koning van Assirië, terwyl hy self by Lagis was met sy volle strydmag by hom, sy amptenare na Jerusalem gestuur, na Hiskia, koning van Juda, en na die hele Juda wat in Jerusalem was,^r met die boodskap: ¹⁰ “So sê Sanherib, die koning van Assirië, ‘Waarop vertrou julle, dat julle 'n beleëring afwag in Jerusalem? ¹¹ Mislei Hiskia julle nie om julle maar net aan die dood deur honger en dors oor te gee as hy sê “Die HERE ons God sal ons red uit die greep van die koning van Assirië” nie? ¹² Is dit nie hy, Hiskia, wat God se offerhoogtes^s en altare verwyder het en vir Juda en Jerusalem gesê het “By net een altaar sal julle in aanbidding buig en daarop offers verbrand” nie? ¹³ Weet julle nie wat ek, ek en my voorvaders aan al die volke van lande gedoen het nie? Was die gode van die nasies van die lande enigsins in staat om hulle lande uit my hand te red? ¹⁴ Wie onder al die gode van daardie nasies, wat my voorvaders met die banvloek getref het, was daar wat in staat was om sy volk uit my hand te red, dat julle God in staat sou wees om julle uit my hand te red? ¹⁵ Moet dan nou nie dat Hiskia julle bedrieg en julle op hierdie manier mislei nie. Moet hom nie glo nie, want geen god van enige nasie of koninkryk kon sy volk red uit my hand, of uit die hand van my voorvaders nie. Hoeveel minder sal julle God julle uit my hand kan red?’ ”

¹⁶ Sanherib se amptenare het nog meer te sê gehad teen die HERE God, en teen sy dienskneg Hiskia. ¹⁷ *Sanherib het selfs briewe geskryf om die HERE, die God van Israel, uit te tart deur oor Hom te sê: “Net soos die gode van die nasies van die lande hulle mense nie uit my hand kon red

^r**32:9 hele ... was:** In oorlogstyd het die plattelandse bevolking in die ommuurde stede skuiling gesoek.

^s**32:12 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

***32:17** 2 Kon 19:14

nie, net so sal die God van Hiskia nie sy volk uit my hand red nie.”

¹⁸ Hulle het dit in Judees uitgeskreu* vir die manskappe van Jerusalem wat op die muur was, om hulle bang te maak en hulle te verskrik, sodat hulle die stad kon inneem. ¹⁹ Hulle het gepraat oor die God van Jerusalem soos oor die gode van die volke van die aarde, wat maar net 'n maaksel van mensehande is.

²⁰ *Koning Hiskia en die profeet Jesaja, seun van Amos,* het hieroor gebid en na die hemel om hulp geroep. ²¹ *Toe stuur die HERE 'n engel, en dié het elke dapper kryger, hooggeplaaste en bevelvoerder in die kamp van die koning van Assirië uitgewis. Hy het beskaamd na sy land teruggekeer. Toe hy in die huis van sy god kom, het sy eie seuns^t hom daar met die swaard neergevel.

²² Die HERE het Hiskia en die inwoners van Jerusalem verlos uit die hand van Sanherib, koning van Assirië, ja, uit almal se hand. Hy het vir hulle aan alle kante rus gegee. ²³ Baie mense het voortdurend vir die HERE dankoffers na Jerusalem gebring, ook kosbaarhede vir Hiskia, koning van Juda. Hy het ná hierdie gebeure hoë aansien geniet in die oë van al die nasies.

Hiskia se verdere lewe en dood

²⁴ *In daardie dae het Hiskia tot die dood toe siek geword. Toe hy tot die HERE gebid het, het Hy hom geantwoord en vir hom 'n teken gegee.*

***32:18 in ... uitgeskreu:** 2 Kon 18:28

***32:20** 2 Kon 19:15; Jes 37:15-20

***32:20 Jesaja ... Amos:** 2 Kon 19:2; Jes 1:1

***32:21** 2 Kon 19:35-37; Jes 37:36-38

^t**32:21 sy eie seuns:** Die Hebreuse idioom kan vertaal word as “hulle wat uit sy liggaam voortgekom het”.

***32:24** 2 Kon 20:1-2; Jes 38:1-2

***32:24 Toe ... gegee:** 2 Kon 20:8-11

²⁵ Omdat Hiskia se hart egter hoogmoedig geraak het, het hy nie in ooreenstemming met die weldaad teenoor hom gereageer nie.* Toe het 'n woede teen hom, teen Juda en teen Jerusalem losgebreek. ²⁶ Maar Hiskia het hom verootmoedig oor die hoogmoed van sy hart, hy en die inwoners van Jerusalem, sodat in die dae van Hiskia die woede van die HERE nie teen hulle voortgeduur het nie.

²⁷ Hiskia het baie groot rykdom en eer verwerf, en skatkamers vir silwer, goud, edelstene, speserye, kleinskilde en allerlei kosbaarhede vir hom opgerig, ²⁸ asook voorraadkamers vir die opbrengs van koring, nuwe wyn en olyfolie, en stalle vir elke soort grootvee, en stalle vir kleinvee. ²⁹ Hy het vir hom dorpe aangelê en 'n groot hoeveelheid kleinvee en beeste verkry — ja, God het vir hom besonder baie besittings gegee.

³⁰ *Dit was Hiskia wat die boonste uitloop van die water van die Gihon* bedek en dit ondergronds direk wes na die Stad van Dawid gelei het.^u Hiskia was suksesvol in alles wat hy aangepak het. ³¹ Dit was ook so met die gesante van die hoë amptenare^v van Babel, wat na hom gestuur is om ondersoek te doen na die teken* wat daar in die land was. God het hom verlaat om hom te toets, om te weet wat alles in sy hart aangaan.

³² *Die verdere geskiedenis van Hiskia en sy dade van trou, kyk, dit is

***32:25 Omdat ... gereageer nie:** Ps 116:12; vgl 2 Kron 26:16

***32:30** 2 Kon 20:20

***32:30 Gihon:** Vgl 1 Kon 1:33; 2 Kron 33:14

^u**32:30 boonste ... gelei het:** Die sogenaamde Siloamtonnel, waardeur die fonteinwater herlei is om net binne die mure van die stad beskikbaar te wees.

^v**32:31 hoë amptenare:** Dit dui die belangrikste verteenwoordigers van die koning aan.

***32:31 die teken:** 2 Kron 32:24

***32:32 — 33:9** 2 Kon 20:20 — 21:9

opgeteken in die openbaring van die profeet Jesaja,* seun van Amos, in die boekrol van die konings van Juda en Israel.^{w 33} Hiskia het by sy voorouers gaan rus, en hulle het hom begrawe teen die skuinste by die grafkelder van die nageslag van Dawid. Die hele Juda en die inwoners van Jerusalem het besondere eer aan hom bewys met sy dood. Sy seun Manasse* het in sy plek koning geword.

33

Manasse koning van Juda

¹ Manasse was twaalf jaar oud toe hy koning geword het. Hy het vyf-en-vyftig jaar lank as koning geheers in Jerusalem. ² Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE. In ooreenstemming met die afstootlike gebruike van die nasies wat die Here voor die Israeliete uit verdryf het, ³ * het hy het die offerhoogtes^x wat sy vader, Hiskia, afgebreek het,* weer opgebou. Hy het ook altare vir die Baäls^y opgerig, asjeras^z gemaak, voor al die hemelliggame in aanbidding gebuig en

***32:32 openbaring ... Jesaja:** Jes 36:1 — 39:8

^w**32:32 boekrol ... Israel:** Dit verwys nie na *1 en 2 Konings* nie, maar na naamlyste wat verlore is.

***32:33 Sy seun Manasse:** 2 Kon 20:21; 1 Kron 3:13; Matt 1:10

***33:3-6** Vgl Lev 18:21; 2 Kon 23:10; Jer 7:31-32; 19:2-6

^x**33:3 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

***33:3 wat ... afgebreek het:** 2 Kon 18:4; 2 Kron 31:1

^y**33:3 Baäls:** Baäl was 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat daar geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21. Die meervoud “Baäls” verwys na verskillende plaaslike uitbeeldings van die afgod.

^z**33:3 asjeras:** Voorwerpe wat in die Baälgodsdien gedien het as simbool van die moedergodin •Asjera; •Baäl.

hulle gedien. ⁴ *Hy het selfs altare in die huis van die HERE gebou, die plek waarvan die HERE gesê het: “In Jerusalem sal my Naam vir altyd wees.” ⁵ In die twee voorhowe* van die huis van die HERE het hy altare gebou vir al die hemelliggame. ⁶ Hy is die een wat sy seuns in die vuur geoffer^a het in die vallei van Ben-Hinnom, voortekens gelees het, wiggelary en towery beoefen het en dodebesweerders en waarsêers aangestel het. Hy het baie dinge gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE, om Hom uit te tart. ⁷ Hy het ook 'n gesnede beeld wat hy gemaak het, in die huis van God neergesit, die huis waarvan God vir Dawid en sy seun Salomo gesê het: “In hierdie huis en in Jerusalem, wat Ek uit al die stamme van Israel gekies het, vestig Ek my Naam vir altyd.* ⁸ Ek sal nie weer Israel se voet verwyder van die grond wat Ek aan julle voorouers toegewys het nie, maar slegs as hulle alles wat Ek hulle beveel het by monde van Moses — die hele wet, die vaste voorskrifte en bepalinge — nougeset uitvoer.”

⁹ Maar Manasse het Juda en die inwoners van Jerusalem laat afdwaal om selfs meer kwaad te doen as die nasies wat die HERE voor die Israeliete uitgedelg het. ¹⁰ Die HERE het Manasse en sy volk aangespreek,* maar hulle het nie geluister nie. ¹¹ Die HERE het toe die leëraanvoerders van die koning van Assirië teen hulle laat optrek. Hulle het Manasse gevange geneem met hake in sy neus,^b hom met bronsboei geboei, en hom na •Babel geneem.

***33:4** Jer 7:30

***33:5 twee voorhowe:** 1 Kon 6:36; 7:12; 2 Kon 23:12

^a**33:6 in ... geoffer:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “deur die vuur laat gaan”.

***33:7 In hierdie ... altyd:** 1 Kon 9:3

***33:10 Die ... aangespreek:** 2 Kon 21:11-15

^b**33:11 in sy neus:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

¹²Maar toe hy in die noute was, het hy die HERE sy God se guns gesoek, hom ernstig verootmoedig voor die God van sy voorouers ¹³ en tot Hom gebid. God is geraak deur sy pleitrede en het sy smeekbede verhoor. Hy het hom na Jerusalem, na sy koningskap, laat terugkeer. Manasse het toe erken dat die HERE God is.

¹⁴Daarna het hy die buitenste muur van die Dawidstad gebou, aan die westekant van Gihon* in die dal, tot by die Vispoort.* Hy het dit baie hoog gebou en die Ofel^c ingesluit. Hy het leëraanvoerders in al die versterkte stede van Juda aangestel. ¹⁵Hy het die vreemde gode en die afgodsbeeld uit die huis van die HERE verwyder, asook al die altare wat hy op die berg van die huis van die HERE en in Jerusalem gebou het. Hy het dit buite die stad weggegooi. ¹⁶Hy het die altaar van die HERE herstel en daar maaltydoffers en dankoffers geslag. Hy het Juda aangesê om die HERE, die God van Israel, te dien. ¹⁷*Die volk het egter nog steeds offers geslag op die offerhoogtes, maar net vir die HERE hulle God.

¹⁸*Die verdere geskiedenis van Manasse, sy gebed tot sy God en die woorde van die sieners* wat hom in die Naam van die HERE, die God van Israel, aangespreek het, kyk, dit staan in die Geskiedenis van die Konings van Israel. ¹⁹Sy gebed,* die verhoring van sy pleitrede, al sy sonde en ontrou, die plekke waar hy offerhoogtes gebou het en waar hy die asjeras en gesnede beelde opgerig het voor sy verootmoediging, kyk,

***33:14 Gihon:** Vgl 1 Kon 1:33; 2 Kron 32:30

***33:14 Vispoort:** Neh 3:3; 12:39; Sef 1:10

^c**33:14 Ofel:** Die naam van die gebied in Jerusalem waar die •tempel en paleiskompleks gebou was.

***33:17** 2 Kron 32:12

***33:18 — 34:31** 2 Kon 21:17 — 23:3

***33:18 sieners:** 1 Sam 9:9

***33:19 Sy gebed:** 2 Kron 33:12-13

dit is opgeteken in die Geskiedenis van Gosai. ²⁰ Manasse het by sy voorouers gaan rus, en hulle het hom by sy paleis begrawe. Sy seun Amon* het in sy plek koning geword.

Amon koning van Juda

²¹ Amon was twee-en-twintig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het twee jaar lank as koning geheers in Jerusalem. ²² Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE, soos sy vader Manasse* gedoen het. Vir al die gesnede beelde wat sy vader Manasse gemaak het, het Amon offers geslag en hulle gedien. ²³ Hy het hom nie verootmoedig voor die HERE soos sy vader Manasse hom verootmoedig het nie; inteendeel, hy, Amon, het die skuld meer gemaak. ²⁴ Sy amptenare het teen hom saamgesweer en hom in sy paleis doodgemaak. ²⁵ Toe het die burgers van die land almal neergevel wat teen koning Amon saamgesweer het. Die burgers van die land het sy seun Josia* in sy plek koning gemaak.

34

Josia koning van Juda

¹ Josia was agt jaar oud toe hy koning geword het,* en hy het een-en-dertig jaar lank as koning geheers in Jerusalem. ² Hy het gedoen wat reg is in die oë van die HERE. Hy het die paaie van sy voorvader Dawid gevolg en nie links of regs daarvan afgewyk nie.

³* In die agtste jaar van sy regering, toe hy nog jonk was, het hy begin om die God van sy voorvader Dawid te raadpleeg. In die twaalfde jaar

***33:20 Sy seun Amon:** 1 Kron 3:14; Matt 1:10

***33:22 sy vader Manasse:** 2 Kon 21:1-18; 2 Kron 33:1-20

***33:25 sy seun Josia:** 1 Kron 3:14; Matt 1:10

***34:1 Josia ... geword het:** 2 Kon 21:26

***34:3-7** 2 Kon 23:4-20

het hy begin om Juda en Jerusalem te reinig van die offerhoogtes,^d die asjeras^e en die gesnede en gegote beelde.^{f*} ⁴ Hulle het onder sy toesig die altare van die Baäls^g afgebreek en ook die reukofferaltare daarop^h afgekap. Hy het die asjeras en die gesnede en gegote beelde stukkend gebreek, dit fyn gestamp en oor die grafte gestrooi van dié wat vir hulle offers geslag het. ⁵ *En die beendere van die priesters, dié het hy op hulle altare verbrand. So het hy Juda en Jerusalem gereinig.

⁶ In al die dorpe van Manasse, Efraim en Simeon, en tot by Naftali, het hy oral hulle huise deursoek.ⁱ ⁷ Hy het die altare en die asjeras afgebreek, en die afgodsbeelde het hy verbrysel deur dit fyn te stamp.* Die wierookaltare het hy in die hele gebied van Israel fyngekap. Toe het hy teruggekeer na Jerusalem.

^d**34:3 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

^e**34:3 asjeras:** Voorwerpe wat in die Baälgodsdiens gedien het as simbool van die moedergodin •Asjera; •Baäl.

^f**34:3 gegote beelde:** Dit verwys ook na houtbeelde, oorgetrek met goud- of silwerfoelie.

***34:3 offerhoogtes ... beelde:** 2 Kron 33:3,17,22

^g**34:4 Baäls:** Baäl was 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat daar geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21. Die meervoud “Baäls” verwys na verskillende plaaslike uitbeeldings van die afgod.

^h**34:4 reukofferaltare daarop:** Die altare op die offerhoogtes was gewoonlik groot en sirkelvormig, met 'n deursnee van etlike meter. Bo-op hierdie platform het die reukofferaltare dan gestaan.

***34:5** 1 Kon 13:2

ⁱ**34:6 het ... deursoek:** Die •bronteks lui “op die berg van hulle huise rondom”. Die •Masorete het 'n korreksie in die kantlyn aangebring wat hier gedeeltelik gevolg word.

***34:7 afgodsbeelde ... stamp:** Vgl Deut 9:21

Opknapping van die tempel

⁸ In die agtiende jaar van sy regering het hy, terwyl hy besig was^j om die land en die •tempel te reinig, vir Safan, seun van Asalja, vir Maäseja, die stadsbestuurder, en vir Joag, seun van Joahas, die herout,^k gestuur om die huis van die HERE sy God te herstel. ⁹ Hulle het by Gilkija, die hoëpriester, gekom en die geld afgegee wat in die huis van God ingebring is — die geld wat die Leviëte, die deurwagters, ingesamel het by Manasse en Efraim, die hele res van Israel, die hele Juda en Benjamin en by die inwoners van Jerusalem. ¹⁰ Hulle het dit oorhandig aan die werksvoormanne wat aangestel was by die huis van die HERE. Hulle het dit dan vir die werksmense gegee wat in die huis van die HERE besig was om die gebou op te knap en te herstel. ¹¹ Hulle het dit vir die skrynwerkers en bouers gegee om gekapte klip en hout mee te koop vir die balkpenne,^l en om die vertrekke wat die konings van Juda verniel het, van balke te voorsien.

¹² Die manne was betroubaar in die uitvoering van hulle taak. Oor hulle is Jagat en Obadja, Leviëte uit die nageslag van Merari, en Sagaria en Mesullam, uit die nageslag van Kehat,^{*} aangestel om toesig te hou. Die Leviëte, elkeen 'n kundige met musiekinstrumente, ¹³ het ook beheer gehad oor die draers, en was toesighouers oor elke werker in elke soort werk. Sommige van die Leviëte was sekretarisse, regsbeamptes en

^j**34:8 terwyl ... was:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^k**34:8 herout:** Doen alle aankondigings namens die koning, en dien as skakelbeampte tussen koning en volk.

^l**34:11 balkpenne:** Letterlik 'verbinders'. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreëuse woord. Dit was waarskynlik penne waarmee balke aanmekaar verbind is, en is van yster of hout gemaak; vgl 1 Kron 22:3.

^{*}**34:12 Leviëte uit ... Kehat:** Gen 46:11

hekwagte.

Ontdekking van die boekrol met die wet

¹⁴ Terwyl hulle besig was om die geld na buite te neem wat in die huis van die HERE byeengebring is, het die priester Gilkija afgekom op 'n •boekrol met die Wet van die HERE by monde van Moses.* ¹⁵ Gilkija opper toe die saak, en sê vir Safan, die sekretaris: “Ek het sowaar op 'n boekrol van die wet in die huis van die HERE afgekom.” Daarop het Gilkija die boekrol vir Safan gegee. ¹⁶ Safan het die boekrol na die koning geneem. Hy het weereens aan die koning verslag gedoen: “Alles wat in die hande van u dienaars gelaat is, is hulle besig om uit te voer. ¹⁷ Hulle het die geld wat in die huis van die HERE gevind is,^m uitgeskud en dit oorhandig aan hulle wat aangestel is, en aan die werksmense.”

¹⁸ Toe lig Safan, die sekretaris, die koning in: “Gilkija, die priester, het 'n boekrol vir my gegee.” Safan lees toe daaruit vir die koning voor.

¹⁹ Toe die koning die woorde van die wet hoor, het hy sy klere geskeur. ²⁰ Die koning het Gilkija en ook Agikam,* seun van Safan, Abdon, seun van Miga, Safan, die sekretaris, en Asaja, die koning se dienaar, die volgende opdrag gegee: ²¹ “Gaan raadpleeg die HERE namens my en dié wat in Israel en Juda oorgebly het, oor die woorde van die boekrol wat gevind is, want die HERE se woede wat oor ons uitgestort is, is groot, omdat ons voorouers die woord van die HERE nie nagekom het, deur nie ooreenkomstig alles wat in hierdie boekrol geskryf is, op te tree nie.”

***34:14 boekrol ... Moses:** Deut 31:24-26

^m**34:17 geld ... gevind is:** Dit verwys na die geld in die kis langs die altaar; vgl 2 Kon 12:9.

***34:20 Agikam:** Jer 26:24

²² Gilkija en dié vir wie die koning opdrag gegee het,ⁿ gaan toe na Gulda die profetes, die vrou van Sallum, seun van Tokhat, seun van Gasra, die toesighouer oor die priesterklere. Sy het in Jerusalem, in die nuwe stadsdeel, gebly. Toe hulle volgens hulle opdrag met haar gepraat het, ²³ sê sy vir hulle: “So sê die HERE, die God van Israel, ‘Sê vir die man wat julle na my toe gestuur het: ²⁴ “So sê die HERE, ‘Kyk, Ek gaan onheil bring oor hierdie plek en sy inwoners — al die vervloekings wat geskryf staan op hierdie boekrol waaruit hulle vir die koning van Juda voorgelees het. ²⁵ Omdat hulle My verlaat en vir ander gode offers verbrand het, sodat hulle My uitgetart het met al hulle handewerk, sal my woede oor hierdie plek uitgestort word, sonder dat dit geblus word.’ ” ²⁶ En vir die koning van Juda wat julle gestuur het om die HERE te raadpleeg, vir hom moet julle so sê, “So sê die HERE, die God van Israel: ‘Wat die woorde betref wat jy gehoor het — ²⁷ omdat jou hart sag is, en jy jouself voor God verootmoedig het toe jy sy woorde oor hierdie plek en sy inwoners gehoor het, ja, omdat jy jouself voor My verootmoedig, jou klere geskeur en voor my gehuil het, sal Ek ook luister,’ is die uitspraak van die HERE. ²⁸ ‘ Kyk, Ek gaan jou met jou voorouers verenig; jy sal in vrede in jou familiegraf met hulle verenig word, en jou oë sal nie al die onheil aanskou wat Ek oor hierdie plek en sy inwoners gaan bring nie.’ ” ’ ”

Hulle het toe aan die koning verslag gedoen.

Hernuwing van die verbond

²⁹ Die koning het toe al die oudstes^o van Juda en Jerusalem byeen laat roep. ³⁰ Die koning het opgegaan na die huis van die HERE, en so ook al

ⁿ34:22 opdrag gegee het: Een Hebreeuse ms word hier gevolg. Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie.

^o34:29 oudstes: Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

die manne van Juda, die inwoners van Jerusalem, die priesters en die Leviete en die hele volk, van groot tot klein. Ten aanhore van hulle almal het hy al die woorde van die boekrol met die verbond wat in die huis van die HERE gevind is, voorgelees. ³¹ Die koning het op sy staanplek* gaan staan en voor die HERE die verbond gesluit. Hy het onderneem^p om die HERE te volg, om sy gebooie, sy bepalings en sy vaste voorskrifte met sy hele hart en sy hele wese na te kom deur die woorde van hierdie verbond wat in hierdie boekrol geskryf is, uit te voer. ³² Hy het almal wat hulle in Jerusalem en Benjamin bevind het, laat toetree tot die verbond.^q Die inwoners van Jerusalem het in ooreenstemming met die verbond van God, die God van hulle voorouers, opgetree. ³³ Josia het al die afstootlike dinge verwyder uit al die gebiede wat aan die Israeliete behoort het. Hy het almal wat hulle in Israel bevind het, daartoe oorgehaal om die HERE hulle God te dien. Solank hy geleef het, het hulle nie van die HERE, die God van hulle voorouers, afgewyk nie.

35

Viering van die Pasga

¹ * Josia het in Jerusalem die Pasga^r vir die HERE gevier. Hulle het die

***34:31 sy staanplek:** 2 Kon 11:14; 2 Kron 23:13

^p**34:31 Hy het onderneem:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^q**34:32 toetree ... verbond:** Dit verwys na die simboliese handeling by die sluiting van 'n verbond; vgl Eks 24:7-8; Deut 27:14-26.

***35:1** 2 Kon 23:21-23

^r**35:1 Pasga:** Die fees wanneer elke gesin in Israel 'n lam moes slag en dit moes eet saam met bitter kruie en ongesuurde brood. Hulle moes die fees vier op 14 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is, tydens die volmaannag in Maart-April; •Feeste.

pasgalammers op die veertiende van die eerste maand* geslag. ² Hy het die priesters vir hulle pligte laat aantree en hulle bemoedig vir die dienswerk in die huis van die HERE. ³ *Hy het vir die Leviete wat die hele Israel onderrig het en aan die HERE gewy was, gesê: “Plaas die heilige ark in die tempel wat Salomo, seun van Dawid, koning van Israel, gebou het. Dit moet nie meer vir julle 'n las op julle skouers wees nie. Dien nou die HERE julle God en sy volk Israel. ⁴ Hou julle in julle families en afdelings gereed, soos Dawid, koning van Israel, dit beskryf het* en volgens die geskrewe opdragte van sy seun Salomo.* ⁵ Staan julle nou, elke groep van die Levitiese families, volgens die indeling in families, in die heiligdom gereed vir julle volksgenote, die gewone mense. ⁶ Slag dan die pasgalammers. Heilig julleself^s en berei dit voor vir julle volksgenote deur dit te doen in ooreenstemming met die woord van die HERE by monde van Moses.”

⁷ Josia het aan die gewone mense skaap- en boklammers afgestaan, alles as Pasgaoffer vir almal wat daar teenwoordig was, 'n getal van dertigduisend, en dan ook nog drieduisend beeste. Dit was uit die private besit van die koning. ⁸ Sy hoë amptenare het vrywillig aan die volk, die priesters en die Leviete offerdiere afgestaan.* Gilkija,* Sagaria

***35:1 veertiende ... maand:** Eks 12:6; Esra 6:19

***35:3** Deut 33:10; 1 Kron 15:15; 23:25-26; 2 Kron 5:4-5; 15:3; 17:8-9; Mal 2:7

***35:4 soos ... beskryf het:** 1 Kron 24:1 — 26:32

***35:4 opdragte ... Salomo:** 2 Kron 8:14

^s**35:6 Heilig julleself:** Dit verwys na rituele reinigingshandelinge; vgl Eks 19:10,15.

***35:8 hoë ... afgestaan:** Vgl 1 Kron 29:6-9

***35:8 Gilkija:** 2 Kon 22:8; 2 Kron 34:14

en Jegiël, leiers^t in die huis van God, het vir die priesters as Pasgaoffer tweeduisend seshonderd gegee; en dan ook nog driehonderd beeste.^u

⁹ Kenanja en Semaja en Netanel, sy broers, en Gasabja, Jeiel en Josabad, voorgangers van die Leviete, het aan die Leviete vyfduisend as Pasgaoffer afgestaan, en dan ook nog vyfhonderd beeste.

¹⁰ Die dienswerk is toe gereël: Die priesters het op hulle plekke gaan staan.* Die Leviete was in hulle afdelings, volgens die opdrag van die koning,¹¹ en hulle het die pasgalammers geslag. Terwyl die Leviete slag, het die priesters die bloed wat hulle aangee, gesprinkel.¹² Hulle het dit wat as brandoffer moes dien, eenkant gesit om dit aan kleiner groepe in die families van die gewone mense te gee, sodat dit vir die HERE aangebied kon word, soos geskryf staan in die •boekrol van Moses. Met die beeste het hulle net so gemaak.¹³ Hulle het die pasgalammers volgens voorskrif oor die vuur gaargemaak,* maar die •heilige gawes het hulle in potte, kastrolle en skottels gaargemaak. Hulle het dit vinnig vir die gewone mense geneem.¹⁴ Daarna het die Leviete vir hulleself en vir die priesters die Pasga^v gereedgemaak. Omdat die priesters, die nageslag van Aäron, tot in die nag betrokke was by die verbranding van die brandoffers en vetstukke, het die Leviete vir hulleself en vir die priesters, die nageslag van Aäron, die Pasga gereedgemaak.¹⁵ Die

^t35:8 leiers: In Hebreeus *naghied*. Dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

^u35:8 Pasgaoffer ... beeste: Slegs skaap- en boklammers is as Pasgaoffer geslag. Die beeste was brand- en maaltydoffers.

*35:10 priesters ... staan: 2 Kron 30:16

*35:13 pasgalammers ... gaargemaak: Eks 12:8-9

^v35:14 Pasga: Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

sangers, die nageslag van Asaf, was op hulle plek, ooreenkomstig die opdrag van Dawid, Asaf, Heman en Jedutun, die siener van die koning.* En wat die poortwagte by elke poort betref,* dit was nie vir hulle nodig om van diens af te gaan nie, want hulle stamgenote, die Leviëte, het vir hulle die Pasga gereedgemaak.¹⁶ So is die hele dienswerk van die HERE op daardie dag gereël om die Pasga te vier en die brandoffers op die altaar van die HERE te verbrand ooreenkomstig die opdrag van die koning, Josia.

¹⁷ Die Israëliëte wat gedurende daardie tyd teenwoordig was, het die Pasga gevier en sewe dae lank die Fees van die Ongesuurde Brood.^w

¹⁸ *So 'n Pasga is nie in Israel gevier sedert die tyd van Samuel, die profeet, nie. Van al die konings van Israel het nie een dit gevier soos die Pasga wat Josia, die priesters, die Leviëte, die hele Juda en Israel wat daar teenwoordig was, en die inwoners van Jerusalem, gevier het nie.

¹⁹ Hierdie Pasga is in die agtiende jaar van Josia se koningskap gevier.

Josia se dood

²⁰ *Ná al hierdie gebeure waartydens Josia die tempel herstel het, het Neko, koning van Egipte, opgetrek om by Karkemis* aan die Eufraat^x oorlog te maak. Josia het uitgetrek om teen hom te staan te kom.

***35:15 sangers ... koning:** 1 Kron 25:1; 2 Kron 5:12

***35:15 poortwagte ... betref:** 1 Kron 9:17-18; 26:12-19

^w**35:17 Fees ... Brood:** 'n Fees wat begin het met die •Pasga en wat sewe dae lank aangehou het, van 14 tot 21 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is. In daardie sewe dae moes die Israëliëte brood eet wat nie suurdeeg in het nie; •Feeste.

***35:18-19** 2 Kon 23:22-23

***35:20,24** 2 Kon 23:29-30

***35:20 Karkemis:** Jes 10:9; Jer 46:2

^x**35:20 Eufraat:** In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

²¹ Neko het boodskappers na hom gestuur om te sê: “Wat het jy teen my,^y koning van Juda? Dit is nie teen jou wat ek vandag optrek nie, maar teen 'n koningshuis met wie ek in oorlog verkeer. Dit is God wat gesê het ek moet gou maak. Bly jy weg van God, wat met my is, dat Hy jou nie vernietig nie!”

²² Josia het egter nie van hom weggedraai nie, maar vir die geveg met hom het hy homself vermom. Hy het nie geluister na die woorde van Neko uit die mond van God nie. Hy het in die vlakte van Megiddo aangekom om te veg. ²³ Die boogskutters het die koning, Josia, geskiet. Die koning sê toe vir sy dienaars: “Kry my hier weg, want ek is swaar gewond!” ²⁴ Sy dienaars het hom van die strydwa afgehaal en hom op die tweede wa wat hy gehad het, vervoer. Hulle het hom na Jerusalem geneem. Hy het gesterf en is in die grafkelder van sy voorouers begrawe. Die hele Juda en Jerusalem het oor Josia getreur.* ²⁵ Jeremia het 'n treurlied oor Josia gedig. Al die sangers en sangeresse dra dit vandag nog voor in hulle treurliedere oor Josia. Dit het 'n instelling geword in Israel. Kyk, dit is opgeteken in die Treurliedere.

²⁶ Die verdere geskiedenis van Josia en sy daade van trou, volgens wat geskryf staan in die Wet van die HERE, ²⁷ sy vroeëre en latere geskiedenis, kyk, dit is opgeteken in die boekrol van die konings van Israel en Juda.^z

^y**35:21 Wat ... my:** Daar is onsekerheid oor die vertaling van hierdie Hebreeuse idioom. Word ook vertaal as “Wat het ek met jou te doen” of “Wat het ons met mekaar te doen”.

***35:24 Juda ... getreur:** Sag 12:11

^z**35:27 boekrol ... Juda:** Dit verwys nie na *1 en 2 Konings* nie, maar na naamlyste wat verlore is.

Joahas koning van Juda

¹ *Die burgers van die land het Joahas, seun van Josia, * geneem en hom in Jerusalem koning gemaak in die plek van sy vader. ² Joahas was drie-en-twintig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het drie maande lank as koning geheers in Jerusalem. ³ Die koning van Egipte* het hom in Jerusalem afgesit en die land 'n boete van honderd kikar^a silwer en een kikar goud opgelê. ⁴ Die koning van Egipte het toe Eljakim, sy broer, koning gemaak oor Juda en Jerusalem. Hy het sy naam verander na Jojakim. Neko* het sy broer Joahas weggevat en hom na Egipte geneem.*

Jojakim koning van Juda

⁵ Jojakim was vyf-en-twintig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het elf jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here sy God. ⁶ *Teen hom het Nebukadnesar, koning van Babel, opgetrek en hom met bronsboeie geboei om hom na Babel te neem. ⁷ Van die toebehore in die huis van die HERE is deur Nebukadnesar na Babel geneem. Hy het dit in sy paleis in Babel neergesit. ⁸ *Die verdere geskiedenis van Jojakim, sy afstootlike dinge wat hy gedoen het, en wat teen hom gevind is, kyk, dit is

***36:1-9** 2 Kon 23:30 — 24:9

***36:1 Josia:** 2 Kon 22:1-20; 23:1-30; 2 Kron 34:1-33; 35:1-27

***36:3 koning van Egipte:** 2 Kron 35:20

^a**36:3 100 kikar:** Ongeveer 3 420 kg; •Geldeenhede.

***36:4 Neko:** 2 Kron 35:20-22

***36:4 sy broer Joahas ... geneem:** Jer 22:10-11

***36:6-7** Dan 1:1

***36:8** 2 Kon 24:5-6

opgeteken in die boekrol van die konings van Israel en Juda.^b Sy seun Jojagin het in sy plek koning geword.

Jojagin koning van Juda

⁹* Jojagin was agttien^c jaar oud toe hy koning geword het, en hy het drie maande en tien dae lank as koning geheers in Jerusalem. Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE. ¹⁰**Teen die jaarwending^d het koning Nebukadnesar mense gestuur, en hy het hom na Babel laat neem, saam met kosbare voorwerpe uit die huis van die HERE. Hy het toe sy broer^e Sedekia koning gemaak oor Juda en Jerusalem.

Sedekia koning van Juda

¹¹ Sedekia was een-en-twintig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het elf jaar lank as koning geheers in Jerusalem. ¹² Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE sy God. Hy het hom nie verootmoedig voor Jeremia, die profeet,^{*} wat die mondstuk van die HERE was nie. ¹³*Selfs teen koning Nebukadnesar, wat hom by God 'n

^b**36:8 boekrol ... Juda:** Dit verwys nie na *1 en 2 Konings* nie, maar na naamlyste wat verlore is.

^{*}**36:9** 2 Kon 24:8-9

^c**36:9 agttien:** 'n Hebreeuse ms, sommige •Septuagint-mss en die •Peshitta word hier gevolg; vgl 2 Kon 24:8. Die •bronteks lui “agt”.

^{*}**36:10-12** 2 Kon 24:17-19; Jer 52:1-2

^{*}**36:10** Matt 1:11

^d**36:10 jaarwending:** Dit verwys na die begin van die lente. Die graanoeste was dan pas ingesamel en kosvoorrade was beskikbaar vir 'n groot leër.

^e**36:10 broer:** Vroeë vertalings lui “broer van sy vader”; vgl 2 Kon 24:17.

^{*}**36:12 Jeremia, die profeet:** Jer 21:1-7; 27:12 — 28:17; 32:1-5; 37:1-10; 38:14-28

^{*}**36:13** Eseg 17:13-16

eed laat aflê het, het hy in opstand gekom. Hy was hardnekkig en het sy hart verhard, en nie na die HERE, die God van Israel, terugkeer nie.

¹⁴ Ook al die voorgangers van die priesters en die volk het, in navolging van die afstootlike gebruike van die nasies, al hoe meer ontrou opgetree. Hulle het die huis van die HERE wat Hy in Jerusalem geheilig het, verontreinig.

¹⁵ *Die HERE, die God van hulle voorouers, het telkens weer aan hulle boodskappe gestuur by monde van sy boodskappers, want Hy het omgee vir sy volk en sy woonplek. ¹⁶ *Hulle het egter telkens die gek geskeer met die boodskappers van God en sy woorde versmaai, terwyl hulle met sy profete die spot gedryf het, totdat die HERE se woede teen sy volk opgelaa het, totdat geen herstel meer moontlik was nie.

¹⁷ God het die koning van die Galdeërs^f teen hulle laat optrek. Hy het hulle jong manne binne-in hulle heiligdom met die swaard doodgemaak. Hy het geen jong man of maagd, oumens of verswakte gespaar nie. Almal is in sy hand gegee.* ¹⁸ Al die toebehore in die huis van God, groot en klein, die skatte van die huis van die HERE en van die koning en sy hoë amptenare, alles het hy na Babel geneem. ¹⁹ **Hulle het die huis van God afgebrand, die muur van Jerusalem afgebreek, al die stad se vestings^g verbrand en so alle kosbare voorwerpe daarin

***36:15-16** Vgl Luk 20:10-12

***36:16** Vgl Matt 5:12; 23:34-36; Luk 6:23; Hand 7:52

^f**36:17 koning ... Galdeërs:** •Nebukadnesar. Die Galdeërs was 'n volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC. Nebukadnesar verower Jerusalem in 587/586 vC.

***36:17 Hy het hulle ... gegee:** Klaagl 5:11-14

***36:19-20** Jer 39:8-9

***36:19** Ps 74:6-7; 79:1

^g**36:19 vestings:** Versterkte paleise of woonplekke van konings en die hoëlui.

vernietig. ²⁰ *Hy het dié wat aan die swaard ontkom het, in ballingskap weggevoer na Babel, waar hulle slawe was vir hom en sy nageslag, totdat die koninkryk van Persië aan die bewind gekom het. ²¹ Dit het gebeur, sodat die woord van die HERE, aangekondig by monde van Jeremia,* vervul is. Totdat die land sy verlore Sabbatsjare^h ingehaal het, het dit gerus, die hele tyd wat dit onbewerk gelê het,* om die profesieⁱ van sewentig jaar te vervul.

Kores se oproep

²² *In die eerste regeringsjaar van Kores, koning van Persië, het die HERE die gees van Kores, koning van Persië, aangevuur. Dit het Hy gedoen om sy woord, aangekondig by monde van Jeremia, te vervul.* Hy het 'n oproep tot sy hele koninkryk gerig en dit selfs op skrif gestel:

²³ “So sê Kores, koning van Persië, ‘Al die koninkryke op aarde het die HERE, die God van die hemel, aan my gegee. Hy is die Een wat dit aan my opgedra het om vir Hom 'n huis te bou in Jerusalem wat in Juda is. Enigiemand onder julle uit enige deel van sy volk — die HERE sy God is met hom — laat hy optrek!’ ”

***36:20** Jer 27:7

***36:21 by ... Jeremia:** Jer 25:9,11-12; 29:10

^h**36:21 Sabbatsjare:** Volgens die Wet was elke sewende jaar 'n “sabbatsjaar”. Dit was 'n jaar van rus vir die grond en gewasse; vgl Lev 25:1-12.

***36:21 Totdat ... gelê het:** Lev 25:1-12; 26:43; Dan 9:2

ⁱ**36:21 profesie:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel; vgl Jer 25:11,12; 29:10.

***36:22-23** Esra 1:1-3

***36:22 woord ... vervul:** 2 Kron 36:1